# DIE PERSOONLIKHEIDSAMESTELLING

# VAN DIE BESKEIE LEERLING

# IN DIE SENIOR SEKONDêRE SKOOLFASE

deur

**ANNA CHRISTINA LESSING**

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir
die graad

**MAGISTER EDUCATIONIS**
(met spesialisering in Voorligting)

in die

**DEPARTEMENT EMPIRIESE OPVOEDKUNDE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

STUDIELEIER: **PROF. L J JACOBS**

MAART 1992

Lewe is om met ander saam te leef!
Leef saam met ander is om met dié te leef
met wie ek alles moet deel,
wie ek moet aanvaar,
wie ek geen pyn mag aandoen,
wie ek moet liefhê.

Sonder die ander is lewe, liefhê en gelukkig wees 'n skim!
Ons word deur ontelbare bande
met mekaar verbind.
Ek kom net tot ontplooiing,
danksy die ander.
Ek het die ander nodig ...
nie alleen omdat hulle soveel vir my doen nie
maar ook omdat ek soveel vir die ander kan beteken.

Ek het oë en ore
om die ander te ontdek,
voete om na hulle toe te gaan,
hande om te gee en te help
en 'n hart om lief te hê.

Ek mag geen eiland wees
in 'n see van mense nie!

(Phil Bosmans)

## DANKBETUIGING

Ek betuig graag aan die volgende persone my dank en waardering vir hulle bydraes tot die verhandeling en meegaande studie.

* Prof. L J Jacobs vir sy studieleiding en gepaardgaande raakhoor, raaksien en raakvoel.
* Prof. G Bester vir sy hulp en raad met die statistiese verwerkings.
* Prof. N Lessing vir taalversorging.
* Departementshoofde Opvoedkundige Leiding by die verskillende skole vir hulle behulpsaamheid.
* Leerlinge wat aan die empiriese ondersoek deelgeneem het.
* Ds. P A Venter, wat as instrument in die hand van die Hemelse Vader, deur sy Woordverkondiging voortdurend lig op my pad gegooi het.
* Nic, Izak, Annelie en Marthie wat elkeen op 'n besonderse manier aangemoedig en gehelp het.

A C LESSING
MAART 1992

UNISA
BIBLIOTEEK / LIBRARY
1992 -10- 0 J
Class
Klas 373.181019 LESS
Access
Aanwin
01443667

DIE PERSOONLIKHEIDSAMESTELLING VAN DIE BESKEIE LEERLING IN DIE SENIOR SEKONDêRE SKOOLFASE

DEUR: A C LESSING

GRAAD: MAGISTER EDUCATIONIS (Met spesialisering in VOORLIGTING)

DEPARTEMENT: EMPIRIESE OPVOEDKUNDE

STUDIELEIER: PROF. L J JACOBS

***

## OPSOMMING

Die studie handel oor die persoonlikheidsamestelling van die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase. Twee sienings van beskeidenheid blyk uit die literatuur, naamlik beskeidenheid as 'n deug en beskeidenheid as manifestasie van innerlike onsekerheid. Daar is in diepte gekyk na beskeidenheid as persoonlikheidseienskap en die invloed van beskeidenheid op die relasievorming en selfaktualisering van die kind.

Beskeidenheid gaan gepaard met persoonlikheidseienskappe soos terughoudendheid, beskroomdheid, geïnhibeerdheid, ontoereikende assertiwiteit en vry van aanmatiging en dit behels 'n onvermoë tot selfbevordering. Verder manifesteer sake soos sosiale angstigheid, openbare selfbewustheid, vrees vir sukses en swak selfevaluering ook in beskeidenheid. Die leerling se relasievorming en selfaktualisering word deur beskeidenheid gekortwiek.

Die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys is in 'n empiriese ondersoek op 'n aantal standerd 9-leerlinge afgeneem. Geen tipiese persoonlikheidsprofiel kon vir beskeidenheid saamgestel word nie. 'n Aantal persoonlikheidseienskappe wat met beskeidenheid verband kan hou, het egter in die ondersoek na vore gekom.

**THE PERSONALITY COMPOSITION OF THE MODEST SENIOR SECONDARY SCHOOL PUPIL**

BY: A C LESSING

DEGREE: MASTER OF EDUCATION (With specialization in GUIDANCE AND COUNSELLING)

DEPARTMENT: EMPIRICAL EDUCATION

SUPERVISOR: PROF. L J JACOBS

***

**SUMMARY**

This study concerns the personality composition of the modest pupil in the senior secondary school. Two views of modesty are discussed in the literature, namely that it is a virtue and that it is a sign of inner uncertainty. An in-depth study is made of modesty as a personality characteristic and its influence on the pupil's relationship formation and self-actualisation.

Modesty is associated with such personality characteristics as reserve, timidity, inhibition, unassertiveness and lack of arrogance. It implies an inability to promote oneself. Modesty is also a manifestation of social anxiety, self-conciousness, a fear of success and low self-evaluation. It handicaps the relationship formation and self-actualisation of pupils.

The High School Personality Questionnaire was administered to a group of Standard 9 pupils in an empirical study. No typical personality profile could be compiled for modest pupils. Several personality characteristics emerged from the study which may be associated with modesty.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

ORIëNTERING, PROBLEEMONTLEDING EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

1.1 INLEIDING 1

1.2 PROBLEEMONTLEDING 3

1.2.1 Bewuswording van die probleem 3

1.2.2 Verkenning van die probleem 6

1.2.2.1 Literatuurverkenning 6

1.2.2.1.1 Omskrywing van beskeidenheid 6

1.2.2.1.2 Verbandhoudende faktore tot beskeidenheid 7

1.2.2.2 Loodsondersoek 10

1.2.2.3 Gevolgtrekking uit die loodsondersoek 15

1.2.3 Probleemstelling 15

1.3 DOELSTELLING MET DIE NAVORSING 16

1.3.1 Algemene doelstelling 16

1.3.2 Spesifieke doelstelling 17

1.4 AFBAKENING VAN DIE TERREIN VAN ONDERSOEK 17

1.4.1 Algemene afbakening 17

1.4.2 Spesifieke afbakening 17

1.5 METODE VAN ONDERSOEK 18

1.6 BEGRIPSVERKLARING 18

1.6.1 Identiteit 18

1.6.2 Selfbevorderingsidentiteit 18

1.6.3 Selfkonsep 19

1.6.4 Selfaktualisering 19

1.6.5 Persoonlikheidsamestelling 19

1.6.6 Beskeidenheid 20

1.6.7 Trots 20
1.6.8 Verwaandheid 20
1.6.9 Leerling in die senior sekondêre skoolfase 21

1.7 PROGRAM VAN ONDERSOEK 21

1.8 SAMEVATTING 21

**HOOFSTUK 2**

**DIE AARD VAN PERSOONLIKHEID - 'N LITERATUURSTUDIE**

2.1 INLEIDING 23

2.2 OMSKRYWING VAN PERSOONLIKHEID 24

2.3 PERSOONLIKHEIDSAMESTELLING 28
2.3.1 Selfkonsep 29
2.3.2 Persoonlikheidseienskappe 35
2.3.3 Patrone in persoonlikheidsamestelling 38
2.3.4 Veranderinge in persoonlikheidsamestelling 39

2.4 DIE ONTWIKKELING VAN PERSOONLIKHEID 40
2.4.1 Babatyd 41
2.4.2 Kleutertyd 42
2.4.3 Kindertyd 43
2.4.4 Adolessensie 45

2.5 BEPALERS VAN PERSOONLIKHEID 48
2.5.1 Oorerwing 49
2.5.2 Omgewing 50
2.5.2.1 Vroeë ervarings 51
2.5.2.2 Latere ervarings 53
2.5.2.3 Ander belangrike faktore 53

2.6 DIE GOEDAANGEPASTE PERSOONLIKHEID 56

2.7 DIE PERSOONLIKHEID VAN DIE BESKEIE PERSOON AS FENOMEEN 59

2.7.1 Die persoonlikheidsamestelling van die beskeie persoon 59

2.7.2 Die rol van ontwikkelingstadia en ontwikkelingskrisisse in die persoonlikheidsamestelling van die beskeie persoon 62

2.7.3 Belangrike persoonlikheidsbepalers in die persoonlikheidsamestelling van die beskeie persoon 63

2.8 SAMEVATTING 63

**HOOFSTUK 3**

**DIE ROL VAN PERSOONLIKHEIDSAMESTELLING IN DIE LEEFWêRELD VAN DIE BESKEIE LEERLING IN DIE SENIOR SEKONDêRE SKOOLFASE**

3.1 INLEIDING 64

3.2 DIE VERBAND TUSSEN RELASIEVORMING, SELFAKTUALISERING EN PERSOONLIKHEIDSAMESTELLING BY DIE BESKEIE PERSOON 66

3.2.1 Relasievorming by die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase 66

3.2.2 Selfaktualisering by die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase 74

3.2.3 Die persoonlikheidsamestelling van die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase 76

3.2.3.1 Selfkonsep 76

3.2.3.2 Spesifieke persoonlikheidseienskappe tydens adolessensie 80

3.2.4 Die wisselwerking tussen persoonlikheidsamestelling, relasievorming en selfaktualisering van die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase 82

3.3 DIE ROL VAN SELFBEVORDERING AS PSIGIESE AKTIWITEIT IN DIE PERSOONLIKHEIDSAMESTELLING VAN DIE BESKEIE LEERLING IN DIE SENIOR SEKONDêRE SKOOLFASE 87

3.4 SAMEVATTING 96

**HOOFSTUK 4**

**NAVORSINGSONTWERP VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK**

4.1 INLEIDING 98

4.2 DIE DOEL EN NAVORSINGSPROBLEEM VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK 98

4.3 DIE HOëRSKOOL-PERSOONLIKHEIDSVRAELYS (HSPV) AS VERKENNINGSMEDIUM 99

4.3.1 Agtergrond, doel en eienskappe van die HSPV 99

4.3.2 Die betroubaarheid van die HSPV 100

4.3.3 Die geldigheid van die HSPV 101

4.3.4 Die interpretasie van die HSPV-tellings 102

4.3.4.1 Primêre faktore 102

4.3.4.2 Tweede orde-faktore 103

4.4 BESPREKING VAN DIE HIPOTESES 103

4.4.1 Persoonlikheidseienskappe wat eksplisiet op beskeidenheid dui 105

4.4.2 Persoonlikheidseienskappe wat implisiet op beskeidenheid dui 106

4.4.3 Hipotesestelling 110

4.5 DIE SELEKTERING VAN DIE PROEFPERSONE 111

4.6 DIE NAVORSINGSMETODE 112

4.7 DIE VERWERKING VAN DIE TOETSRESULTATE 112

4.8 SAMEVATTING 113

**HOOFSTUK 5**

**DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK**


5.1 INLEIDING 114

5.2 DIE TOETSING VAN HIPOTESES 1 EN 2 114

5.3 TOETSING VAN HIPOTESES 3, 4 EN 5 126

5.3.1 Flegmatisme (-D) as aanduiding van beskeidenheid 127

5.3.2 Onderdanigheid (-E) as aanduiding van beskeidenheid 130

5.3.3 Skugterheid (-H) as aanduiding van beskeidenheid 133

5.4 REGRESSIE-ANALISE 137

5.4.1 Regressie-analise ten opsigte van faktor D 138

5.4.2 Regressie-analise ten opsigte van faktor E 139

5.4.3 Regressie-analise ten opsigte van faktor H 140

5.4.4 'n Vergelyking van die regressie-analises ten opsigte van faktore D, E en H 141

5.5 OPSOMMING VAN STATISTIESE VERWERKINGS 142

5.5.1 Korrelasies 142

5.5.2 T-toetse 143

5.5.3 Regressie-analise 144

5.6 SAMEVATTING 144


**HOOFSTUK 6**

**SAMEVATTING EN SLOT**


6.1 INLEIDING 145

6.2 BEVINDINGS UIT DIE LITERATUUR 145

6.3 BEVINDINGS UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK 148

6.4 GEVOLGTREKKINGS VAN DIE STUDIE 150

6.5 DIE IMPLIKASIE VAN DIE STUDIE 151

6.6 ASPEKTE WAT VERDERE ONDERSOEK REGVERDIG 151

6.7 DIE LEEMTES VAN DIE STUDIE 152

6.8 TEN SLOTTE 152

**BRONNELYS** 153

**BYLAE A** 169

**LYS VAN FIGURE**

FIGUUR 1
POSITIEWE EIENSKAPPE VAN INDIVIDUELE GROEPSLEDE SOOS WAARGENEEM DEUR ANDER LEDE 11

FIGUUR 2
WERKSVELLE VIR DIE EVALUERING VAN 'N SELFBEVORDERINGSIDENTITEIT 12

FIGUUR 3
EVALUERING VAN 'N SELFBEVORDERINGSIDENTITEIT 14

FIGUUR 4
SAMEVATTING VAN LITERATUURSTUDIE OOR DIE FENOMEEN PERSOONLIKHEID 60

FIGUUR 5
SAMEVATTING VAN LITERATUURVERKENNING OOR BESKEIDENHEID 61

FIGUUR 6
RELASIEVORMING EN VERBANDHOUDENDE IDENTITEITSVERKRYGING VAN DIE KIND IN SY LEEFWêRELD 67

FIGUUR 7
DIE ROL VAN DIE EMPIRIESE KATEGORIEë IN DIE VORMING VAN DIE PERSOONLIKHEID 70

FIGUUR 8
DIE DINAMIEK VAN DIE INDIVIDU SE LEEFWêRELD 84

FIGUUR 9
DIE VERLOOP VAN DIE VESTIGING EN BEVORDERING VAN 'N IDENTITEIT 93

FIGUUR 10
DIE EVALUERING VAN DIE BEVORDERING VAN 'N IDENTITEIT TEN OPSIGTE VAN 'N POSITIEWE EIENSKAP 95

LYS VAN TABELLE

TABEL 1

BETROUBAARHEIDSKOëFFISIëNTE VIR VORM A 101

TABEL 2

GELDIGHEIDSKOëFFISIëNTE VIR DIE HSPV 102

TABEL 3

PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE WAT EKSPLISIET OP BESKEIDENHEID DUI 107

TABEL 4

PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE WAT IMPLISIET OP BESKEIDENHEID DUI 108

TABEL 5

SAMESTELLING VAN DIE GROEP PROEFPERSONE 112

TABEL 6

INTERKORRELASIEMATRIKS VIR HSPV-FAKTORE WAT EKSPLISIET OP BESKEIDENHEID AL DAN NIE KAN DUI 115

TABEL 7

OPSOMMING VAN INTERKORRELASIES TUSSEN HSPV-FAKTORE WAT EKSPLISIET OP BESKEIDENHEID AL DAN NIE KAN DUI 117

TABEL 8

INTERKORRELASIEMATRIKS VIR HSPV-FAKTORE WAT EKSPLISIET EN IMPLISIET OP BESKEIDENHEID AL DAN NIE KAN DUI 121

TABEL 9

OPSOMMING VAN INTERKORRELASIES TUSSEN HSPV-FAKTORE WAT EKSPLISIET SOWEL AS IMPLISIET OP BESKEIDENHEID AL DAN NIE KAN DUI 123

TABEL 10

VERSKILLE TUSSEN LEERLINGE MET 'N LAE EN 'N HOë TELLING IN FAKTOR D 128

TABEL 11

OPSOMMING VAN RELEVANTE DATA MET BETREKKING TOT DIE VERWERPING VAN DIE NULHIPOTESES 129

TABEL 12

VERSKILLE TUSSEN LEERLINGE MET 'N LAE EN 'N HOë TELLING IN FAKTOR E 132

TABEL 13

OPSOMMING VAN RELEVANTE DATA MET BETREKKING TOT DIE VERWERPING VAN DIE NULHIPOTESES 133

TABEL 14

VERSKILLE TUSSEN LEERLINGE MET 'N LAE EN 'N HOë TELLING IN FAKTOR H 135

TABEL 15

OPSOMMING VAN RELEVANTE DATA MET BETREKKING TOT DIE VERWERPING VAN DIE NULHIPOTESES 136

TABEL 16

REGRESSIE-ANALISE: FAKTOR D 138

TABEL 17

REGRESSIE-ANALISE: FAKTOR E 139

TABEL 18

REGRESSIE-ANALISE: FAKTOR H 141

TABEL 19

VERGELYKING VAN REGRESSIE-ANALISES VIR FAKTOR D, E EN H 142

# HOOFSTUK 1 ORIëNTERING, PROBLEEMONTLEDING EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

## 1.1 INLEIDING

Die mens is 'n sosiale en denkende wese, wat uit sy kontak met sy omgewing genot kan put. Die genot is gesetel in die tevredenheid wat die mens uit hierdie kontak ervaar en dit dra by tot die persoonlike geluk van die individu. Die gelukkige mens is die mens wat op bevredigende wyse kontak met sy omgewing maak; die persoon wat homself op optimale wyse aan sy omgewing gee, en ook op dié wyse die gawes van die omgewing ontvang.

Die mens as geestèlike wese staan as sodanig in 'n persoonlike leefwêreld omring van mense en dinge. As gevolg van sy sosiale aard kan geen mens ooit geïsoleerd in die wêreld staan nie, maar is in werklikheid die middelpunt van sy eie besondere leefwêreld. Om die middelpunt van 'n eie wêreld te wees impliseer wisselwerking tussen die self en die verskillende komponente van die leefwêreld wat uit objekte, idees, mense en die persoon self bestaan. Dié wisselwerking lei tot die stigting van verhoudings met die verskillende komponente, en die aard en kwaliteit van die verhoudings word beïnvloed deur die aard en kwaliteit van die wisselwerking. Kommunikasie is 'n belangrike hulpmiddel in dié verhoudingstigting en sluit kommunikasie met ander sowel as met die self in.

Die kind wat in skoolverband op 'n openhartige wyse met die onderwyser en ander leerlinge kontak maak, ontlok gewoonlik van hulle ook 'n openhartige optrede. Die aard van die verhouding wat deur dié wisselwerking tot stand kom, sal openhartig wees en die basis vir die verdieping van die besondere verhouding skep. Dit dra daartoe by dat die kind in sy omgewing gelukkig en goedaangepas is. Wanneer 'n kind egter stil en teruggetrokke is, ontstaan 'n ontoereikende verhouding met ander mense in die sosiale omgewing, omdat die teruggetrokke kind nie in staat is om homself aan ander mense te onthul nie. Die gevolg

is 'n onbevredigende sosiale verhouding wat selfaktualisering en persoonlike geluk nadelig beïnvloed.

Die verskillende relasies wat in die leefwêreld gestig word, staan nie in isolasie nie, maar is wederkerig beïnvloedend. Die skaam kind wat 'n ontoereikende sosiale verhouding met klasmaats gestig het, ervaar hierdie verhouding ook ongunstig ten opsigte van die self, met die gevolg dat daar ook 'n ontoereikende verhouding met die self gestig word. 'n Ongunstige houding teenoor die self vind egter ook neerslag in die kind se benadering tot take wat aan hom opgedra word. **Dit wil derhalwe voorkom of ontoereikende relasievorming in enige van die komponente in die leefwêreld 'n invloed op die relasievorming in die algemeen het.**

Die leerling in die senior sekondêre skoolfase staan in die tydperk van laatadolessensie. Dit is veral dié tydperk in die mens se lewe waarin hy enersyds besonder bewus word van die self, maar andersyds ook baie aandag aan die maatsgroep gee. Die bewustheid van die self is sodanig dat egosentrisme kenmerkend van adolessensie is, maar die jongmens is ook voortdurend op soek na groepsaanvaarding en -erkenning (Adams 1983:209). Die relasie met die self en die portuurgroep tree in die fase van die leerling se wording baie sterk na vore en beïnvloed talle ander verhoudings wat gestig word. Die aard van die verhouding wat met die portuurgroep in die sosiale wêreld gevorm word, is vir die jongmens baie belangrik en het daarom ook 'n groot invloed op die verhouding met die self.

Die leerling in die senior sekondêre skoolfase is die denker, die groot orator, en die persoon wat kritiseer en bevraagteken, maar ook die een wat verward raak, ontevrede is met die self en ander en wat leiding soek. Dit is die tydperk van groot onsekerheid en konflik in die jongmens se lewe, maar ook 'n tyd van belangrike persoonlike groei. In die deurmekaar wêreld word die opvoedeling deur opvoeders tot volwassenheid begelei en word sy wording gerig deur die interaksie met die dinge, idees, ander mense en die self in sy besondere leefwêreld. Die opvoeder het 'n taak om die jongmens tot 'n geestes-

gesonde persoon of selfaktualiseerder te begelei wat vreugde uit sy persoonlike verhoudings tot sy leefwêreld put.

Die opvoeder streef in die opvoedingshandeling daarna om die opvoedeling tot selfaktualisering te bring. Volgens Vrey (1979:14) is selfaktualisering die produk van doelgerigte bemoeienis van die opvoeder met die opvoedeling en nie "... die natuurlike verwerkliking van potensiële vermoëns deur die persoon in sy afgesonderdheid as individu nie". Dit impliseer dus 'n gemeenskaplike strewe deur opvoeder en opvoedeling tot die optimale verwesenliking van die opvoedeling se potensiaal en soms tot die doelbewuste ingrype, deur die opvoeder om hierdie ideaal te verwesenlik. Alhoewel nie die enigste verhouding nie, bestaan daar in die opvoedeling se leefwêreld 'n kenmerkende opvoedeling-opvoeder-relasie wat op 'n besondere verantwoordelikheid van die opvoeder teenoor die opvoedeling dui.

Die opvoeder het in sy bemoeienis met die kind 'n besondere verantwoordelikheid teenoor hom omdat hy in die posisie van begeleier is. Deur doelgerigte waarneming kan die sensitiewe opvoeder leemtes in die opvoedeling se relasies met sy leefwêreld waarneem en hom behulpsaam wees met die nodige aanpassing. Die opvoedeling kan bygestaan word om 'n realistiese siening oor homself, sy behoeftes en sy leefwêreld te verkry, sodat hy optimale geluk kan beleef en sodoende tot die gemeenskaplike einddoel van selfaktualisering kan kom.

## 1.2 PROBLEEMONTLEDING

In die probleemontleding word gelet op die bewuswording van die probleem. Die probleem word verken en aan die hand daarvan word tot 'n probleemstelling gekom.

### 1.2.1 Bewuswording van die probleem

Teoreties gesproke behoort die persoon wat toereikende relasies in sy leefwêreld gevorm het, as goedaangepaste persoon, weinig probleme te ervaar in die alledaagse omgang met mense. Die teendeel van die stel-

ling sou impliseer dat die persoon wat deur teruggetrokkenheid of beskeidenheid in sy optrede geïnhibeerd is moontlik ontoereikende relasies gevorm het. Sodanige ontoereikenheid kan wees ten opsigte van die relasie met voorwerpe, idees, mense of die self en is nie noodwendig ooglopend nie.

Tydens die praktiese opleiding van die B.Ed.-Skoolvoorligtingstudente (1989/1990) aan Unisa is waargeneem dat dié besondere groep studente nie spontaan opgetree het nie. Daar was 'n gees van ingetoëndheid, terughoudendheid, beskeidenheid en byna neutraliteit by die studente teenwoordig.

Die interaksie van die studente met die dosente het mank gegaan aan spontaneïteit en studente het in die algemeen geïnhibeerd opgetree. Die ingetoënheid is deur dosente beleef as dooierigheid en gebrekkige belangstelling. Die studente was oor die algemeen onwillig om aan te bied om aan aktiwiteite deel te neem en veral om eerste deel te neem. Namate die ys gebreek is, het deelname uitgebrei en toereikend plaasgevind. Dit het voorgekom of studente sosiaal geïnhibeerd en beskeie was en nie bereid was om hulle talente en kennis met medestudente en dosente te deel nie. Die kommunikasie was in 'n mate geforseerd en geïnhibeerd en tekens van moontlike ontoereikende relasievorming en selfaktualisering het na vore gekom.

Die verskynsel van geïnhibeerdheid het die navorser geïnteresseer en het gelei tot die belangstelling in die moontlike oorsaak van sodanige geïnhibeerde optrede. Die verskynsel dat sommige mense besonder stil en geïnhibeerd voorkom is ook by leerlinge in die senior sekondêre skoolfase opgemerk. Dit is die gebruik by 'n plaaslike hoërskool om 'n liggaamsopvoedingsverslag oor die leerlinge aan die ouers te stuur. Die verslag handel oor verskillende komponente van ontwikkeling van die leerling, waar onder <u>algemene optrede in die klaskamer</u>. Dit is opgemerk dat daar by verskeie leerlinge die opmerking: *besonder stil en teruggetrokke* gemaak is.

Op grond van die opmerking *stil en teruggetrokke* is ses dogters uit 'n besondere klas vir groepsterapie geselekteer. Tydens groepsterapie

met die ses teruggetrokkke leerlinge in die senior sekondêre skoolfase, is hulle versoek om elkeen afsonderlik 'n lys van hulle goeie, sowel as hulle swak hoedanighede saam te stel. Vyf van die ses leerlinge het probleme ervaar met die taak ten opsigte van positiewe eienskappe, terwyl al ses weinig moeite gehad het om negatiewe eienskappe neer te pen. Die waarneming laat die vraag ontstaan **waarom leerlinge bereid is om ongunstige inligting oor die self te verskaf, maar geïnhibeerd is om hulleself gunstig te waardeer.**

Die bewuswording dat mense nie maklik gunstige inligting oor hulleself verskaf nie en selfs positiewe hoedanighede onder bepaalde omstandighede inhibeer, is ook in die algemene omgang met mense onder die loep geneem. Verskeie individue in die sosiale en werksomgewing is versoek om iets positiefs oor hulle self te vermeld. Daar is bevind dat heelwat mense verleë raak as gevolg van die versoek om openlik iets positiefs oor hulleself te vertel en duidelik nie in staat is om aan die versoek te voldoen nie.

Uit die gesprekke het egter ook geblyk dat individue in die algemeen van hulle goeie eienskappe bewus was. Sommige mense het weinig probleme ervaar om persoonlike goeie eienskappe aan ander mee te deel, terwyl andere met moeite oor hulleself praat. Verder het dit ook na vore gekom dat die swygsame persoon dikwels van die geïnhibeerdheid en beskeidenheid bewus was. Redes wat vir die verswyging van vermoëns aangedui is, is onder andere 'n onwilligheid om as verwaand bestempel te word en in sommige gevalle selfs dat beskeidenheid 'n deug is.

Deur waarneming van die verskynsel van geïnhibeerdheid, in die alledaagse omgang met mense, is tot die gevolgtrekking gekom dat mense in wisselende mate bereid is tot 'n onthulling van persoonlike goeie hoedanighede. **Verder lyk dit asof daar by sommige mense 'n onvermoë tot selfbevordering (selfenhancement) bestaan, omdat hulle nie openlik aan hulleself erkenning vir prestasies wil of kan gee nie. Hierdie onvermoë word in beskeidenheid gemanifesteer.**

Hierdie verskynsel kan nie bloot afgemaak word as 'n valse beskeidenheid nie, maar die implikasie van dié terughoudendheid moet onder oë

geneem word. Indien mense geïnhibeerd of beskeie voel, tree hulle nie spontaan op nie. Die deugde waaroor hulle beskik word nie maklik aan ander mense bekend nie en hulle vaardighede kan gevolglik nie na waarde geag word nie. Die gevolg van die beskeidenheid is dat die mens se talente nie optimaal benut word nie en die mens nie tot toereikende selfaktualisering kom nie.

Op skoolvlak impliseer dit dat die beskeie leerling wat onwillig of geïnhibeerd is en nie in staat is om persoonlike deugde openlik te erken nie, besig is om sy lamp onder 'n maatemmer te versteek. Dit wil voorkom of die kind 'n onbevredigende relasie met die self ervaar wat 'n negatiewe invloed op relasies met die mense in die sosiale omgewing het. As gevolg van die persoonlike miskenning tree die leerling nie spontaan op nie. Die kind word in die klassituasie as stil en op sy plek beskou en as gevolg daarvan word gepaste begeleiding deur die opvoeder ontbeer en word die leerling in sy selfaktualisering gerem.

### 1.2.2 **Verkenning van die probleem**

Die bewuswording dat sommige mense probleme ervaar om openlik erkenning aan persoonlike goeie hoedanighede te gee, en gevolglik nie tot selfbevordering in staat is nie, noop 'n verkenning van die fenomeen. Die verkenning is noodsaaklik omdat sodanige ontkenning of inhibering wat in beskeidenheid manifesteer die doel van die opvoeding, naamlik selfaktualisering rem.

Die ondersoek na die fenomeen beskeidenheid is op tweërlei wyse benader, naamlik deur 'n literatuurverkenning sowel as deur 'n loodsondersoek.

#### 1.2.2.1 Literatuurverkenning

##### 1.2.2.1.1 Omskrywing van beskeidenheid

Beperkte literatuurverwysing is oor die aard van beskeidenheid opgespoor. Woordeboekdefinisies van beskeidenheid dui op vryheid van

aanmatiging of veeleisendheid wat in ingetoëndheid, terughoudendheid en beskroomdheid manifesteer. Beskeidenheid kom daarop neer dat die persoon nie op homself roem nie (HAT 1984:83; Verklarende Afrikaanse Woordeboek 1977:88, 1068; kyk 1.1.6). Daar bestaan by dié persoon 'n onvermoë tot selfbevordering omdat hy nie op die self roem nie.

1.2.2.1.2 Verbandhoudende faktore tot beskeidenheid

Weinig spesifieke navorsing oor beskeidenheid as sodanig word in die literatuur beskryf. Daar word egter wel verwys na enkele faktore wat beskeidenheid tot gevolg het.

Die bespreking van faktore wat met beskeidenheid verband hou, word in twee kategorieë gedoen, naamlik eksplisiete en implisiete verbandhoudende faktore. Die rede hiervoor is dat daar weinig direkte verwysings na beskeidenheid in die literatuur voorkom en dit lei noodwendig tot die maak van afleidings oor beskeidenheid uit verbandhoudende sake wat in die literatuur beskryf word.

Enkele skrywers waar onder Hurlock (1975) en Sears, Maccoby & Levin (Rosenfeld, Siegel-Gorelick, Haavik, Duryea, Wenegrat, Martin & Bailey 1984) bring seksuele ontwikkeling en beskeidenheid eksplisiet met mekaar in verband. Hurlock (1975:161) meld dat die liggaamsveranderinge wat tydens adolessensie plaasvind, dikwels oormatige beskeidenheid by die kind veroorsaak as gevolg van die vrees dat ander die liggaamsveranderinge sal opmerk en ongunstige opmerkings daaroor sal maak. Die gevolg hiervan is dat die leerling terugtrek en geïnhibeerd raak om sodoende so min as moontlik aandag te trek.

Sears, Maccoby & Levin (Rosenfeld et al. 1984:352) is van mening dat beskeidenheid 'n aangeleerde eienskap is. Volgens hulle hou dit verband met die onderrig deur die ouers ten opsigte van sosiaal aanvaarbare optrede in seksueel-verwante gedrag. Deur navorsing word 'n verband getoon tussen beskeidenheid en die eise wat deur ouers vir welvoeglike gedrag gestel word. Die kind se gedrag is derhalwe voortdurend onderworpe aan ouerlike evaluering met die doel om gedrag te verander om by sosiale verwagtings aan te pas.

Die liggaamlike beskeidenheid (byvoorbeeld met betrekking tot naaktheid) wat deur ouers op hulle kinders oorgedra word, word deur die kind self tot 'n psigiese beskeidenheid veralgemeen. Die kind ontwikkel derhalwe 'n psigiese terughoudendheid (beskeidenheid) wat soos volg manifesteer:

* denke en gevoel as persoonlike saak word slegs gekommunikeer aan wie die persoon wil;
* interpersoonlike afstand tussen mense word bewaar;
* 'n hoë premie word op persoonlike privaatheid geplaas (Rosenfeld et al. 1984:352).

McKinney (1960:94) maak melding van beskeidenheid as deel van 'n gedragsindroom wat voorkom by kinders van dominante moeders. Die beskeidenheid gaan gepaard met eienskappe soos gehoorsaamheid, hoflikheid, versigtigheid en opmerksaamheid. Cotler & Guerra (1980:28) is van mening dat beskeidenheid verband hou met 'n mite ten opsigte van selfroem en -erkenning, naamlik dat dit 'n deug is om beskeie te wees.

Die beskeie persoon ervaar probleme om erkenning aan homself te gee, sowel as om 'n kompliment van 'n ander te ontvang, sonder om dit te negeer of te ontken. Dit gaan dikwels gepaard met 'n hoë mate van selfkritiek, 'n swak selfbeeld en 'n mate van depressie (Cotler & Guerra, 1980:28)

Die literatuurstudie oor beskeidenheid lei tot die gevolgtrekking dat daar weinig navorsing in die verband gedoen is. Faktore wat volgens die navorsing met beskeidenheid verband hou, het betrekking op die seksualiteit van die kind, oormatige ouerlike kritiek oor die kind se gedrag, 'n dominante moederfiguur en die siening dat beskeidenheid 'n deug is.

Ontoereikende literatuur oor beskeidenheid as fenomeen noop die navorser om afleidings oor beskeidenheid uit die literatuur te maak. Volgens die definisie van beskeidenheid (kyk 1.2.2.1.1) kom gedragsmanifestasies van **terughoudendheid** en **beskroomdheid** in die optrede van die

mens na vore. Verder verwys Briggs (1988:290) in 'n navorsingsartikel na **sosiale beskroomdheid** wat moontlik 'n raakpunt met beskeidenheid het. Volgens hom ervaar die meeste mense 'n mate van beskroomdheid by formele geleenthede en teenoor vreemdelinge sowel as teenoor mense van aansien. Die afleiding kan dus gemaak word dat terughoudendheid en beskroomdheid op <u>implisiete</u> wyse met beskeidenheid verband hou.

Uit die literatuur blyk terughoudendheid en beskroomdheid ook manifestasies van sosiale angstigheid te wees (Cheek & Busch 1981:573; Cheek & Buss 1981:330; Elliott 1984:292; Fehr & Stamps 1979:481). Sosiale angstigheid is die bekommernis oor die reaksies van ander en hou verband met die vermoë van die individu om kritiek te verwerk. Sosiale angs is die resultaat van 'n lae selfagting en lei tot die verwagting van sosiale verwerping, spot en miskenning. Sosiale angs gaan gepaard met 'n gebrek aan selfvertroue en oormatige selfbewustheid en toon 'n positiewe korrelasie met introversie en skuldgevoelens (Edelmann & McCusker 1986:133, 139; Elliott 1984:292; Fehr & Stamps 1979:482; Gurney 1987:130; Stone 1986:371). By <u>implikasie</u> bestaan die moontlikheid dus dat beskeidenheid met **sosiale angstigheid** verband kan hou.

Sosiale angstigheid gaan gepaard met **openbare selfbewustheid** wat gekenmerk word deur 'n algemene bekommernis oor die self en persoonlike gedrag as stimulus vir die optrede van ander mense. Sommige mense is oormatig bewus van die gevolge van hulle gedrag op die gedrag van ander mense en gevolglik pas hulle hulle gedrag dienooreenkomstig aan. Daar bestaan dus by implikasie 'n groot mate van **konformering** of moontlike **groepafhanklikheid.** Benewens sosiale angstigheid sluit openbare selfbewustheid ook aspekte soos **skaamte, bedeesdheid, verleentheid** en **verhoogangs in.** Sosiale angs kan ook die gevolg wees van **te hoë eise wat aan die self** gestel word (Cheek & Busch 1981:575; Dawley & Wenrich 1976:13; Edelmann & McCusker 1986:133; Elliott 1984:288; Gurney 1987:130; Lewinsky 1941:106; Pilkonis 1977:596).

Hollinger & Fleming (1984:135) wys op enkele innerlike faktore wat selfaktualisering kortwiek en by <u>implikasie</u> dus 'n verband met beskeidenheid kan hê. Sommige leerlinge maak die **keuse om swak** te **presteer,** byvoorbeeld in die geval van 'n dogter wat goeie prestasie op 'n

stereotipe manlike gebied soos ingenieurswese kan lewer en dan verkies om swak te presteer. Ook Eder (1985:163) maak melding daarvan dat dogters goeie prestasie vermy omdat hulle nie bo die groep wil uitstaan nie. Ontoereikende assertiwiteit belemmer prestasievermoë omdat die kind nie sy vaardighede en vermoëns ten toon kan stel nie (Fensterheim & Baer 1975:5; onvermoë tot selfbevordering; kyk 1.2.1). Vrees vir sukses en die eise wat as gevolg van sukses gestel word en 'n swak selfpersepsie van sosiale bekwaamheid en sosiale selfagting lei ook tot inhibering van vermoëns.

By implikasie blyk dus dat daar verskeie faktore is wat met beskeidenheid verband kan hou, naamlik sosiale angstigheid, lae selfagting, gebrek aan selfvertroue, oormatige selfbewustheid, introversie, konformering of moontlike groepafhanklikheid, skaamte, bedeesdheid, verleentheid, verhoogangs, die onvermoë om kritiek te verwerk, te hoë eise wat aan die self gestel word, die keuse om swak te presteer, ontoereikende assertiwiteit, vrees vir sukses en swak selfpersepsie van sosiale bekwaamheid en sosiale selfagting.

Aangesien beperkte navorsing oor die fenomeen beskeidenheid opgespoor is, is die bestaan van die vraagstuk verder deur 'n loodsondersoek geverifieer.

1.2.2.2 Loodsondersoek

Die bestaan van die fenomeen beskeidenheid of onvermoë tot selfbevordering is deur middel van 'n loodsondersoek in die praktyk getoets. Vir die doel is 'n groep van ses persone wat baie nou saamgewerk het, gebruik. Die ses persone was deel van die B.Ed.-Skoolvoorligtingstudente (Unisa) van 1989. 'n Groepwerksessie is met die studente gedoen met die doel om hulle te begelei tot die evaluering van hulle selfbevorderingsidenteit, met ander woorde hulle vermoë om openlik erkenning te gee aan hulle eie positiewe hoedanighede.

In die eerste fase, na ongeveer ses maande van studie, is elke persoon versoek om soveel moontlik positiewe eienskappe respektiewelik vir elk van die res van die groep neer te skryf. Die doel van die

aktiwiteit was onder andere om te bepaal of die individue wel op 'n gunstige wyse deur die groep ervaar is en om as kontrole vir die ondersoek te dien. Die gegewens wat op die wyse verkry is, is in FIGUUR 1 geïntegreer.

**FIGUUR 1**
**POSITIEWE EIENSKAPPE VAN INDIVIDUELE GROEPSLEDE SOOS WAARGENEEM DEUR ANDER LEDE** (E)*

| | | | |
|---|---|---|---|
| Proefpersoon 1 | saggeaard | geduldig | bestendig |
| Proefpersoon 2 | sensitief | meelewend | goeie onderhoud-voerder |
| Proefpersoon 3 | saggeaard | kalm | beslis |
| Proefpersoon 4 | saggeaard | mooi | hulpvaardig |
| Proefpersoon 5 | vriendelik | leier | ordelik |
| Proefpersoon 6 | vriendelik | meelewend | sosiaal |

* Die letter E word aangebring met die oog op verwysing in die vraelys wat later volg.

In die tweede fase is die proefpersone versoek om die werksvelle 1 en 2, soos in FIGUUR 2 weergegee, te voltooi. Die inligting soos saamgestel in FIGUUR 1 is respektiewelik aan die proefpersone verskaf om hulle in staat te stel om Werksvel 3 (FIGUUR 2) te voltooi.

Na voltooing van Werksvel 1 en 2 is 'n groepsbespreking gehou oor die aard van positiewe en negatiewe eienskappe, die invloed van die eienskappe op die ontwikkeling van die individu en die vorming van relasies. Verder is gelet op die persoonlike vermoë van die mens om sy talente te erken en tot voordeel van die gemeenskap aan te wend. Aandag is ook gegee aan die voor- en nadele van inhibering en ont-

**FIGUUR 2**

**WERKSVELLE VIR DIE EVALUERING VAN 'N SELFBEVORDERINGSIDENTITEIT**

**Werksvel 1**

Skryf soveel eienskappe/hoedanighede as moontlik van jouself neer. Daar is negentig sekondes tot jou beskikking.

| Goeie eienskappe (A) | Swak eienskappe (B) |
|---|---|
| ____________________ | ____________________ |
| ____________________ | ____________________ |
| ____________________ | ____________________ |
| ____________________ | ____________________ |

**Werksvel 2**

Gebruik die eienskappe op werksvel 1 en skryf die DRIE mees uitstaande persoonlike positiewe eienskappe hieronder neer. Stip verder die DRIE eienskappe/hoedanighede in jou, wat jy dink deur die groep waardeer word, neer.

| **Positiewe eienskappe** soos deur SELF gesien (C) | **Positiewe eienskappe** soos deur GROEP gesien (D) |
|---|---|
| ________________ | ________________ |
| ________________ | ________________ |
| ________________ | ________________ |
| ________________ | ________________ |

**Werksvel 3**

Beantwoord die volgende vrae deur die toepaslike waarde te omkring. Die waardes is :

baie maklik (3); maklik (2); moeilik (1); onmoontlik (0).

**Afdeling A**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | In watter mate kon jy jou goeie eienskappe neerpen? | 3 | 2 | 1 | 0 |
| 2. | In watter mate kon jy eerder jou goeie as swak eienskappe weergee? | 3 | 2 | 1 | 0 |
| 3. | In watter mate sal jy jou goeie eienskappe openlik aan die groep vermeld? | 3 | 2 | 1 | 0 |

**Afdeling B**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Hoeveel van die drie goeie eienskappe wat jy in jouself erken (C), dink jy word deur die ander lede van die groep opgemerk? | 3 | 2 | 1 | 0 |
| 2. | Hoeveel van die eienskappe genoem deur die groep (E), stem ooreen met die eienskappe wat jy dink hulle waardeer (D)? | 3 | 2 | 1 | 0 |
| 3. | Hoeveel van die eienskappe wat jy in jouself erken (C), stem ooreen met die eienskappe genoem deur die groep (E)? | 3 | 2 | 1 | 0 |

Tel die getalle wat omkring is bymekaar. Totaal ______

hulling van goeie hoedanighede (selfbevordering) en moontlike individuele verskille ten opsigte van die mate waarin selfbevordering kan voorkom. Die mate van self bevordering kan op 'n kontinuum van totale inhibering (beskeidenheid) aan die een kant en oormatige selfbevordering (verwaandheid) aan die ander kant voorgestel word.

Na die bespreking van selferkenning en selfbevordering as fenomeen, is die studente versoek om Werksvel 3 ten opsigte van persoonlike goeie hoedanighede te voltooi. Daarna het elke student 'n geleentheid gekry om die antwoorde op die werksvelle tot 'n totaaltelling te verwerk. Deur die totaaltelling is elkeen in staat gestel om homself te evalueer ten opsigte van die ontwikkeling van 'n selfbevorderingsidentiteit, met ander woorde 'n persoonlike vermoë tot selfbevordering. Die evaluering geskied op die skaal soos in FIGUUR 3 weergegee.

**FIGUUR 3**
**EVALUERING VAN 'N SELFBEVORDERINGSIDENTITEIT**

| 0 | | 18 |
|---|---|---|
| Beskeie Inhibering (Onrealisties) | Trots (Realisties) | Verwaand Selfbevordering (Onrealisties) |

Uit die aktiwiteit is selfkennis verkry oor die mate waarin elke student bereid was om homself in die sosiale opset te bevorder en sy goeie hoedanighede aan ander mense te onthul. Op die wyse kon elke student die aard van 'n persoonlike selfbevorderingsidentiteit bepaal. Trots dui op 'n realistiese gunstige evaluering van die selfbevorderingsidentiteit. Daarteenoor dui beskeie op 'n onrealistiese ongunstige en verwaand op 'n onrealistiese gunstige evaluering van die selfbevorderingsidentiteit.

1.2.2.3 Gevolgtrekking uit die loodsondersoek

Uit die loodsondersoek is bevind dat vyf van die ses proefpersone 'n lae telling in die vraelys behaal het, met ander woorde geïnhibeerd en beskeie is. Volgens die resultate van die werksvelle blyk dat die proefpersone makliker in staat is om negatiewe eienskappe aan te dui en dit moeilik vind om hulle positiewe eienskappe met ander te deel. Daar was ook in sommige gevalle 'n groot mate van verwondering en verleentheid oor die positiewe eienskappe (E) wat deur die groep verskaf is.

Dit blyk dat die proefpersone dit nie slegs moeilik gevind het om gunstig oor hulle self te skryf nie, maar ook verbaas was oor die positiewe opmerkings wat ander oor hulle gemaak het. **Dit wil voorkom asof hulle nie bereid was om die positiewe eienskappe wat in groepsverband uit hulle gedrag na vore gekom het, openlik te erken nie.** Uit 'n vergelyking van die selfevaluering van die proefpersone met die evaluering van die groep is daar dus sprake van 'n oënskynlike onrealistiese evaluering van persoonlike goeie hoedanighede, deur die individu self. Sodanige onrealistiese evaluering lei tot ongunstige selfbevordering by die proefpersone wat in geïnhibeerde optrede of beskeidenheid manifesteer.

'n Wisselende mate van openbaring van selferkenning in die praktyk, sowel as 'n onvermoë tot selfbevordering by die proefpersone in die loodsondersoek, is waargeneem. **Die onvermoë van sommige mense om openlik aan hulle self erkenning te gee, het die vraag laat ontstaan of individue met 'n ongunstige selfbevorderingsidentiteit moontlik gemeenskaplike persoonlikheidseienskappe het wat in beskeidenheid manifesteer.**

1.2.3 **Probleemstelling**

Dit kom voor of daar talle mense is wat oormatig beskeie is oor persoonlike goeie hoedanighede. Hulle is nie in staat om openlik erkenning aan persoonlike prestasies te gee nie en dit manifesteer in die onvermoë tot selfbevordering. Hierdie eienskap is nie noodwendig

'n fenomeen wat eers in volwassenheid na vore tree nie, maar kom ook in adolessensie voor.

Daar bestaan onvoldoende navorsing oor die fenomeen, maar uit die literatuur blyk 'n eksplisiete verband tussen beskeidenheid en geslagsontwikkeling en seksueelverwante gedrag, oormatige ouerlike kritiek, 'n dominante moederfiguur en ontoereikende assertiwiteit. Verder blyk 'n implisiete verband tussen beskeidenheid en sosiale angstigheid, keuse tot swak prestasie, ontoereikende assertiwiteit, vrees vir sukses en swak selfevaluering van bekwaamheid en ander verbandhoudende faktore.

Beskeidenheid manifesteer gevolglik in die inhibering van sosiale optrede en ontoereikende relasievorming met gevolglike kniehaltering van selfaktualisering. **Die vraag ontstaan of daar nie gemeenskaplike persoonlikheidseienskappe is waaraan die beskeie individue herken kan word nie.** Indien sodanige leerlinge vroegtydig geïdentifiseer word, kan hulle tot die ontwikkeling van realistiese selfbevordering begelei word. Sodoende word hulle op die weg van selfaktualisering geplaas.

## 1.3 DOELSTELLING MET DIE NAVORSING

### 1.3.1 Algemene doelstelling

Die doel van die ondersoek is die bestudering van die persoonlikheidseienskappe van 'n groep leerlinge in die senior sekondêre skoolfase met die oog op die samestelling van 'n waarskynlike persoonlikheidsprofiel vir die beskeie leerling. Sodanige persoonlikheidsprofiel kan die opvoedkundige leier en ander opvoeders in staat stel om die beskeie leerling te identifiseer en te begelei tot 'n gunstige selfbevorderingsidentiteit en gevolglike toereikender relasievorming en selfaktualisering. Aangesien daar weinig inligting oor die fenomeen beskeidenheid in die literatuur beskikbaar is, is 'n grondige studie van persoonlikheid as fenomeen noodsaaklik om as basis vir moontlike afleidings oor die aard van die beskeie persoon se persoonlikheid en leefwêreld te dien.

### 1.3.2 Spesifieke doelstelling

Om tot die algemene doelstelling te kan kom is dit noodsaaklik om die beskeie leerling te identifiseer. Verder word die persoonlikheidsamestelling van die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase onder die loep geneem word.

Hierdie verkenning is gerig op die samestelling van 'n persoonlikheidsprofiel van die beskeie kind met die oog daarop om 'n beter begrip vir die kind en sy leefwêreld te bekom. Die kennis behoort die opvoedkundige leier in staat te stel om doelgerigte hulpverlening tot die ontwikkeling van 'n realistiese selfbevorderingsidentiteit te verleen.

## 1.4 AFBAKENING VAN DIE TERREIN VAN ONDERSOEK

### 1.4.1 Algemene afbakening

Die ondersoek is gerig op die samestelling van 'n persoonlikheidsprofiel vir die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase. **Die fokus word derhalwe gestel op die persoonlikheidsamestelling van die beskeie leerling.**

### 1.4.2 Spesifieke afbakening

Die ondersoek word uitgevoer by enkele **sekondêre skole** in Johannesburg, wat besoek word deur **blanke Afrikaanssprekende leerlinge**. Die persoonlikheidsvraelys word afgeneem op alle **standerd nege-leerlinge** van die betrokke skole. In die keuse van die skole is gepoog om leerlinge uit 'n gemiddelde sosio-ekonomiese area by die ondersoek te betrek.

## 1.5 METODE VAN ONDERSOEK

In die ondersoek word twee duidelike navorsingsmetodes onderskei, naamlik 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek. Die literatuurstudie behels 'n teoretiese begronding van die aard van persoonlikheid met die doel om afleidings te kan maak oor die persoonlikheidsamestelling van die **beskeie** leerling.

Verder word 'n empiriese ondersoek geloods met die doel om 'n profiel vir die identifisering van beskeie leerlinge daar te stel.

## 1.6 BEGRIPSVERKLARING

Dit is vervolgens noodsaaklik om te let op die betekenis van enkele begrippe met betrekking tot die besondere ondersoek.

### 1.6.1 Identiteit

Jacobs (1987:3) is van mening dat identiteit beskryf kan word "... as die antwoord op die vraag 'wie is ek?'" Die mens vorm identiteite deur betekenisgewing, betrokkenheid en belewing van gebeure wat op die identiteit betrekking het. So vorm die mens byvoorbeeld 'n skoolkindidentiteit, 'n sportmanidentiteit, 'n beroepsidentiteit, 'n oueridentiteit en is dit ook moontlik om 'n identiteit vir die erkenning van persoonlike goeie hoedanighede en selfbevordering te vorm.

Die vorming van 'n identiteit hou verband met selfevaluering en selfagting en dra by tot die vorming van die selfkonsep. Erikson (Lloyd 1985:101) is van mening dat realistiese selfagting die basis van 'n positiewe identiteit is.

### 1.6.2 Selfbevorderingsidentiteit

In die ondersoek dui 'n selfbevorderingsidentiteit (die vermoë tot selfbevordering) op die openlike erkenning van persoonlike deugde en

eienskappe wat realisties of onrealisties kan wees; en gunstig of ongunstig kan wees. (Kyk 1.6.6; 1.6.7; 1.6.8.)

### 1.6.3 Selfkonsep

Nadat 'n bepaalde identiteit gevorm is, word die identiteit deur middel van die persoon se selfgesprek aan die hand van sy eie subjektiewe norme en waardes geëvalueer. Sodanige evaluering kulmineer in gunstige of ongunstige selfagting en dra by tot die vorming van 'n selfkonsep. Die selfkonsep kom neer op 'n relasie met die self, wat 'n persoon se gedrag aktualiseer. Dit sluit aspekte in soos **ek**, **my**, **myself** en **myne** en behels waarnemings en gevoelens oor die liggaam, persoonlike bekwaamhede, waardes en belangstellings (Horrocks 1976:88; Jacobs 1987:11; Lloyd 1985:101).

### 1.6.4 Selfaktualisering

Vir die doel van die ondersoek word by Vrey (1979:46) se siening van selfaktualisering aangesluit, naamlik: "Selfaktualisering impliseer die persoon se doelbewuste pogings om al die latente potensiële moontlikhede van sy selfheid te realiseer. Dit sal al die terreine van fisiese vaardighede, verstandelike vermoëns, gevoelsbelewing en sedelike bewussyn insluit, sodat hy sy menslike selfheid, wat hy inderdaad is, kan verwerf en verwerklik."

### 1.6.5 Persoonlikheidsamestelling

Meyer (1990a:8) definieer persoonlikheid as "... die gedurig veranderende maar tog relatief stabiele organisasie van alle liggaamlike, psigiese en geestelike eienskappe van die individu wat sy gedrag in interaksie met die omgewing bepaal." Persoonlikheidsamestelling impliseer kenmerkende temperamentele verskille waaraan 'n unieke persoon herken kan word en dié omskrywing word in die konteks van die ondersoek gebruik.

### 1.6.6 Beskeidenheid

Volgens die HAT (1984:83) word beskeidenheid gedefinieer as die afwesigheid van aanmatiging of veeleisendheid en die byvoeglike naamwoord beskeie dui op nie veeleisend nie en sonder aanmatiging. Verder word beskeidenheid beskou as ingetoëndheid, sedigheid en wellewendheid (Verklarende Afrikaanse Woordeboek 1977:88). 'n Ontleding van die woord ingetoëndheid lei volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1977:1068) tot sinonieme soos terughoudendheid en beskroomdheid.

Beskeidenheid is die manifestasie van 'n onrealistiese ongunstige evaluering van die selfbevorderingsidenteit, of die onvermoë om die self op 'n realistiese wyse te bevorder (kyk 1.2.2.2).

### 1.6.7 Trots

Alhoewel daar soms in die volksmond 'n negatiewe betekenis aan die woord trots geheg word, word vir die doel van hierdie navorsing 'n positiewe betekenis daaraan gekoppel. Trots impliseer naamlik 'n bewussyn van eie waarde wat in fierheid en 'n selfgevoel na vore kom (HAT 1984:1171). Bower & Bower (1976:4) is van mening dat die mens in gesonde relasies wel oor homself en sy belangstelling praat.

Trots word gemanifesteer in 'n realistiese gunstige evaluering van die selfbevorderingsidenteit, of die vermoë om die self op 'n realistiese wyse te bevorder (kyk 1.2.2.2).

### 1.6.8 Verwaandheid

Verwaandheid dui op hovaardigheid en hoogmoed wat neerkom op aanmatiging, vermetelheid, 'n sterk onregverdige gevoel van eie waarde, 'n te hoë dunk van die self, oorskatting en eiewaan (Verklarende Afrikaanse Woordeboek 1977:1174).

Verwaandheid is die manifestasie van 'n onrealistiese gunstige evaluering van die selfbevorderingsidentiteit, of die onvermoë om die self op 'n realistiese wyse te bevorder (kyk 1.2.2.2).

### 1.6.9 Leerling in die senior sekondêre skoolfase

Die senior sekondêre skoolfase verwys na standerds agt tot tien, en leerlinge in die fase is gewoonlik tussen die ouderdomme vyftien tot agtien jaar. Die leerlinge verkeer in die tydperk van middeladolessensie wat onder andere gekenmerk word deur liggaamlike volwassenheid, 'n groter mate van sosialisering en die ontwikkeling van abstrakte denke.

Adolessensie word afgelei van die Latynse woord "adolescere" wat beteken om tot volwassenheid te kom. Dit is die tydperk van ongeveer twaalf tot twee en twintig jaar en vorm 'n oorgangsfase van kindwees tot volwassenheid (Blair 1975:75; De Witt 1978:15; Jersild, Brook & Brook 1978:5). Volgens Van den Aardweg & Van den Aardweg (1988:10) is dit ook 'n tydperk van persoonlike ontdekking en identiteitsvorming.

## 1.7 PROGRAM VAN ONDERSOEK

Hoofstuk 1 is 'n algemene oriëntering en agtergrond tot die ondersoek. Die literatuurstudie oor persoonlikheidsamestelling, en die persoonlikheidsamestelling van die beskeie leerling word in hoofstuk 2 beskryf. Die figurering van persoonlikheidsamestelling in die leefwêreld van die leerling en veral van die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase word in hoofstuk 3 onder die loep geneem. Die navorsingsontwerp word in hoofstuk 4 gedoen. Die navorsingsresultate word in hoofstuk 5 weergegee en hoofstuk 6 word gebruik om verslag te doen oor die bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings van die navorsing.

## 1.8 SAMEVATTING

Voorafgaande dien as agtergrond tot die beoogde navorsing oor die persoonlikheidsamestelling van die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase. Die probleem wat tot die navorsing aanleiding

gegee het, is ontleed en onomwonde gestel. Enkele begrippe wat van primêre belang in die verslag is, is verklaar en die doel en program van die ondersoek is uiteengesit.

Toegepaste navorsing behoort in die literatuur begrond te word. Vir die doel word hoofstuk 2 gewy aan die beskrywing van die literatuurstudie oor persoonlikheid as fenomeen en die persoonlikheidsamestelling van die beskeie persoon.

## HOOFSTUK 2 DIE AARD VAN PERSOONLIKHEID - 'N LITERATUURSTUDIE

### 2.1 INLEIDING

In die moderne westerse lewe speel die aard van die persoonlikheid 'n baie belangrike rol in die sosiale en persoonlike aanpassing van die individu. Klem word gelê op die ontwikkeling van persoonlikheidspatrone in die kind waardeur sy aanpassing in die samelewing vergemaklik kan word. Daar word gevolglik met steeds groter belangstelling gelet op persoonlikheid as navorsingsfenomeen, omdat sekere gedragsmanifestasies van 'n persoon tot ontoereikende relasievorming kan lei. Beskeidenheid is byvoorbeeld 'n wyse van optrede wat aanpassing kan kortwiek.

Reeds in 1978 het Hurlock (1978:524) die bestudering van persoonlikheid as 'n fenomeen met die volgende standpunte gemotiveer:

* Persoonlikheidseienskappe is nie die gevolg van oorerwing of omgewing nie, maar 'n persoonlike verantwoordelikheid.
* Persoonlikheidsontwikkeling is beheerbaar en die kind kan dus begelei word om persoonlikheidspatrone te ontwikkel waardeur sy aanpassing in die lewe suksesvol kan wees.
* Die feit dat die ontwikkeling van die persoonlikheid beheer kan word, impliseer dat die persoonlikheidspatroon ook verander kan word om persoonlike en sosiale aanpassing te vergemaklik.

Die beskeie leerling kan dus ook tot beter persoonlike en sosiale aanpassing begelei word, indien ons beter kennis van sy persoonlikheidsamestelling en leefwêreld het.

In hierdie hoofstuk word verslag gedoen van die literatuurondersoek na persoonlikheid as fenomeen. In die ondersoek word aandag gegee aan die omskrywing, die komponente, die ontwikkelingstadiums en die

bepalers van persoonlikheid. Ten slotte word gelet op verskillende sienings van die goedaangepaste persoonlikheid en die moontlike persoonlikheidsamestelling van die beskeie persoon in die lig van die literatuurstudie oor die fenomeen persoonlikheid.

## 2.2 OMSKRYWING VAN PERSOONLIKHEID

Die omskrywing van persoonlikheid is geen geringe taak nie. Volgens Meyer (1990a:5, 14) bestaan daar meer as dertig verskillende persoonlikheidsteorieë wat wêreldwyd bestudeer word. Die uiteenlopende idees oor persoonlikheid is waarskynlik die gevolg van die kompleksiteit van die persoon, praktiese en etiese probleme met navorsing, die onwaarskynlikheid om volledige kennis te bekom en die verskeidenheid aannames wat oor die mens en die wetenskap gemaak moet word. Die verskillende teorieë is gebaseer op verskillende aannames oor die aard van die mens en die oorkoepelende doel van sy lewe.

Ook Cattell (1977:3) verwys na die probleem om die menslike persoonlikheid te bestudeer. Volgens hom is daar nie 'n gebrek aan teorieë nie, maar die teorieë is nie werklik verifieerbaar in die praktyk nie.

Die term persoonlikheid is afkomstig van die Latynse woord "persona" wat masker beteken. Die toneelspelers het 'n masker gedra om sodoende 'n beter beeld van die karakter wat hulle gespeel het, voor te gee. Vir die Romeine het die woord "persona" die letterlike betekenis van "as one appears to others" gehad. Dit het daarop neergekom dat die akteur op 'n objektiewe wyse 'n bepaalde indruk oor die karakter wat hy vertolk by die toeskouer wou wek. Vanuit hierdie konteks word na die fenomeen persoonlikheid gekyk, met ander woorde as die **effek wat 'n persoon op ander het**. Persoonlikheid dui op 'n persoon se totale gedrag waardeur hy poog om by die omgewing aan te pas (DiCaprio 1980:28; Hurlock 1978:524).

In die omskrywing van persoonlikheid word onder andere verwys na die uniekheid van die individu, na die konsekwente manifestering van bepaalde eienskappe, temperament, gewoontes en wyse van gedrag

(responsie), sowel as na bepaalde tendense van optrede (Gibson & Mitchell 1986:221; Horrocks 1976:55; Jacobs 1972:1; Lindgren & Byrne 1975:321; Morgan 1961:496; Van den Aardweg & Van den Aardweg 1988:168).

Volgens die psigologiewoordeboek (Plug, Meyer, Louw & Gouws 1986:230) dui persoonlikheid op die "... geïntegreerde en dinamiese organisasie van 'n individu se psigiese, sosiale, morele en fisiese eienskappe, soos dit in sy wisselwerking met sy omgewing, en veral met ander persone, tot uiting kom, en soos bepaal deur die interaksie tussen konstitusionele en omgewingsfaktore."

Sommige skrywers sien persoonlikheid as holisties of geïntegreerd, terwyl andere daarna kyk in terme van 'n stel min of meer onafhanklike komponente. Daar word veral vanuit drie gesigspunte na die aard van persoonlikheid gekyk, naamlik eerstens die dinamiese ofte wel die **psigoanalitiese benadering** van Freud en sy aanhangers. Volgens die benadering is die individu in 'n voortdurende staat van konflik. Die konflik vorm die stukrag wat aanleiding gee tot die individu se interaksie met sy leefwêreld. Die aard van persoonlikheid kan ook aan die hand van 'n **humanistiese** benadering verduidelik word, wanneer navorsers soos Maslow en Rogers veral klem lê op die geestesgesondheid van die individu en sy vermoë om bo sy omgewing uit te styg. Laastens word persoonlikheid ook vanuit 'n **sosiale-leerteorie**, soos deur Bandura en Mischel benader, waar die ontwikkeling van individuele eienskappe as toonaangewend van die aard van 'n individu se persoonlikheid beklemtoon word (Critelli 1987:17; Derlega & Janda 1981:9-20; Freud 1976:47; Maslow 1987:66; Massey 1981:510; Rogers 1989:8; Stander 1981:66, 67).

Vervolgens word enkele omskrywings van persoonlikheid weergegee in 'n poging om tot 'n algemene indruk oor die aard van persoonlikheid te kom. Volgens Grasha & Kirschenbaum (1980:321) is persoonlikheid die organisasie van behoeftes, waardes, houdings en belangstellings wat beskrywend is van die **aard van 'n besondere individu**. Persoonlikheid word dus in terme van persoonlike eienskappe gedefinieer wat relatief konstant is, alhoewel dit oor 'n lang tydperk kan verander.

Morgan (1961:467) sien persoonlikheid as die **individu in geheel** sowel as die **interaksie** van die persoon met sy leefwêreld in die normale alledaagse omgang. Dit gaan dus om 'n bepaalde persoonlike psigiese besit sowel as die milieu waarin die persoon moet aanpas. Weizmann (1977:377) is van mening dat persoonlikheid beskryf moet word in terme van "**integrative consistencies in behavior**". Die persoon word beskou as 'n konsekwente eenheid, en die kenmerkende gedrag van 'n persoon word bepaal word deur spesifieke eienskappe of die tipiese aard van die individu.

Horrocks (1976:55) definieer persoonlikheid as "... the **organization and structure of personal meaning and habits** that impart directionality to behavior. Personality in this sense, represents an individual's personal action system." Persoonlikheid behels derhalwe volgens Horrocks (1976:78) 'n persoon se kern van individualiteit wat bepalend is in sy **aanpassing by sy omgewing** - 'n persoonlike stelsel van gedrag waardeur die mens relasies in sy leefwêreld vorm.

Hurlock (1978:524) en Meyer (1990a:8) sluit by Allport (1961:28) se definisie aan, naamlik: "... personality is the dynamic organization **within the individual** of those psychophysical systems that determine the individual's unique adjustments to the **environment**." Die persoonlikheid is dinamies en georganiseerd, dus veranderbaar ten opsigte van die kwaliteit van gedrag en eienskappe. Die individu se gedrag en eienskappe is ook nou verweef. Sommige eienskappe word meer dominant as ander na mate daar veranderinge in die kind en die omgewing plaasvind.

Cattell (1968:466) definieer persoonlikheid as: "That which permits prediction of **individual differences** -- freed of intraindividual variation -- of response in a **defined situation**." Hierdie siening van persoonlikheid word deur Wilde (1977:70) veroperasionaliseer in terme van die basiese aanname B = F(O,S) waar B gedrag (behaviour), O organisme (organism) en S die situasie (situation) verteenwoordig. Dit kom daarop neer dat gedrag die funksie van die **besondere situasie** sowel as die aard van die **innerlike organisme** is. Daar is talle

aspekte in gedrag wat die gevolg van die situasie en nie die psigiese en ander innerlike faktore is nie. Dit impliseer dat die bestudering van persoonlikheid 'n veel wyer saak is as bloot die identifisering van individuele verskille.

Uit bostaande omskrywings van die aard van die persoonlikheid van die individu kom veral twee aspekte sterk na vore, naamlik 'n bepaalde innerlikheid of individualiteit en 'n situasiegebondenheid wat met die omgewing verband hou. Dit gaan dus in die uitkenning van 'n spesifieke persoon om sy **besondere, unieke, innerlik-georiënteerde wyse van optrede** (aanpassing) in 'n bepaalde **omgewing**. Dit impliseer dat elke mens op 'n unieke wyse relasies in sy leefwêreld stig, enersyds op grond van sy persoonlikheid en andersins op so 'n wyse dat dit by sy besondere persoonlikheid pas. Dit kom dus in wese neer op die manifestasie van die self (innerlike) aan ander in relasievorming, sowel as persoonlike waarneming van die self. Volgens RGN (1980:8) is die individuele verskille tussen persoonlikhede ten beste sigbaar in persoonlikheidseienskappe wat verskillende aspekte van die persoonlikheid verteenwoordig.

In die ontleding van persoonlikheid as belangrike bepalende faktor in 'n persoon se relasiestigting of aanpassing by sy omgewing, behoort klem gelê te word op sowel die verskille as ooreenkomste in verhouding tot die persoonlikheid van ander persone. Die ontwikkeling van persoonlikheid is nie net die gevolg van persoonlike unieke besit nie, maar word ook deur die eise van die sosiale omgewing beïnvloed. Daar moet ook gelet word in watter mate dit aanpas by die gesosialiseerde patroon van die besondere kultuur (Ferron 1990:31; Grasha & Kirschenbaum 1980:6-7; Hansen, Stevic & Warner 1982:119; Horrocks 1976:55).

Die uitgangspunt oor die aard van die individu se persoonlikheid wat in die studie gevolg word, word deur Meyer (1990a:8; kyk 1.6.5) verwoord as "... die gedurig veranderende maar tog relatief stabiele organisasie van alle liggaamlike, psigiese en geestelike eienskappe van die individu wat sy gedrag in interaksie met die omgewing bepaal."

## 2.3 PERSOONLIKHEIDSAMESTELLING

Hurlock (1978:525-529) verwys daarna dat elke individu oor 'n persoonlikheidspatroon beskik wat op 'n ontwerp of samestelling dui. Die verskillende psigofisiese sisteme waaruit die persoonlikheid saamgestel is, is nou verwant en staan in wisselwerking met mekaar. Elke mens se persoonlikheidspatroon is uniek in die sin dat die kombinasie en organisasie van eienskappe waaruit die persoonlikheidspatroon saamgestel is, verskil. Verder verskil die graad waarin die verskillende eienskappe voorkom sowel as die kern van die patroon, naamlik die selfkonsep. Alhoewel daar sekere algemene eienskappe is wat by baie mense voorkom, is daar geen eienskap wat identies is en in dieselfde mate by twee persone voorkom nie.

Daar is ook sprake van 'n definitiewe bestendigheid in die persoonlikheidsamestelling van 'n bepaalde individu. Dit beteken nie dat daar nie verandering kan plaasvind nie, maar dat sekere eienskappe redelik konstant sal bly, byvoorbeeld kinders wat as babas geïrriteerd was, sal dieselfde eienskap toon wanneer hulle ouer word. Die rede vir die bestendigheid is dat die kern van die persoonlikheidspatroon (selfkonsep) dieselfde bly. Eienskappe sal slegs verander indien drastiese stappe geneem word om die kern van die persoonlikheidsamestelling te verander (Good & Brophy 1986:115; Hurlock 1978:530; Lindgren & Byrne 1975:356).

Die twee belangrikste waarneembare komponente van die persoonlikheidspatroon is die selfkonsep (kern van die persoonlikheid) en die persoonlikheidseienskappe wat deur die aard van die kern beïnvloed word. Die twee komponente is wedersyds beïnvloedend en manifesteer in die individu se gedrag.

Sommige skrywers (Horrocks 1976; Hurlock 1978) sien persoonlikheid as bestaande uit 'n selfkonsep en meegaande persoonlikheidseienskappe, terwyl skrywers soos Allport (1961) en Cattell (1977) slegs klem lê op eienskappe. Vir die doel van hierdie navorsing word persoonlikheidseienskappe (trekke) as 'n komponent van die persoonlikheidsamestelling beskou.

Vervolgens word die persoonlikheidsamestelling onder die hoofde self-konsep en persoonlikheidseienskappe bespreek.

### 2.3.1 Selfkonsep

Alhoewel daar reeds so vroeg as die sewentiende eeu deur Rene Descartes van die self melding gemaak is, is die idee van selfkonsep veral deur die humaniste na vore gebring. Carl Rogers, 'n sterk aanhanger van die persoonsgesentreerde benadering in terapie, beskou die persepsie van die "ek" en "my" (selfkonsep) as die belangrikste aspek van die individu se ervaring (Derlega & Janda 1981:65). Die self is 'n betekenisvolle besit van die individu; die deel waarvan hy voortdurend bewus is; die inhoud van persoonlike denke wat reflekteer op die liggaam, persoonlikheid en gedrag en sal gevolglik deur die mens beskerm en verdedig word (Allport 1961:113; Enright & Deist 1979:517).

Ook Elliott (1984:286), Liebert & Spiegler (1990:273) en Lloyd (1985:115) definieer selfkonsep in terme van die aspekte van die self wat bewustelik as die "my" geïdentifiseer kan word. Dit sluit fisieke eienskappe, persoonlikheidseienskappe, vaardighede, waardes en strewes in. Broughton (1981:28) stel dat die selfkonsep dui op die self wat waargeneem word.

Die self en die ek is die geestelike besit van die mens wat die basis vir alle denke en handelinge vorm, omdat die ek die stukrag van die self is (Jacobs 1987:2,3). As sodanig lê die self en die ek die vestiging van verskillende identiteite en die vorming van 'n persoon se selfkonsep ten grondslag. Die self, ek, identiteite en selfkonsep vorm die intrapsigiese struktuur van die mens wat onderskei kan word as geestelike besit (ek en self) en die persepsie van die ek en self (identiteits- en selfkonsepvorming) wat subjektief van aard is. Die selfkonsep is die resultaat van 'n verskeidenheid intrapsigiese aktiwiteite waar onder identiteitsvorming, selfevaluering, selfagting en identiteitsvestiging.

Volgens Rogers (1965:136) is die selfkonsep 'n georganiseerde konstante konseptuele gestalt. Dit bestaan uit die waarneming van die eienskappe van die ek of my (gevormde identiteite) in verhouding tot andere en verskeie aspekte van die lewe, en die waardes wat aan hierdie waarnemings geheg word. Dit is 'n geheel wat beskikbaar is tot die bewussyn, maar nie noodwendig bewus is nie. Volgens hom beskik die mens oor die vermoë om van sy beleweniswêreld bewus te word en sy ervaring te evalueer. Die evaluering hou verband met die self in 'n bepaalde situasie (identiteit) en is normatief van aard omdat die evaluering aan die hand van persoonlike waardes geskied (Rogers 1961:166). Evaluering van die self gaan gepaard met selfanalise en is gewoonlik die resultaat van 'n vergelyking van die self met die portuurgroep en ander belangrike mense (Allport 1961:113; Van den Aardweg & Van den Aardweg 1988:206).

Horrocks (1976:101) stel dat selfevaluering dui op "... a process of making a concious judgment of the social importance or significance of the self." Indien die evaluering gunstig is, lei dit tot selfagting wat in wese 'n saak van interaksie is tussen die individu met 'n unieke persoonlikheid en sy omgewing. Op die wyse ontwikkel die individu 'n bepaalde siening van homself (identiteitsvestiging). Selfagting behels 'n affektiewe aspek en is 'n aanduiding van persoonlike waardering en erkenning in verskillende situasies en is dus multidimensioneel (Cate & Sugaware 1986:147; Crable 1979:37; Elliott 1984:292; Gurney 1987:130; Hendrick 1988:1126; Kawash 1982:301; Lloyd 1985:101; Mussen, Conger, Kagan & Huston 1984:357; Stander & Ochse 1981:71).

Van den Aardweg & Van den Aardweg (1988:207) stel dat hoë selfagting die gevolg daarvan is dat 'n mens dinge beter as 'n ander kan doen, gestelde doelwitte bereik en 'n geskiedenis van suksesse het. Selfagting is die beoordeling van persoonlike vermoëns, invloed en populariteit en die slotsom waartoe gekom word bepaal 'n persoon se gedrag. Hoë selfagting lei tot 'n waaghouding, inisiatief en onafhanklikheid asook 'n bereidwilligheid by die persoon om die risiko van teenstand te neem. Die persoon met 'n lae selfagting neig om terug te trek eerder as teenstand te ervaar, is stil, dring homself

nie aan ander op nie, neem nie deel nie en betwyfel sy eie oordeel en vermoëns. Selfagting is die resultaat van 'n positiewe selfsiening (evaluering) van 'n individu se situasiegebonde gevormde identiteit. Selfagting het 'n indirekte effek op private selfbewustheid sowel as op sosiale angs (Augsburger 1980:39; Elkins 1976:60; Elliott 1984:285; Giffin & Patton 1974:20; Sarafino & Armstrong 1980:386).

Die vorming van 'n identiteit impliseer dat die individu homself met 'n bepaalde gebeure of eienskap identifiseer waaraan hy homself ken en as persoon uitgeken kan word. Hy verkry op grond van 'n bepaalde situasie 'n statusidentiteit as resultaat van die situasie en verkry sodoende 'n bepaalde idee oor homself (hipotetiese identiteit) aan die hand van spesifieke ervarings. Die hipotetiese identiteit word in die praktyk deur wisselwerking in verskillende relasies getoets (geëvalueer) en indien dit in die praktyk bevestig word, word die hipotese versterk en die identiteit gevestig. Horrocks (1976:90-91) onderskei vier vorme van identiteit, naamlik hipotetiese identiteit, aspirasie-identiteit, 'n identiteit soos deur ander waargeneem en 'n identiteit wat nie ooreenkom met die hipotetiese identiteit nie.

Identifikasie speel 'n baie belangrike rol in identiteitsvorming. Voor adolessensie geskied die identifikasie met 'n persoon wat deur die kind geïdealiseer word. Die aspirasie-identiteit word egter geleidelik losgemaak van persone as identifikasiemodelle en verskuif na waardes waarna die kind streef en wat hy in die toekoms sy eie wil maak (Engelbrecht, Kok & Van Biljon 1982:107). Hierdie verskuiwing is egter nie noodwendig 'n bewustelike proses nie.

Een van die belangrikste take van die mens vanaf geboorte is die ontwikkeling van identiteite wat hom in staat stel om sy fisiese en sosiale omgewing te interpreteer en daarmee om te gaan. Hierdie gevormde identiteite dien as basis vir kenmerkende gedrag in besondere situasies. Daar is dus sprake van 'n kenmerkendheid van die self. Alhoewel dit 'n nimmereindigende taak is, speel die eerste twee dekades van die lewe 'n baie belangrike vormende rol. Identiteite word in die tydperk nie slegs gevorm nie, maar ook in verhouding tot die omgewing gestel, getoets en aangepas; dus ook gevestig. Die omgewing speel

derhalwe 'n belangrike rol in identiteitsontwikkeling (Bernard 1981:349; Bickford 1972:194; Crable 1979:30; Enright & Deist 1979:519; Horrocks 1976:87; Le Roux 1989:137; McCall 1987:67; Mitchell 1986:259; Protinsky 1988:71; Vrey 1979:49). Die evaluering van die verskillende situasiegebonde identiteite kulmineer in die vorming van 'n selfidentiteit.

(Self)identiteit word deur Erikson (1977:235) gedefinieer as 'n relatief stabiele ervaring van die persoonlike uniekheid - die mens is ten spyte van veranderende gedrag, denke en gevoelens vir die self bekend. Die vorming van 'n selfidentiteit impliseer dat die individu 'n idee oor die self het wat relatief konstant is oor 'n redelike tydperk en dat die siening van die self min of meer ooreenkom met die siening van ander persone oor die self. Die selfidentiteit berus op die evaluering van die self aan die hand van verskillende situasiegebonde identiteite.

Die verskillende identiteite wat gevorm is, word voortdurend in die leefwêreld geëvalueer om 'n beeld van die self in die besondere situasie te vorm en lei gevolglik tot verskillende selfbeelde, ooreenkomstig spesifieke situasies. Volgens Giffin & Patton (1974:107) leef die mens sy lewe in terme van beelde oor die self waardeur gedrag gerig word. Die resultaat (selfbeeld) van die evaluering dra by tot die individu se selfkonsep wat kognitief van aard is en 'n belangrike rol in gedrag en relasie met ander speel. Namate die kind status- en kernidentiteite vorm begin hy ook om 'n positiewe of negatiewe waarde (evaluering) aan sy eie individuele eienskappe toe te voeg. Hierdie selfevaluerings resulteer in die kind se selfagting wat die basis vorm vir sy konsep van die self (Crable 1979:37; DiCaprio 1980:30; Giffin & Patton 1974:23; Hendrick 1988:126; Kroger 1989:14; Lloyd 1985:101; Mussen <u>et al</u>. 1984:356).

Die selfkonsep as manifestasie van geëvalueerde identiteite en selfagting vorm op geïntegreerde wyse die kern van die individu se persoonlikheid. Die selfkonsep is meer as 'n blote kognitiewe entiteit. Dit berus op 'n persepsie van die self en persepsie impliseer 'n subjektiewe beoordeling van die self en verteenwoordig dus ook 'n

sentiment of gevoel oor die self (Critelli 1987:70; DiCaprio 1980:35; Gorsuch & Cattell 1977:676; Jacobs & Vrey 1982:7; McFarland 1988:9; Monteith, Postma & Scott 1988:189; Moore 1990c:397; Mussen et al. 1984:314; Van den Aardweg & Van den Aardweg 1988:168).

Volgens Hurlock (1978:525) en DiCaprio (1980:35) is die ware selfkonsep die konsep wat 'n persoon gevorm het oor wie en wat hy is. Die selfkonsep word onderskei in 'n fisieke, psigiese en sosiale aspek. Die fisieke aspek word saamgestel uit die konsepte wat die individu gevorm het oor sy voorkoms, geslagsgeskiktheid, liggaamlikheid en prestige wat hy deur liggaamlikheid beleef. Die psigiese aspek word verkry uit die konsepte wat die individu oor sy vermoëns en onvermoëns gevorm het, sowel as uit persoonlike waardes en verhoudings met ander. Aanvanklik is die twee aspekte losstaande, maar namate die kind groot word raak die twee aspekte geïntegreerd. Die sosiale aspek word grootliks bepaal deur die persoon se rol, sy verhoudings met ander en sy siening van ander se reaksie teenoor hom. Die fisieke en psigiese aspekte van die selfkonsep beïnvloed die sosiale interaksie van die mens (Bower & Bower 1976:26; Cate & Sugawara 1986:147; Derlega & Janda 1981:65; Grotevant & Cooper 1986:86; Hamachek 1985:235; Hurlock 1978:525; Le Roux 1976:42; Morgan 1961:468; Stander & Ochse 1981:71).

Die graad van stabiliteit van die selfkonsep speel 'n belangrike rol in die samestelling van die persoonlikheid. Ontoereikende stabiliteit van die selfkonsep kan die gevolg van verskeie faktore wees, waar onder botsende selfkonsepte as resultaat van die wyse waarop die kind deur belangrike mense in sy lewe behandel word. Onstabiliteit kan ook die gevolg wees van 'n beduidende verskil tussen die kind se ware selfkonsep en sy ideale selfkonsep (Elliott 1984:292; Hurlock 1978:525; Van der Westhuÿsen & Schoeman 1990:227).

Die onstabiliteit van die selfkonsep by die jong kind maak dit moontlik om die kind tot verandering te begelei. Die kind is letterlik nog buigsaam in sy aanpassing by sy omgewing. Namate die kind ouer word, is die kern van gewoontes en houdings meer gevestig en vind verandering moeiliker plaas. Verandering lei derhalwe makliker tot die ver-

steuring van die persoonlikheidsbalans (Gurney 1987:130; Hurlock 1978:530; Morgan 1961:486).

Bewustheid van die self is fundamenteel vir persoonlike groei, want alleenlik as die persoon 'n grondige idee van die self het, is hy in staat om bepaalde verwagtings van die self te koester. Deur die bewustheid van die self, verkry die individu 'n idee oor homself. Sodoende kan hy identiteite wat deur relasies met die leefwêreld gevorm is evalueer en tot 'n gunstige of ongunstige waardering van die self en gepaardgaande selfkonsep kom. 'n Positiewe selfkonsep dra tot harmoniese relasies by, maar 'n negatiewe selfkonsep kan beperkend op die individu se gedrag inwerk. Die selfkonsep, as die kern van die persoonlikheidsamestelling, vorm die grondslag van die individu se relasiestigting in sy leefwêreld omdat dit deur identiteitsvestiging in bepaalde kenmerkende persoonlikheidseienskappe manifesteer (Coates 1981:4; Crable 1979:30; Critelli 1987:73; Waksman 1984:127).

Samevattend kan gestel word dat die selfkonsep 'n georganiseerde, konstante, konseptuele gestalt is wat met (self)identiteit verband hou. Selfidentiteit is die resultaat van die evaluering van die self aan die hand van verskillende situasiegebonde identiteite. Die evaluering van 'n identiteit impliseer 'n verskeidenheid psigiese aktiwiteite soos waarneming, belewing, waardering, agting, erkenning, aanvaarding en vergelyking waardeur die beeld van die self gevorm word (Bower & Bower 1976:27). Verder lei die evaluering tot die vorming van oortuigings oor die self, sy gevestigde identiteite, sy rolle en vermoëns wat uiteindelik in die selfkonsep resulteer. Die selfkonsep ontstaan derhalwe as resultaat van 'n bepaalde houding teenoor die self wat 'n kognitiewe, gevoels- en handelingskomponent insluit (Jacobs & Vrey 1982:22; Vrey 1979:90-92).

In Empiriese Opvoedkundige terme kan gestel word dat 'n bepaalde identiteit wat gevorm is deur middel van 'n persoon se selfgesprek aan die hand van sy eie subjektiewe norme en waardes geëvalueer word. Die evaluering lei tot 'n hoë of lae selfagting waardeur die identiteit gevestig word en dit dra by tot die vorming van die selfkonsep. Die selfkonsep sluit aspekte in soos ek, my, myself, myne en behels waar-

nemings en gevoelens oor die liggaam, persoonlike bekwaamhede, waardes en belangstellings. 'n Persoon se selfkonsep kan realisties hoog of laag wees of onrealisties hoog of laag. Die aard van die selfkonsep werk sekere persoonlikheidseienskappe in die hand wat in kenmerkende gedrag manifesteer. Die persoonlikheidseienskappe en selfkonsep staan in wisselwerking (Horrocks 1976:88; Jacobs 1987:11; Lloyd 1985:101; kyk 1.6.3).

Vervolgens word gelet op eienskappe as komponent van die persoonlikheidsamestelling.

### 2.3.2 Persoonlikheidseienskappe

Persoonlikheidseienskappe dui op spesifieke kwaliteite van gedrag, ofte wel aanpassingspatrone soos reaksie op frustrasie, wyses waarop probleme hanteer word, aggressiewe en verdedigende gedrag en die neiging tot uitgaande of teruggetrokke gedrag in die teenwoordigheid van ander mense. Persoonlikheidseienskappe is geïntegreerd met en word beïnvloed deur die aard van die selfkonsep (kyk 2.3.1). Sommige eienskappe is geïsoleerd, terwyl ander in sindrome of verwante patrone van gedrag voorkom. Persoonlikheidseienskappe word gekenmerk deur individualiteit en konsekwentheid (Baron & Byrne 1987:528; Engler 1979:239; Hall & Lindzey 1970:265; Hurlock 1978:525; Madge 1990:308; Meyer 1990:98; Morgan 1961:468; Van den Aardweg & Van den Aardweg 1988:235).

Cattell (1977:166) sien eienskappe as die trekke van persoonlikheid en ag dit die basiese strukturele element van persoonlikheid. Hy beskou 'n trek as 'n redelik permanente en breë gedragsneiging wat van gedrag afgelei kan word en onderskei tussen oppervlaktrekke en grondtrekke (Engler 1979:251; Hall & Lindzey 1970:386; Horn 1977:164; Madge 1990:312; Van den Aardweg & Van den Aardweg 1988:35).

Oppervlaktrekke dui op sindrome van gedragsresponse wat oënskynlik saamgaan, byvoorbeeld integriteit, eerlikheid, selfdissipline en denke. Grondtrekke verwys na die onderliggende veranderlikes wat tot die oppervlaktrekke aanleiding gee soos egosterkte (selfkonsep) in

bostaande geval (Cattell 1977:167; Engler 1979:252; Hall & Linzey 1970:387; Kawash 1982:302).

As resultaat van uitgebreide navorsing het Cattell sestien basiese trekke geïdentifiseer wat hy as die boublokke van persoonlikheid beskou. Die trekke word as bipolêre dimensies voorgestel byvoorbeeld uitgaande teenoor gereserveerde persoonlikheid en is vervat in die 16PF en HSPV as gestandaardiseerde meetinstrumente. Die verskillende persoonlikheidstrekke is:

* afsydigheid teenoor hartlikheid (A),
* lae intelligensie teenoor hoë intelligensie (B),
* egoswakheid teenoor egosterkte (C),
* flegmatisme teenoor prikkelbaarheid (D),
* onderdanigheid teenoor dominansie (E),
* soberheid teenoor sorgvryheid (F),
* laer superegosterkte teenoor hoër superegosterkte (G),
* skugterheid teenoor vrypostigheid (H),
* ontoegeeflikheid teenoor emosionaliteit (I),
* lewenslustigheid teenoor individualisme (J),
* geborgenheid teenoor agterdogtigheid (L),
* prakties teenoor onkonvensioneel (M),
* naïwiteit teenoor skerpsinnigheid (N),
* selfversekerdheid teenoor skuldgeneigdheid (O),
* konserwatisme teenoor radikalisme (Q1)
* groepafhanklikheid teenoor selfgenoegsaamheid (Q2),
* gebrekkige selfsentiment teenoor sterk selfsentiment (Q3) en
* lae drangpeil teenoor hoë drangpeil (Q4)
  (Cattell 1977:174; Engler 1979:252).

Cattell se doel met die ontwikkeling van 'n persoonlikheidsvraelys was om 'n instrument te voorsien vir die meting van die basiese dimensies van 'n normale persoonlikheid aan die hand van 'n verskeidenheid persoonlikheidstrekke (Karson & O'Dell 1976:25).

Alhoewel gegrond op oorerwing is die ontwikkeling van eienskappe merendeels die resultaat van leer. Dit word veral gevorm deur naboot-

sing van 'n persoon met wie die kind identifiseer (aanvanklik die ouers en later die portuurgroep). Die kind ontwikkel nie slegs persoonlikheidseienskappe waardeur in sy behoeftes voorsien word nie, maar ook eienskappe wat deur die sosiale groep waaraan hy behoort waardeer word, omdat hy uit ervaring leer dat die persoon met gewenste persoonlikheidseienskappe deur die sosiale groep waardeer word en andersom (Baron & Byrne 1987:499; Good & Brophy 1986:665; Hurlock 1978:527).

Die eienskappe wat 'n persoon openbaar word deur die aard van die selfkonsep beïnvloed. As die kind oor 'n hoë selfkonsep beskik, ontwikkel eienskappe soos selfvertroue, selfwaardering en die vermoë tot 'n realistiese selfsiening. Die kind is in staat om sy verhoudings met ander realisties te evalueer en dit lei tot goeie sosiale aanpassing. 'n Lae selfkonsep lei tot die ontwikkeling van gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid wat manifesteer in onsekerheid en gebrekkige selfvertroue en gevolglike ontoereikende persoonlike en sosiale aanpassing (Hurlock 1978:525; Van den Aardweg & Van den Aardweg 1988:168).

Wording by die adolessent is 'n voortdurende interaksie van fisieke en psigiese groei en die konsolidasie daarvan. Tydens adolessensie ontwikkel die individu 'n persoonlikheidstruktuur wat onder andere die resultaat van sosialisering is. Die besondere struktuur is die gevolg van die aard van die selfkonsep en gepaardgaande persoonlikheidseienskappe en kan òf kenmerkend word van die persoon òf as basis dien vir verdere persoonlikheidsontwikkeling. Horrocks (1976:77) stel dat: "Personality becomes both the conditioning and the limiting factor in an individual's behavior."

Alhoewel daar riglyne deur navorsing verkry is wat begrip van persoonlikheidsontwikkeling by die adolessent vergemaklik, bly persoonlikheid 'n individuele saak. Elke mens se persoonlikheid bestaan uit die integrasie, ontoereikende integrasie of gedeeltelike integrasie van verskeie komponente. Alhoewel daar gemeenskaplikhede voorkom, bly elke individu uniek as gevolg van sy besondere omgewing en omstandighede (Horrocks 1976:78).

Die gebruik van 'n persoonlikheidsvraelys (soos die HSPV of 16PF) dui derhalwe nie op die absolute persoonlikheid nie. Dit gee slegs 'n aanduiding van die aard van die individu se persoonlikheid, wat die hulpverlener in staat stel om 'n idee te vorm oor die persoon met wie hy werk (Karson & O'Dell 1976:24).

Uit die bespreking van die aard van persoonlikheid blyk twee komponente, naamlik die selfkonsep en bepaalde unieke eienskappe wat in wisselwerking met mekaar staan. Die selfkonsep kan realisties hoog of laag of onrealisties hoog of laag wees. Die kind met 'n realistiese hoë selfkonsep ontwikkel dienooreenkomstige eienskappe en is makliker in staat tot die stigting van harmoniese verhoudings. Daarteenoor sal die kind met 'n lae selfkonsep neig om versteurde relasies te stig wat tot die ontwikkeling en manifestering van negatiewe persoonlikheidseienskappe aanleiding gee. Indien die selfkonsep egter onrealisties is, hetsy hoog of laag, sal dit tot ontoereikende relasievorming lei en die persoon op begeleiding aangewese wees.

### 2.3.3 **Patrone in persoonlikheidsamestelling**

Namate verskillende persoonlikheidseienskappe by die kind ontwikkel, word dit gegroepeer om sodoende sindrome te vorm. Verskeie persoonlikheidsindrome is reeds geïdentifiseer waar onder die hipokondriese, outoritêre en kreatiewe persoonlikheid. Die gebruik van die konsep sindroom van eienskappe het nie klassifisering ten doel nie, maar is bloot gerig op beter begrip van die individu (Lindgren & Byrne 1975:349, 352; Morgan 1961:487). Ook Holland (Grasha & Kirschenbaum 1980:292) onderskei verskillende persoonlikheidstipes waar onder realisties, ondersoekend, kunssinnig, sosiaal, ondernemend en konvensioneel. Die doel van dié indeling is beroepsgerig.

In die opvoedingsituasie kan kennis van 'n bepaalde sindroom van persoonlikheidseienskappe moontlik dui op 'n probleem ten opsigte van relasiestigting in die leefwêreld van die opvoedeling. Die kind wat byvoorbeeld aan streng outoritêre opvoeding onderwerp is, ontwikkel 'n onbuigsaamheid in sy kenmerkende patroon van aanpassing. Hy is

gewoonlik geïnhibeerd, beheersd, introversies, teruggetrokke, konserwatief en konvensioneel. Die karaktereienskappe manifesteer in onverdraagsaamheid ten opsigte van verandering, onkonsekwentheid en sake wat nie duidelik gedefinieerd is nie. Hy neig om onderdanig te wees aan gesagsfigure, maar is aggressief teenoor almal wat swakker as hy is. Karaktereienskappe sluit angstigheid, skuldgeneigdheid, kommer, kompulsiewe twyfel, onsekerheid, morele onbuigsaamheid en gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid in. Hierdie eienskappe vind neerslag in al sy lewensaanpassings (Hurlock 1978:528; Lindgren & Byrne 1975:326).

<u>Die vraag ten grondslag van die navorsing is of die beskeie persoon nie ook aan 'n patroon in die persoonlikheidsamestelling herken kan word nie.</u>

### 2.3.4 Veranderinge in persoonlikheidsamestelling

Die moontlike veranderinge in die persoonlikheidsamestelling word bespreek aan die hand van Hurlock 1978:532-534.

Dit is moontlik dat sowel die selfkonsep as persoonlikheidseienskappe aan verandering onderhewig is. Eienskappe kan sowel kwalitatief as kwantitatief verander. 'n Kwalitatiewe verandering impliseer dat 'n sosiaal minder aanvaarbare eienskap vervang word met 'n meer aanvaarbare eienskap, terwyl kwantitatiewe verandering dui op 'n verdieping of vervlakking van 'n bestaande eienskap. Dit is ook moontlik dat daar slegs 'n oënskynlike verandering as gevolg van sosiale druk plaasvind.

Die selfkonsep is relatief stabiel en veranderinge sal slegs voorkom wanneer die kind 'n verandering beleef in die houding van en hantering deur persone wat vir hom belangrik is. Veranderinge in persoonlikheid kom geredeliker by jonger kinders as by adolessente of volwassenes voor, omdat die kern van die persoonlikheid met verloop van tyd meer onbuigsaam raak (McCall 1987:65). Bower & Bower (1976:35) wys op die belangrikheid van 'n positiewe selfgesprek in die verband.

Uit resente navorsing blyk dat persoonlikheidsveranderinge nie spontaan plaasvind nie. 'n Kind sal nie persoonlikheidseienskappe soos teruggetrokkenheid of aggressie ontgroei nie. Veranderinge is die gevolg van volwassewording, ervaring, druk van die sosiale en kulturele omgewing en faktore binne die individu, soos motivering of identifikasie met 'n ander persoon. Indien die begeerte vir sosiale aanvaarding sterk genoeg is, sal die kind poog om onaanvaarbare eienskappe met eienskappe wat meer aanvaarbaar is te vervang. Dit geskied deur leer en nie deur groei en ontwikkeling nie.

Verandering in die persoonlikheid is gewoonlik die gevolg van meer as een faktor of 'n wisselwerking tussen verskillende faktore. Faktore wat tot 'n verandering in die persoonlikheid bydra is onder andere, fisieke veranderinge, omgewingsveranderinge, sosiale druk, verhoogde bekwaamheid, rolveranderinge en professionele hulp.

Daar bestaan 'n balans in die persoonlikheidspatroon en verandering kan die balans van die samestelling versteur en moet derhalwe met omsigtigheid hanteer word. Verandering kom net voor indien die selfkonsep as kern van die persoonlikheid verander en begeleiding tot verandering hou verband met die vorming van die selfkonsep. Teoreties gesien is dit derhalwe wel moontlik om die beskeie leerling te begelei tot 'n verandering in gedrag wat realistiese bevordering van die self en selfaktualisering tot gevolg kan hê.

## 2.4 DIE ONTWIKKELING VAN PERSOONLIKHEID

Volgens James (1980:244) is persoonlikheidsontwikkeling 'n lewenslange proses. Hurlock (1978:524) meld dat daar geen duidelike skeidslyn is waarna persoonlikheidsontwikkeling nie meer plaasvind nie, maar daar is genoegsame aanduidings dat die vroeë jare in die kind se lewe die kritiese tydperk vir die ontwikkeling van die persoonlikheid is. Namate die kind ouer word is dit moeiliker om veranderinge in die persoonlikheidspatrone teweeg te bring.

Erikson (1963:256-261; 1977:222-243) onderskei agt stadia in die ontwikkeling van die persoonlikheid. In elkeen van die stadia kom 'n ontwikkelingskrisis as kern voor, en die wyse waarop die krisis hanteer word bepaal die aard van die ontwikkeling van die persoonlikheid. Hierdie stadia is deurlopend vanaf babatyd tot bejaardheid (Bester 1990:91; Meyer 1990c:166).

Persoonlikheid, soos enige ander fisieke of geestelike eienskap, is die resultaat van die rypwording van oorgeërfde eienskappe. Dit word verder beïnvloed deur die omgewing en gevolglike wisselwerking tussen oorerwing en omgewing (Engler 1979:84-85; Baruth & Huber 1985:60; Hansen et al. 1982:118). Daar word vervolgens kortliks gelet op die ontwikkeling van persoonlikheid in die verskillende lewensfases.

### 2.4.1 **Babatyd**

Volgens Gazda (1984:321) en Stander & Ochse (1981:72) beskik die baba nog nie oor 'n ego nie en verkeer hy nog in die voorsosiale fase met die ontwikkelingstaak om homself van die omgewing te onderskei. Hierdie onderskeiding vind plaas as gevolg van die wisselwerking met die omgewing, waardeur die baba ontdek dat sy liggaam, in teenstelling met ander voorwerpe in die omgewing deel van homself is.

Volgens Lindgren & Byrne (1975:43) en McKinney (1960:93) word babas met kenmerkende temperamentele verskille gebore wat in 'n verskil in aktiwiteite en sensitiwiteit manifesteer. Babas reageer verskillend ten opsigte van voedsel, huil en aktiwiteit. Hierdie temperamentele verskille vorm die aanvanklike basis vir die ontwikkeling van 'n persoonlikheidspatroon en volgens Thomas et al. (Hurlock 1975:82) word die persoonlikheid gevorm deur die voortdurende interaksie tussen 'n persoon en sy omgewing. Dié interaksie beïnvloed 'n persoon se temperament.

Die babatyd word dikwels as die kritiese tyd in persoonlikheidsontwikkeling beskou, omdat die grondslag vir die volwasse persoonlikheidstruktuur in dié tyd gelê word. Die krisis wat volgens Erikson (1963:249; 1977:222) deur die suigeling hanteer moet word, dui op ver-

troue teenoor wantroue en hou verband met die aard van die versorging wat die baba kry. Goeie versorging lei tot die ontwikkeling van vertroue wat die basis vir verdere toereikende persoonlikheidsontwikkeling vorm (James 1980:247).

Die babatyd word reeds gekenmerk deur die individualiteit wat met persoonlikheid gepaardgaan en wat deur ouerlike optrede versterk en beïnvloed word. Wanneer die baba 'n paar maande oud is begin hy op mense se aandag aan hom reageer. Die ouers se houding teenoor die pasgebore baba beïnvloed hulle hantering van die baba. As die baba lastig is, kan dit 'n ongunstige ouerlike houding tot gevolg hê wat weer 'n negatiewe invloed op die ontwikkeling van die baba se persoonlikheid kan hê. Die wyse waarop daar teenoor hom opgetree word, het 'n belangrike invloed op die ontwikkelende selfkonsep en gepaardgaande kenmerkende wyse van aanpassing by mense (Hansen et al. 1982:41; Hurlock 1978:82, 529; McKinney 1960:96; Pretorius 1992:40).

Vroeë grondslae neig om blywend te wees vir die ontwikkeling van die persoonlikheid en dit is dus wenslik dat dit van so 'n aard sal wees dat dit tot toereikende persoonlike en sosiale aanpassing sal lei (Hurlock 1975:4).

### 2.4.2 Kleutertyd

Die persoonlikheidspatroon van die kind, waarvan die grondslag tydens die babatyd gelê is, begin in die kleutertyd vorm aanneem. Die kind leer homself ken en sy bewustheid van homself as onafhanklike wese neem toe. Die ouers en ander gesinslede vorm die belangrikste sosiale omgewing van die kleinkind. Hulle houding en optrede teenoor die kind sal bepalend wees in die ontwikkeling van die aard van die selfkonsep (as kern van die persoonlikheidspatroon) van die kleinkind. 'n Ongunstige lae selfkonsep ontwikkel maklik tydens die kleuter- en kindertyd en dit word moeilik later reggestel (Hamachek 1975:106; Hurlock 1975:110, 117; McCall 1987:69; McKinney 1960:96; Rice 1984:227; Schave & Schave 1989:31; Stander & Ochse 1981:72).

Volgens Mussen et al. (1984:320) verkry die kind tydens die kindertyd

'n onderskeidende idee oor homself; oor wie hy is en watter groepidentiteite vir hom belangrik is. Geslagstipering, naamlik of hy manlik of vroulik is, is een van die eerste en belangrikste wyses van onderskeidings wat die kind maak. Verder verkry hy ook bepaalde sosiale stereotipes vir talle speel- en werksaktiwiteite en vir persoonlike gedragseienskappe, soos aggressie en vriendelikheid.

Tydens die klein kindertyd begin die kind 'n waardering vir ander mense ontwikkel. Deur waarneming verkry hy agting vir die waardes van belangrike mense in sy omgewing en deur modellering begin hy om die waardes sy eie te maak. Verder begin hy beheer oor die omgewing te verkry en beleef hy sukses en ontwikkel op die wyse selfagting vir wat hy bereik het (Schave & Schave 1989:50).

Erikson (1963:254; 1977:226) is van mening dat die kleuter in die tydperk van agtien maande tot drie jaar die krisis van outonomie teenoor **teruggetrokkenheid** verwerk. Die kind kom tot die onderskeiding van sy leefwêreld (ek, my, myne, jou) waardeur basiese vertroue in homself en sy leefwêreld ontstaan en die kind oortuig raak van sy bestaan as persoon. Outonomie gaan gepaard met die bemeestering van die verskillende motoriese vaardighede, en 'n wil om alles vir die self te doen. Indien die kind toegelaat word om die dinge te doen, ontwikkel hy 'n gevoel van beheer wat tot outonomie en gevolglike selfversekerdheid lei. Ongeduld aan die kant van die ouers lei egter tot teruggetrokkenheid en vertwyfeling by die kind. Voortdurende kritiek en oorbeskerming lei tot 'n oormatige gevoel van twyfel oor eie vermoëns wat onsekerheid in die hand werk (Erikson 1968:67-68; Erikson 1975:271; Erikson 1977:228; James 1980:247-248; Pretorius 1992:42).

### 2.4.3 Kindertyd

Wanneer die kind se sosiale omgewing by skooltoetrede verbreed, word hy aan meer faktore blootgestel waardeur die persoonlikheid beïnvloed kan word. Dit is volgens Erikson (1963:256; 1977:229) die tydperk (drie tot sewe jaar) waarin die krisis van **inisiatief teenoor skuld** verwerk moet word. Indien die klein kind aangemoedig word en aan hom

geleenthede verskaf word, lei dit tot die ontwikkeling van inisiatief. Wanneer die kind egter voortdurend gekritiseer word, het dit skuldgevoelens tot gevolg (Ferron 1990:61; James 1980:248; Pretorius 1992:41).

Skooltoetrede lei gevolglik tot 'n aanpassing in die selfkonsep. Talle nuwe identiteite word gevorm op fisieke, intellektuele en sosiale vlak. Tydens die latere kindertyd (ses tot twaalf jaar) raak die kind daarvan bewus dat ander persone 'n opinie oor hom vorm en 'n oordeel uitspreek op grond van sy gedrag. Die gevolg hiervan is dat die kind selfbewus en bekommerd raak oor wat ander mense van hom dink. In Erikson (1968:82; 1977:232) se terme ontstaan daar gevolglik 'n krisis rondom **arbeidsaamheid en minderwaardigheid** (Hurlock 1975:140; James 1980:248; Mussen et al. 1984:320).

Tydens die kinderjare ontwikkel die kind 'n bewustheid van wie hy is en waar hy in die samelewing inpas. Hy vorm blywende patrone van interaksie met ander mense en hy maak die morele en sosiale norme van die gemeenskap op so 'n wyse deel van homself dat hy sy gedrag daarmee kan reguleer (Mussen et al. 1984:341).

Reeds in die laat kindertyd (ses tot twaalf jaar) word verskeie persoonlikheidstipes onderskei, soos leiers, versorgers, heersers, voorbarige en teruggetrokke kinders (Hurlock 1978:530).

Dit is ook tydens die laat kindertyd wat die aspirasie-selfkonsep tot stand kom. Die kind vorm 'n idee van die ideale self op grond van verskillende lewenservarings, soos die riglyne deur opvoeding van die ouers en onderwysers verskaf en identifisering met heldefigure asook deur inligting wat hy deur die lees van boeke en kyk na televisie verkry. Op grond van sy totale lewenservaring ontwikkel die kind 'n ego-ideaal (aspirasie-identiteit) wat as innerlike standaard vir persoonlike gedrag dien (Hurlock 1975:141; kyk 2.3.1).

Faktore wat die ontwikkeling van die selfkonsep in die kleinkindertyd beïnvloed, speel ook 'n rol in die ontwikkeling van die selfkonsep in die latere kindertyd. Die kwaliteit van die verhouding met die

gesins- en familielede en sy gevoel oor die opvoedingsmetodes wat gebruik word, het 'n bepalende invloed op die ontwikkeling van die persoonlikheidspatroon. In die laat kindertyd word die ontwikkeling van die selfkonsep ook beïnvloed deur faktore soos fisieke toestand, liggaamsbou, name en byname, sosio-ekonomiese status, skoolomgewing, sosiale aanvaarding, sukses en mislukking en intelligensie (Hurlock 1975:141; kyk 2.4).

### 2.4.4 Adolessensie

Puberteit vorm die eerste fase van adolessensie en word veral gekenmerk deur vinnige groei en die geslagtelike ontwikkeling van die kind. Die belangrikste invloed van puberteitsveranderinge op die houding en gedrag van die kind is 'n behoefte aan isolasie, verveeldheid, swak koördinasie, sosiale antagonisme, verhoogde emosionaliteit, verlies van selfvertroue en oormatige beskeidenheid (Erikson 1977:234; Hamachek 1975:51; Hurlock 1975:161; Kauschansky & Tyano 1985:184; Lloyd 1985:41; Meyer 1990c:169; Monteith et al. 1988:37).

By die aanvang van adolessensie is die individu reeds bewus van sy goeie en swak persoonlikheidseienskappe, sowel as van die rol wat persoonlikheid in sosiale aanpassing speel. Die ouer adolessent is ook bewus van die aard van 'n aangename persoonlikheid. Kennis word gedra van die eienskappe wat deur lede van die eie sowel as die ander geslag waardeer word en hy is voortdurend besig om homself te meet aan die norme en waardes van die samelewing (Adams 1983:209; Hurlock 1975:196; Stander & Ochse 1981:72).

Volgens Monteith et al. (1988:170) dwing die talle veranderinge wat die kind tydens adolessensie ondergaan hom om sy posisie in die lewe in heroorweging te neem. Die veranderinge wat spruit uit fisieke ontwikkeling, rolveranderinge as gevolg van sosiale ontwikkeling, die vermoë om in terme van moontlikhede te dink en selfstandige en sedelike besluite te neem, konfronteer die adolessent voortdurend met die (identiteits)vraag: Wie is ek? Die adolessent raak in staat tot abstrakte denke en die bevraagtekening van die bekende (Garbers, Wiid, Myburgh, Van Biljon & Fourie 1983:93).

Die adolessente fase word veral gekenmerk deur die soeke na 'n persoonsidentiteit wat gefokus is op die verskillende status- en kernidentiteite, kontinuïteit in die eie lewe en kongruensie tussen die idee oor die self en die rolverwagtings van die samelewing (Erikson 1975:272; Erikson 1977:234-235). Dit is die tydperk waarin die integrasie van die verskillende identiteite plaasvind om 'n persoonsidentiteit (ego-identiteit/selfidentiteit) tot stand te bring. 'n Sintese word bewerkstellig tussen die individu se verskillende identiteite byvoorbeeld as adolessent, as lid van 'n bepaalde geslag, sosiokulturele groep en gemeenskap (Erikson 1977:234-235; Maier 1985:1704). Volgens Monteith et al. (1988:37) is dit: "... 'n gevoel van dieselfde te wees en te bly ondanks veranderende omstandighede en die uitvoering van 'n verskeidenheid sosiale rolle." Die persoonsidentiteit ontwikkel en verkry 'n groter mate van bestendigheid tydens adolessensie, maar dit tree ook na vore as voorwaarde vir 'n daadwerklike betekenisvolle volwasse lewe (Erikson 1977:246).

Dit gebeur ook soms dat die adolessent graag sy persoonlikheid wil verander om aan te pas by die ideale persoonlikheid. Dit is egter 'n baie moeilike taak omdat die persoonlikheidspatroon wat tydens die kindertyd gevorm is, begin om te stabiliseer. Verder word verandering bemoeilik deur die feit dat die vorming van die persoonlikheidspatroon die resultaat van die wisselwerking van oorerwing en omgewing is en dit dikwels faktore is wat buite beheer van die persoon is. Om 'n persoonlikheidverandering te laat plaasvind vereis eintlik 'n verandering in die omgewing wat kan lei tot die gunstige beïnvloeding van die selfkonsep (Grotevant & Cooper 1985:415; Hurlock 1975:196; Kroger 1989:34; Meyer 1990c:169).

Talle omstandighede in die adolessent se lewe dra by tot die vorming van die selfkonsep. Sommige daarvan stem ooreen met dié van die kindertyd, maar sommige is die produk van fisieke en psigiese verandering tydens adolessensie, waar onder die ouderdom van ryping, voorkoms, geslagsgeskiktheid, name en byname, familieverhoudings, portuurgroep en die vlak van aspirasie (Hurlock 1975:197; Monteith et al. 1988:103).

Die adolessent is voortdurend op soek na onafhanklikheid (Josselyn 1963:47; Vander Kolk 1985:308). Die adolessent ontwikkel nie oornag of in 'n psigiese vakuum nie - die individu beweeg uit sy verlede na volwassenheid. Die belangrikheid van die vroeë ontwikkelingsperiode, veral die eerste ses jaar van die kind se lewe kan nie voldoende beklemtoon word nie (Josselyn 1963:47). Daar kan wel veranderinge in die persoonlikheidseienskappe van die adolessent voorkom, maar uit navorsing blyk dat vroeëre patrone behoue bly. Dit mag wel minder opvallend wees, omdat die adolessent met die portuurgroep konformeer. In die geval waar veranderinge voorkom as gevolg van omgewingsomstandighede, is die veranderinge dikwels blywend van aard (Andrews 1973:134; Dunphy 1971:200; Hurlock 1978:532).

Josselyn (1963:46) is van mening dat die adolessent se "... psychological structure develops within the framework of his past patterns of adjustment, the demands of his present needs, the demands of the society he lives in, and the pressure to reach the nebulous, but demanding, goal he has for the future". Ten einde positief met die sosiale omgewing te kan omgaan en in staat te wees tot positiewe verhoudingstigting moet die mens oor 'n positiewe persoonsidentiteit (ego-identiteit) as grondslag vir die selfkonsep beskik (Adams 1983:209; Rasmussen 1964:819). Die adolessent se gedrag en psigiese samestelling word ook beïnvloed deur verhoogde energie om probleme aan te pak, sy strewe tot volwassenheid en sy stryd tot heteroseksuele aanpassing en sosiale druk (Josselyn 1963:45; Mitchell 1986:259).

Die mate waarin die adolessent daarin sal slaag om suksesvol te wees in die verandering van sy persoonlikheid hang van verskeie faktore af. Eerstens moet 'n realistiese ideaal gestel word wat bereikbaar kan wees. Andersins sal mislukking en gepaardgaande gevoelens van ontoereikendheid tot 'n ongunstige selfbeeld bydra. Verder word 'n realistiese evaluering van sterk- en swakpunte vereis. 'n Beduidende verskil tussen die ware en ideale selfkonsep sal tot angstigheid, ongemak, ongelukkigheid en verdedigende reaksies lei. Verder moet die adolessent oor 'n stabiele selfkonsep beskik, wat hom in staat stel om homself op 'n deurlopende manier te sien. Dit dra by tot gunstiger

selfagting en die vermindering van gevoelens van ontoereikendheid. Die adolessent moet redelik tevrede wees met sy prestasie en gemotiveerd om te verbeter in die veld waar hy ontoereikend voel. Dit vereis dus in 'n groot mate selfaanvaarding (Hurlock 1975:198; Schave & Schave 1989:21).

## 2.5 BEPALERS VAN PERSOONLIKHEID

Navorsers het aanvanklik die mening gehuldig dat 'n persoonlikheidspatroon bloot die resultaat van oorerwing is. Uit meer resente navorsing blyk egter dat die persoonlikheidsamestelling die produk van oorerwings- sowel as omgewingsfaktore is. Die totstandkoming van 'n individu se persoonlikheid is die resultaat van die interaksie tussen temperament en omgewing. Indien die wisselwerking harmonieus plaasvind en toereikende relasies gestig word, lei dit tot gesonde persoonlikheidsontwikkeling, maar in die geval van dissonansie in relasies word gedragsprobleme gemanifesteer (Hurlock 1978:526; Maier 1969:26; McKinney 1960:94).

Allport (1961:110-130) gaan selfs verder en sien die individu se persoonlikheidsontwikkeling nie slegs as resultaat van oorerwing en omgewing nie, maar stel dat die individu self ook 'n rol in die ontwikkeling te speel het. Die mens beskik oor 'n mate van vryheid waardeur sy waardes, belangstellings en doelstellings bepalers in die ontwikkeling van die persoonlikheid kan wees. Hy is van mening dat die mens se selfkonsep op grond van die opinies van ander mense in die omgewing gevorm word, sowel as deur die direkte ervaring met die self. Meyer (1990b:363) stel dat die opinie van ander, wat veral in die kindertyd en adolessensie baie belangrik is, mettertyd in belangrikheid afneem, sodat die ryp volwassene se selfkonsep hoofsaaklik op sy eie ervaring en oordeel gegrond is. Ook Miller & Silverman (1987:222) sluit hierby aan met hulle siening dat selfbewustheid, selfbeheer en die bepaling van eie waardes 'n belangrike aandeel in persoonlikheidsvorming het.

Volgens Maslow (1970:60) vind ontwikkeling van die persoonlikheid

ooreenkomstig 'n behoeftehiërargie plaas wat by fisiologiese behoeftes begin en geleidelik uitbrei tot selfaktualisering. Selfaktualisering verwys na die begeerte om alles te wees waartoe 'n mens in staat is, dit wil sê om ten volle gebruik te maak van persoonlike vermoëns, talente en potensiaal.

Rogers (1961:166) lê ook sterk klem op die persoon self as sentrale figuur in die verwesenliking van sy potensiaal. Die omgewing het slegs 'n fasiliterende of inhiberende rol in die verband. Die verwesenliking van potensiaal word bewerkstellig deur 'n atmosfeer waarin die individu onvoorwaardelik aanvaar word vir wat hy is en vry kan voel om te ontwikkel sonder dat sekere beperkinge van buite op hom afgedwing word.

Alhoewel die bepalers van persoonlikheid in wese nie geskei kan word nie, word dit duidelikheidshalwe onder twee hoofde, naamlik oorerwing en omgewing bespreek. Die invloed van die omgewing op die ontwikkeling van die persoonlikheid word verder onderskei in die invloed van vroeë ervaring in die gesin, latere lewenservaring en ander belangrike faktore.

### 2.5.1 **Oorerwing**

Volgens Morgan (1961:482) speel oorerwing op implisiete wyse 'n rol in die ontwikkeling van die persoonlikheid. Persoonlikheid word nie as sodanig geërf nie, maar wel bepaalde predisposisies om in 'n bepaalde rigting te ontwikkel. Die individu toon eerder bepaalde neigings as wat 'n spesifieke eienskap geneties vasgelê word (Sarafino & Armstrong 1980:382).

Hierdie siening word deur Lingren & Byrne (1975:326) asook Maier (1969:27) ondersteun met hulle siening dat temperamentele verskille by pasgebore babas waargeneem kan word. Sommige suigelinge is aktief, ander stil, sommige reageer vinnig op stimuli terwyl ander meer ontspanne en passief is.

Die belangrikste genetiese faktore wat 'n invloed op die ontwikkeling

van die persoonlikheid het, is intelligensie en fisieke voorkoms. Intelligensie speel veral 'n rol ten opsigte van die ontwikkeling van die selfkonsep as gevolg van die interpretasie wat die kind heg aan die wyse waarop ander mense hom behandel. Die vermoë om tot sosiale insig te kom hou verband met die kind se intelligensievermoë. Die intelligente kind is in staat tot 'n beter interpretasie van daaglikse gebeure en ervarings en kan dus makliker tot 'n slotsom kom oor ander mense se houding en gevoelens jeens hom. Sosiale insig dra by tot die vorming van 'n gunstige of ongunstige selfkonsep wat die kern van die persoonlikheid vorm (Goldsmith 1983:350; Hamachek 1975:130; Hurlock 1978:527; McKinney 1960:94; Mills 1981:110; Morgan 1961:483).

Fisieke voorkoms as 'n genetiese gegewene beïnvloed die kind se optrede op 'n direkte, sowel as indirekte wyse. Op direkte wyse bepaal dit waartoe die kind in staat is, en op indirekte wyse bepaal dit die kind se liggaamlike belewenis. Die siening van die liggaamlike self word verder beïnvloed deur die houding van belangrike mense in die kind se lewe. 'n Kind sal byvoorbeeld geen probleem met oorgewig hê totdat hy agterkom dat mense wie hy belangrik ag 'n probleem daarmee het. Dit kan tot 'n ongunstige selfkonsep lei wat blywend is, selfs al word die gewigsprobleem opgelos (Sarafino & Armstrong 1980:382; Hurlock 1978:536).

### 2.5.2 **Omgewing**

Die erflikheidseienskappe voorsien die grondslag waarop die struktuur van die persoonlikheidspatroon deur leerervarings gebou word. Volgens Hurlock (1978:526) word die individu se houding teenoor die self en die kenmerkende wyses van optrede teenoor ander (persoonlikheidseienskappe) deur herhaling en bevreding uit die gedrag verkry, aangeleer. Die vorming van identiteite is slegs moontlik as daar interaksie met die self, ander mense, objekte en idees voorkom (Le Roux 1989:171). 'n Verskeidenheid ervarings wat 'n belangrike invloed op persoonlikheidsvorming het, word vervolgens bespreek.

2.5.2.1 Vroeë ervarings

Faktore wat 'n rol speel in die ontwikkeling van die aard van die selfkonsep in die vroeë kindertyd is onder andere die aard van die kinderopvoeding, die aspirasies van die ouers, die posisie van die kind in die gesin, toereikende geslagsrolidentifikasie en omgewingsekuriteit. Die houding en emosionele reaksie van die ouers, die totale kulturele omgewing en die totale ervaring van die kind het 'n invloed op die ontwikkeling van die kind se persoonlikheidsamestelling. Die ouers het ook 'n belangrike invloed op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind, omdat hulle as modelle vir die kind optree (Hall & Lindzey 1970:276; Hurlock 1975:111, 534; Lloyd 1985:119; McKinney 1960:98; Morgan 1961:485).

McKinney (1960:94) wys veral op die belangrikheid van die moeder in die opvoedingsituasie en die moontlike invloed van liefdeloosheid, verwerping, oorbeskerming, inkonsekwente dissipline, ongunstige vergelykings en emosionele ongebalanseerdheid op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind. Om stabiliteit en geborgenheid te beleef vereis liefde en sorg van die moeder. Wanneer die kind byvoorbeeld deur die moeder oorheers word, ontwikkel eienskappe soos gehoorsaamheid, hoflikheid, beskeidenheid, versigtigheid en opmerksaamheid, maar dit kan ook lei tot ontoereikende inisiatief, oormatige afhanklikheid van gesag en beter sosialisering met ouer mense as tydgenote. Die kind van die meer onderdanige moeder neig tot ongehoorsaamheid, wanorde, selfsug en aggressie, maar hy toon ook meer selfvertroue, vrymoedigheid en onafhanklikheid.

Die kind wat homself, as gevolg van ervarings in die huis, as minderwaardig beleef, sal op grond van die gevoel bepaalde kenmerkende aanpassingsmetodes ontwikkel. Die metodes verskil aansienlik van dié van die kind wat 'n gunstige selfkonsep op grond van ervaring in die ouerhuis en omgewing ontwikkel het. Sosiale druk in die huis, skool en portuurgroep beïnvloed die aard van die eienskappe wat ontwikkel. As aggressie aangemoedig word omdat dit as geslagstiperend vir seuns beskou word, sal die seun poog om aggressiewe gedrag aan te leer (Fleming 1967:144; Hurlock 1978:526; Stander & Ochse 1981:73-75).

Die gesin is die belangrikste omgewingsbepaler van die persoonlikheid, omdat die gesin die eerste sosiale belewenis van die kind is en heelwat van sy tyd word met hulle deurgebring. Die gesinslede is die belangrikste mense in die kind se lewe in die tydperk wanneer die grondslag vir die persoonlikheid gelê word. Gesinsinteraksie, uitdagings en ondersteuning vorm die fondament van die adolessent se perspektiewe wat tot ego-ontwikkeling lei. Persoonlikheidstabiliteit en geestelike geluk word met 'n gelukkige huisgesin geassosieer (Grotevant & Cooper 1985:425; Hurlock 1978:542; McKinney 1960:98; Monteith et al. 1988:192; Morgan 1961:485).

'n Toereikende persoonlikheidsamestelling word bevorder deur die waardes in die huisgesin wat bydra tot individuele inisiatief en 'n leerhouding en wegbeweeg van angs, konflik, verdediging en ontvlugting. Optimale omstandighede vir individuele groei vorm die grondslag waardeur die kind innerlike sterkte ontwikkel wat hom weer in staat stel om angs te oorkom wanneer dit mag voorkom. Dit kom na vore in egosterkte (McKinney 1960:100; Morgan 1961:485).

Mussen et al. (1984:364) stel dat die kind die morele beginsels van die samelewing in sy persoonlike waardestelsel as riglyne vir reg en verkeerd internaliseer. Die kind se gewete ontwikkel as hy morele beginsels aanvaar en versterk. Die gewete is meer as slegs kognitiewe oordeel van reg en verkeerd - dit behels ook 'n sterk gevoel van skuld wanneer die kind nie aan sy eie morele standaarde voldoen nie. Die verbreking van 'n morele reël lei tot skuld, verleentheid en angs.

Die kind wat reeds op vroeë leeftyd aan sosiale ervarings en spel blootgestel word, leer om sy angs vir vreemdelinge te oorkom. Die sosiale ervarings dra by tot die verwerwing van sosiale kalmte en spontaneïteit, die oorwinning van vrees vir ander en huiwering in die teenwoordigheid van volwassenes asook die verkryging van selfstandigheid en handhawing van persoonlike belangstellings en regte. McKinney (1960:102) wys ook daarop dat vroeë speelaktiwiteite die basis vorm vir vriendskappe, populariteit en die ontwikkeling van leierseienskappe. Dit bied geleentheid vir die verwerwing van sosiale houdings

en gewoontes wat bydra tot kalmte, selfvertroue, inisiatief en sosiale optrede.

2.5.2.2 Latere ervarings

Wanneer die kind begin skoolgaan, brei sy leefwêreld in 'n groot mate uit en kom hy voor talle situasies te staan waarin hy self besluite oor sy optrede moet neem. Die uitgebreide omgewing bied geleentheid vir die ontwikkeling van selfstandigheid, verdraagsaamheid en leierskap (Fleming 1967:165; Grotevant & Cooper 1986:83, 84; Hayes 1982:160; McKinney 1960:102; Wilkerson, Protinsky, Maxwell, & Lentner 1982:137).

Namate die kind groot word, vind hy uit dat waardes nie deur alle mense op dieselfde wyse geëvalueer word nie. Daar bestaan ook 'n verskil in die waardes van ouers en die portuurgroep en dat daar eienskappe is wat verband hou met onder andere geslagstipering en sosiale klas. Die kind leer ook dat daar verskillende eienskappe is soos eerlikheid, gesagsaanvaarding, erkenning van menseregte en waardering wat deur alle kultuurgroepe waardeer word (Hurlock 1978:527; Van der Westhuÿsen & Schoeman 1990:220).

Tydens adolessensie kom 'n stryd met die gewete na vore. Die gewete ontwikkel in die vroeë kindertyd en is die resultaat van die inkorporering van ouerlike standaarde in die onbewustelike psigiese struktuur van die kind. Tydens adolessensie begin die individu om die standaarde te bevraagteken en dit lei tot konflik en moontlike verandering en aanpassing van die waardes (kyk 2.4.4). Die adolessent is onseker van sy eie doelwitte, en beleef intense sosiale verwarring. Hy probeer 'n oplossing buite homself kry, maar die sosiale milieu bied geen konkrete ondubbelsinnige oplossing, standaarde of reëls vir die lewe nie (Dunphy 1971:223; Fleming 1967:46; Josselyn 1963:27, 68).

2.5.2.3 Ander belangrike faktore

Van die belangrikste faktore wat 'n invloed op die individu se

persoonlikheidsontwikkeling het, is godsdienstige en morele invloede. Elke kind word tot 'n bepaalde godsdienstige groep gebore wat 'n bepaalde invloed op die ontwikkeling van die individu het (McKinney 1960:105).

Verder is die kind se **kultuur** deel van sy leefwyse en het dit 'n invloed op die ontwikkeling van die persoonlikheid. Kultuur bepaal in 'n groot mate die aard van die ervarings wat die kind beleef. Die kind ervaar kultuurdruk tot die vorming van bepaalde persoonlikheidseienskappe wat aan die eise wat deur die gemeenskap gestel word, voldoen. Die kultuurgroep waaraan die kind se ouers behoort, stel die voorbeeld vir 'n aanvaarbare persoonlikheidspatroon en deur opvoeding in die ouerhuis en skool word die kind gelei tot die aanvaarding van die patroon as model vir sy eie persoonlikheid. In die kultuur waar die kind gesinsgeoriënteerd opgevoed word, sal eienskappe soos lojaliteit, samewerking en opoffering ontwikkel (Herman & Stapf 1977:494; Hurlock 1978:535; Lloyd 1985:92; Morgan 1961:484; Rosenfeld et al. 1984:351).

Die vorming van die selfkonsep word in 'n groot mate beïnvloed deur die feit of die kind homself as **suksesvol of as 'n mislukking** beleef. Dit gebeur dikwels dat 'n persoon suksesvol is, maar dat hy homself subjektief as mislukking beleef, omdat hy nie aan sy eie verwagtings voldoen nie. Die wyse waarop die kind reageer op wat hy as suksesvol of as 'n mislukking sien het 'n invloed op sy persoonlike en sosiale aanpassing wat weer die vorming van die selfkonsep beïnvloed. Mislukking het nie net 'n negatiewe invloed op die selfkonsep nie, maar lei ook tot die ontwikkeling van gedragspatrone wat skadelik is vir persoonlike en sosiale aanpassing (Hurlock 1978:539; Rice 1984:217).

**Sosiale aanvaarding** beïnvloed elke kind se begeerte om sosiaal-aanvaarde persoonlikheidseienskappe te ontwikkel en dit het 'n positiewe invloed op die ontwikkeling van die selfkonsep. Sosiale aanvaarding werk selfvertroue in die hand wat weer daartoe lei dat die kind vriendelik is en op 'n sosiale wyse optree. (Hurlock 1978:540; Rice 1984:216).

Daar word groot **sosiale druk** op die adolessent geplaas. Besondere eise word aan die adolessent gestel, sonder dat daar enige riglyne en leiding verskaf word om aan hierdie eise te voldoen. In die demokratiese lande word uitgegaan van die standpunt dat die individu die reg het om te ontwikkel en te groei, mits hy nie ander mense in die proses benadeel nie. Die gedrag van die individu is egter onvoorspelbaar omdat dit deur die onsekerheid in hom bepaal word. Die kind moet groot word, terwyl geen hulp verleen word oor hoe dit moet geskied nie. Dink aan nie-blanke rituele en inisiëringskampe waarna die adolessente as volwassenes verklaar word (Josselyn 1963:26).

Volgens Rogers (1961:187) staan die **selfkonsep** sentraal in die ontwikkeling van die persoonlikheid en hou veral verband met aanvaarding, hetsy voorwaardelik of onvoorwaardelik. Die aanvaarding het betrekking op die aanvaarding deur ander mense, sowel as die aanvaarding van die self. McFarland (1988:48) beklemtoon ook selfkonsep en veral selfaanvaarding in persoonlikheidsontwikkeling.

Samevattend kan gestel word dat 'n persoonlikheidsamestelling geïdentifiseer word, omdat dit op 'n bestendige wyse voorkom. Die bestendigheid is die resultaat van onder andere:

* Oorerwing - 'n eienskap wat verband hou met oorerwing sal op 'n bestendiger wyse manifesteer as 'n eienskap wat nie met oorerwing verband hou nie.
* Opvoeding - kinderopvoeding en die eienskappe van die opvoeder versterk die ontwikkeling van die selfkonsep en die kind se kenmerkende patroon van aanpassing.
* Ouerlike waardes - eienskappe wat die goedkeuring van die ouers wegdra, word deur hulle versterk en andersom.
* Rollespel - die rol wat die kind tuis leer speel beïnvloed sy selfkonsep.
* Sosiale omgewing - die kind sien homself soos ander hom sien en dit versterk die ontwikkeling van die selfkonsep.
* Keuse van die sosiale omgewing - die keuse berus gewoonlik op 'n dominante eienskap wat in die bepaalde omgewing aan-

vaar word en gevolglik ook versterk word (Andrews 1973:134; Hurlock 1978:531).

Sodra 'n persoonlikheidseienskap deur omgewingsinvloede ontwikkel het, word gedrag, belangstelling en houdings daardeur beïnvloed. Die interaksie lei tot versterking en stabilisering van die persoonlikheidseienskap en gevolglike unieke wyse van omgang met mense en dinge in die omgewing waardeur individualiteit verhoog word (Bickford 1972:191; Hurlock 1978:529).

## 2.6 DIE GOEDAANGEPASTE PERSOONLIKHEID

Die goedaangepaste persoonlikheid word deur teoretici op verskillende wyses beskryf, omdat die aard daarvan verband hou met die teoretikus se mensbeskouing. Sommige van die persoonlikheidsteoretici, soos die psigo-analiste en behavioriste, spreek hulle selfs nie uit oor die aard van die goedaangepaste persoonlikheid nie, terwyl in die humanistiese benaderings sterk klem gelê word op selfaktualisering.

Die humaniste huldig 'n mensbeskouing waarvolgens die mens 'n verantwoordelike mens is wat vryelik kan kies tussen die moontlikhede tot sy beskikking. Hulle beklemtoon die mens in wording wat poog om sy potensiaal te verwesenlik en waarlik homself te wees. Sommige humaniste beklemtoon die aktualisering van innerlike potensiaal terwyl andere ook klem lê die verwesenliking van doelwitte en ideale buite die self (Moore 1990a:338). Volgens Gerdes (1981:91) dui verwesenliking op die positiewe in die mens en kan dit gesien word as die vervulling van die individu se unieke potensiaal.

Vir **Jung** (Viljoen 1990a:95) lê optimale ontwikkeling in die bereiking van die self en die vermoë om ware innerlike eenheid te bewerkstellig. In wese kom dit neer op optimale ontwikkeling deur selfverwerkliking. **Fromm** (Viljoen 1990b:139) is van mening dat die optimaal ontwikkelde persoon die geestelike gesonde mens met 'n produktief-georiënteerde lewenstyl is. Hy is ook van mening dat optimale ontwikkeling slegs in

'n gesonde samelewing kan plaasvind en gelei word deur die mens se gewete.

**Allport** (1961:39) sien die goedaangepaste persoonlikheid as die rype persoonlikheid. Meyer (1990b:365) vat Allport se siening met die volgende definisie saam: "... die ryp persoon het 'n hoogs geïntegreerde persoonlikheid in die sin dat sy propriale ontwikkeling en sy funksionele outonomie op 'n hoë vlak verkeer, en as gevolg hiervan is hy in staat om sy eie gedrag en verdere ontwikkeling bewustelik te bepaal, in 'n groter mate as die onryp persoon by wie die omgewing en onbewuste drange bepalend is."

**Maslow** (1972:39) sien die goedaangepaste persoon in terme van selfaktualisering. Selfaktualisering verteenwoordig die ideale vlak van funksionering waarna elke mens ooreenkomstig die humanistiese ideologie behoort te streef. Om egter dié vlak te bereik is dit volgens Maslow (Engler 1979:338-341; Moore 1990b:383) nodig dat die individu se behoeftes op die vier laer vlakke van motivering op gereelde basis bevredig word. Moore (1990b:383) definieer die optimaal-funksionerende persoon as: "... iemand wat die beperkinge van die omgewing oorkom het, ten einde sy gebreksbehoeftes gereeld te bevredig en die verantwoordelikheid aanvaar het om te selfaktualiseer en sodoende die beste te word wat hy kan wees - om sy potensiaal ten volle te verwesenlik." Eienskappe wat met selfaktualisering gepaard gaan sluit bewustheid, eerlikheid, vryheid en vertroue in.

Volgens **Rogers** (1961:185; 1989:15) moet die goedaangepaste persoonlikheid 'n wye verskeidenheid van ervaringe kan evalueer en in verhouding met sy selfkonsep organiseer. Indien 'n persoon 'n groot verskeidenheid ervaringe het en heelwat daarvan in sy selfkonsep geïntegreer is, sal hy homself beter ken. Sodanige integrasie stel hom beter in staat om sy vermoëns en talente te benut, om konstruktiewe optrede te kies en gevolglik sy potensiaal ten volle te kan verwesenlik. So 'n persoon kan beskryf word as 'n ten volle funsionerende persoon. Rogers (1989:7-8) sien selfaktualisering as 'n natuurlike tendensie in die mens tot volledige ontwikkeling. Hy lê verder sterk klem op on-

voorwaardelike aarvaarding en positiewe agting van ander en die self (Engler 1979:316).

**Frankl** (1980:98) onderskei drie fasette in die persoonlikheid, naamlik 'n liggaamlike, psigiese en geestelike. Die liggaamlike dui op die biologiese, die psigiese op die mens se behoeftes, drange, intelligensie en ander vermoëns en die geestelike dui op die mens se vryheid, verantwoordelikheid en sinsoeking. Volgens Frankl bereik die mens optimale ontwikkeling wanneer hy op die geestelike vlak funksioneer en in staat is om na sin in sy lewe te soek. Dit impliseer 'n betekenisvolle toewyding tot taakverrigting (Frankl 1964:113; Shantall 1990:448-449).

In die **Empiriese Opvoedkunde** word die goedaangepaste persoonlikheid beskou as die individu wat in staat is tot selfaktualisering. Die selfaktualiseerder word beskryf as mens in die volle sin van die woord. Hy is volkome betrokke by die lewe en beleef vreugde sowel as smart op 'n intense wyse; leef nie net vir homself nie, maar ook vir ander en is in staat tot 'n realistiese selfsiening (Vrey 1979:13).

Om tot selfaktualisering te kan kom vereis toereikende relasiestigting. Die opvoedeling word deur die opvoeder tot selfaktualisering en uiteindelike volwassenheid begelei en hierdie hulpverlening geskied in 'n opvoedingsklimaat van liefde, kennis, sorg, vertroue, respek en eerlikheid (Jacobs & Vrey 1982:14-16).

Die bespreking van die gesonde persoonlikheid word saamgevat met die siening van Derlega & Janda (1981:25), naamlik dat geestesgesondheid nie bloot gedefinieer kan word as die afwesigheid van geestessiekte nie. Die goedaangepaste persoon manifesteer sekere vaardighede en eienskappe, alhoewel al die eienskappe nie noodwendig in een persoon na vore kom nie. Die belangrikste eienskappe is waarneming van die realiteit, inagneming van die verlede sowel as die toekoms, betekenisvolle arbeid, sosiale verhoudings, emosionele ervaring en die aanvaarding van die self. Cotler & Guerra (1980:3) sien hierdie vaardigheid as assertiwiteit wat die mens in staat stel tot die handhaaf van goeie interpersoonlike verhoudings.

## 2.7 DIE PERSOONLIKHEID VAN DIE BESKEIE PERSOON AS FENOMEEN

Die fenomeen persoonlikheid word aan die hand van die voorafgaande bespreking (kyk 2.3, 2.4 en 2.5) op skematiese wyse in FIGUUR 4 weergegee. In die uiteensetting word gelet op die persoonlikheidsamestelling, die ontwikkelingstadia, die ontwikkelingskrisis wat volgens Erikson bemeester moet word, en die belangrikste eksterne bepalers van die persoonlikheidsamestelling. Die struktuur dien as verwysingsraamwerk vir die bespreking van beskeidenheid as fenomeen.

Uit die literatuurverkenning oor beskeidenheid is bevind dat daar weinig navorsing oor beskeidenheid gedoen is. Die literatuurverkenning soos in 1.2.2.1 weergegee, word in FIGUUR 5 opgesom onder die hoofde eksplisiete en implisiete gedragsmanifestasie, persoonlikheidseienskappe en moontlike oorsake.

### 2.7.1 Die persoonlikheidsamestelling van die beskeie persoon

Lewinsky (1947:112-113) stel die *beskroomde* mens as die teenoorgestelde van die verwaande persoon. Volgens hom is die beskroomde persoon, ten spyte van sy altruïstiese optrede, narcisties van aard en toon hy hoofsaaklik negatiewe en egosentriese neigings. Die persoon is **waaksaam, onbuigsaam, sonder inisiatief** en toon 'n **onvermoë tot aanpassing by nuwe situasies**. Hy sien beskroomdheid as 'n toestand van **hiperinhibisie** as gevolg van **vrees, skaamte en wantroue** wat deels teen die gemeenskap en deels teen die self gerig is as resultaat van aggressie en seksuele drange. Harris (1984:1087) voeg hieraan toe dat die beskroomde mens voortdurend **ontevrede met die self** is en **frustrasie** beleef.

Stires & Jones (1969) is van mening dat beskeidenheid 'n wyse van optrede is wat daarop gemik is om die aandag van belangrike persone te trek. Volgens hulle loop die beskeie persoon 'n risiko om as swak en oneffektief bestempel te word en ooglopende beskeidenheid lei dikwels tot ongemak by ander mense.

**FIGUUR 4**

**SAMEVATTING VAN LITERATUURSTUDIE OOR DIE FENOMEEN PERSOONLIKHEID**

| Ontwikkelingstadia | Ontwikkelingskrisis (Erikson) | Persoonlikheidsbepalers |
|---|---|---|
| Adolessensie (12+ jr) → | Identiteitsvorming vs. Identiteitskrisis → | Waardes/norme<br>Kognitiewe ontwikkeling<br>Portuurgroep<br>Geslagtelike ontwikkeling |
| Laat kindertyd (7 tot 12 jr) → | Arbeidsaamheid vs. Minderwaardigheid → | Ander faktore<br>Groter sosiale omgewing |
| Klein kindertyd (3 tot 7 jr) → | Inisiatief vs. Skuldgevoelens → | Skooltoetrede<br>Sosiale omgewing |
| Kleutertyd (18 mnde tot 3 jr) → | Outonomie vs. Teruggetrokkenheid → | Gesin |
| Babatyd (geboorte tot 18 mnde) → | Vertroue vs. Wantroue → | Moeder |

P E R S O O N L I K H E I D S A M E S T E L L I N G → G E D R A G

| Selfkonsep | Persoonseienskappe (HSPV) |
|---|---|
| Identiteitsvorming<br>↓<br>Evaluering<br>Gunstig Ongunstig<br>↓<br>Selfagting<br>Laag Hoog<br>↓<br>Identiteits-<br>vestiging | -A Teruggetrokke: koel, afsydigheid, skepties<br>+A Hartlikheid: ongeërgd, warmhartig<br>-B Lae intelligensie: nie abstrak<br>+B Hoë intelligensie: goeie insig<br>-C Egoswakheid: emosioneel, angstig<br>+C Egosterkte: kalm, bedaard<br>-D Flegmaties: onaktief, terughoudend<br>+D Prikkelbaarheid: ongelukkig, aanmatigend<br>-E Onderdanigheid: gehoorsaam, inskiklik<br>+E Dominansie: aggressief, eiewys, selfgeldend<br>-F Soberheid: swygsaam, ernstig<br>+F Sorgvryheid: geesdriftig, opgeruimd<br>-G Laer superegosterkte: opportuun, ongeêrg<br>+G Hoër superegosterkte: konsensieus, ordelik<br>-H Skugterheid: skaam, bedeesd<br>+H Vrypostigheid: aktief, joviaal<br>-I Ontoegeeflikheid: hard, onsentimenteel<br>+I Emosionele gevoeligheid: teerhartig<br>-J Lewenslustigheid: lewensbly, lewenskragtig<br>+J Individualisme: peinsend, terughoudend<br>-M Prakties: ernstig, plegtig<br>+M Onkonvensioneel: verstrooid, spraaksaam<br>-N Naïwiteit: reguit, spontaan<br>+N Skerpsinnigheid: wêreldwys, ambisieus<br>-O Selfversekerdheid: selfvoldaan, onverskillig<br>+O Skuldgeneigdheid: bevrees, bekommerd<br>-Q1 Konserwatisme: tradisioneel<br>+Q1 Radikalisme: liberaal, analisties<br>-Q2 Groepafhanklikheid: aanhanger, volgeling<br>+Q2 Selfgenoegsaamheid: individualisme<br>-Q3 Gebrekkige selfsentiment: laks, onbeheersd<br>+Q3 Sterk selfsentiment: goeie selfbeeld<br>-Q4 Lae drangpeil: ontspanne, rustig<br>+Q4 Hoë drangpeil: gespanne, gejaagd |

Bron: Eie samestelling

**FIGUUR 5**
**LITERATUURVERKENNING OOR BESKEIDENHEID**

| Eksplisiete gedragsmanifestasie | Implisiete gedragsmanifestasie | Persoonskenmerke | Moontlike oorsake |
|---|---|---|---|
| Bekeidenheid | | Vry van aanmatiging<br>Nie-veeleisend<br>Terughoudend<br>Beskroomdheid<br>Gebrekkige selfvertroue<br>Roem nie op die self nie<br>Geïnhibeerd | Ontoereikende aanvaarding van geslagsontwikkeling<br>Liggaamlike beskeidenheid (skaamte) word oorgeplaas na psigiese beskeidenheid<br>Oormatige kritiek deur ouers a.g.v. sosiale norme<br>Skuldgevoelens<br>Dominante moederfiguur |
| | | Ontoereikende assertiwiteit | Onvermoë tot selferkenning<br>Hoë selfkritiek<br>Onvermoë om 'n kompliment te hanteer |
| | Sosiale angstigheid | Terughoudendheid<br>Beskroomdheid<br>Min selfvertroue<br>Selfbewustheid<br>Introversie<br>Verwag sosiale verwerping | Onvermoë om kritiek te hanteer<br>Lae selfagting |
| | Openbare selfbewustheid | Konformering<br>Groepafhanklikheid<br>Skaamte/bedeesdheid<br>Verleentheid<br>Verhoogangs | Bekommernis oor die self as stimulus vir ander se optrede.<br>Te hoë eise aan die self |
| | Keuse tot swak prestasie | Konformering<br>Geïnhibeerd | Portuurgroepdruk |
| | Ontoereikende assertiwiteit | Geïnhibeerd | Lae selfagting |
| | Vrees vir sukses | Geïnhibeerd | Lae selfagting |
| | Swak selfevaluering van bekwaamheid | Geïnhibeerd | Lae selfagting<br>Te hoë eise aan die self |

Bron: Eie samestelling

Persoonlikheidseienskappe wat in beskeidenheid manifesteer hou volgens FIGUUR 5 ook verband met sekere psigiese aktiwiteite met betrekking tot die self. Dit sluit onder andere die onvermoë om kritiek te hanteer, lae selfagting, bekommernis oor die invloed van persoonlike gedrag op ander en te hoë persoonlike eise in (Crozier 1981:220; Elliott 1984:292; Hollinger & Fleming 1984:135). Dit is aspekte wat veral tydens adolessensie sterk na vore tree as gevolg van die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent.

Die persoonlikheidseienskappe wat in die ontleding van beskeidenheid (FIGUUR 5) na vore kom sluit die volgende in: vry van aanmatiging, nie-veeleisend, terughoudend, beskroomdheid, gebrekkige selfvertroue, roem nie op die self nie, geïnhibeerdheid, ontoereikende assertiwiteit, selfbewustheid, introversie, konformering, groepafhanklikheid, skaamte, verleentheid en verhoogangs.

In FIGUUR 5 kom *lae selfagting* telkens voor by die implisiete verbandhoudende faktore tot beskeidenheid. Dit is dus moontlik dat die beskeie persoon probleme ervaar met 'n lae selfagting. Selfagting is een van die belangrikste psigiese aktiwiteite in die vorming van die selfkonsep (kyk 2.3.1) wat impliseer dat 'n lae selfkonsep moontlik in beskeidenheid kan manifesteer.

### 2.7.2 Die rol van ontwikkelingstadia en ontwikkelingskrisisse in die persoonlikheidsamestelling van die beskeie persoon

Uit FIGUUR 4 blyk persoonlikheidseienskappe soos teruggetrokkenheid, skuldgevoelens en minderwaardigheid as uitkoms van die hantering van krisisse in die persoonlikheidsontwikkeling. Lewinsky (1947:110) meld dié eienskappe in terme van beskroomdheid as manifestasie van onderdrukte aggressie by die mens. Hierdie eienskappe is ook persoonlikheidseienskappe van die beskeie persoon (kyk FIGUUR 5). Die afleiding kan dus gemaak word dat die individu reeds in die kleuter-, klein kinder- en laat kindertyd sekere persoonlikheidseienskappe, wat in beskeidenheid kan manifesteer, ontwikkel het.

### 2.7.3 Belangrike persoonlikheidsbepalers in die persoonlikheidsamestelling van die beskeie persoon

Uit die literatuur blyk die dominante moederfiguur (Mc Kinney 1960:94), oormatige kritiek van die kant van die ouers met die oog op sosiale konformering (Rosenfeld et al. 1984:352) en die aanvang van geslagtelike ontwikkeling (Hurlock 1975:161; Lewinsky 1947:111) belangrike oorsake van beskeidenheid te wees. Volgens Lewinsky (1947:112) manifesteer die beskroomde mens 'n sosiale en emosionele onvolwassenheid wat op 'n probleem in ontwikkeling kan dui. Opvoeding speel 'n belangrike rol in die ontstaan van beskeidenheid as gedragsmanifestasie.

## 2.8 SAMEVATTING

Uit die literatuurstudie blyk dat 'n individu herken word aan 'n unieke persoonlikheid wat aanleiding gee tot kenmerkende optrede en verbandhoudende relasies in 'n bepaalde omgewing. Die optrede is gegrond op 'n besondere persoonlikheidsamestelling wat 'n selfkonsep en kenmerkende eienskappe behels. Die samestelling kan van so 'n aard wees dat dit 'n patroon vorm wat 'n aanduiding van gedrag of selfs aanpassingsprobleme kan wees. Die ontwikkeling van die persoonlikheid is nooit werklik voltooi nie en is die resultaat van 'n groot verskeidenheid faktore. Verder is gelet op die aard van die gesonde persoonlikheid wat sigself in selfaktualisering manifesteer en na die moontlike persoonlikheidsamestelling van die beskeie persoon.

In hoofstuk drie word aandag gegee aan die verband tussen relasievorming, selfaktualisering en die persoonlikheidsamestelling met besondere verwysing na die beskeie persoon. Die doel van hoofstuk drie is om op teoretiese wyse te bepaal of beskeidenheid 'n remmende uitwerking op die relasievorming en selfaktualisering van die leerling het. Verder word gelet op die rol van beskeidenheid as manifestasie van onrealistiese selfbevordering in die relasievorming en selfaktualisering van die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase.

## HOOFSTUK 3 DIE ROL VAN PERSOONLIKHEIDSAMESTELLING IN DIE LEEFWêRELD VAN DIE BESKEIE LEERLING IN DIE SENIOR SEKONDêRE SKOOLFASE

### 3.1 INLEIDING

In die bespreking van die verskillende aspekte met betrekking tot die rol van persoonlikheidsamestelling in die leefwêreld van die beskeie leerling word eerstens gelet op die gangbare verloop alvorens dit deurgetrek word na die beskeie leerling. Die mens, dus ook die leerling en beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase, is nie 'n enkeling, geïsoleerd in 'n wêreld van sy eie nie, maar 'n individu in 'n leefwêreld waarin relasies met objekte en idees, ander mense en die self van primêre belang vir persoonlike aanpassing en aktualisering is. Die aard van die relasies hou verband met die persoonlikheidsamestelling van die individu en die gevolglike wyse waarop die persoon betekenis gee aan sy leefwêreld. Die beskeie persoon se relasies en betekenisgewing daaraan sal noodwendig verskil van dié van byvoorbeeld die verwaande persoon.

Deur liggaamlike ontwikkeling en psigiese wording, sowel as die voltrekking van die leerhandeling, kom die kind tot persoonlikheidsontplooiing en raak hy steeds meer in staat tot toereikende relasiestigting en gevolglike aanpassing by sy omgewing. Toereikende aanpassing lei tot selfaktualisering en impliseer harmoniese relasies tussen die individu en die verskillende komponente van sy leefwêreld (kyk 2.6).

Die uiteindelike doel van opvoeding is onder andere om die kind tot toereikende aanpassing by sy omgewing te begelei. Die verwesenliking van die doel is onder meer geleë in die selfaktualisering van die kind en daarom is daar by die mens 'n voortdurende strewe om fisiek en psigies tot optimale ontplooiing te kom (kyk 2.6). Volgens Hurlock (1975:2) hou die mate waarin 'n individu tot selfaktualisering kom

verband met sy innerlike vermoëns sowel as met die hulpverlening wat in die verband ontvang word.

Elke opvoeder het as besondere roeping die taak om die opvoedeling te begelei tot die wording van wat hy kan, wil en behoort te word (Oosthuizen 1985:3). Die opvoedeling is egter nie 'n willose mens in die hande van die opvoeder nie, maar 'n persoon in eie reg met bepaalde voorkeure, behoeftes en begeertes. Mense word juis van mekaar onderskei omdat hulle individue met kenmerkende unieke eienskappe is. Uit die literatuurstudie (hoofstuk 2) blyk dat elke opvoedeling met wie daar bemoeienis gemaak word, 'n unieke individuele persoonlikheid het; 'n eie besit waarmee die leefwêreld betree word en wat uiteraard 'n kenmerkende invloed op die relasievorming in die leefwêreld het.

Die unieke samestelling van 'n individu se persoonlikheid speel 'n baie belangrike rol in harmoniese relasievorming, ofte wel aanpassing en selfaktualisering in die leefwêreld. Uit die literatuurstudie (Hoofstuk 2) blyk dat die persoonsbesit waarmee die mens sy leefwêreld betree uit 'n selfkonsep en individuele persoonlikheidseienskappe bestaan. In die geval van die beskeie persoon is daar moontlik sprake van 'n lae selfagting (wat tot 'n lae selfkonsep bydra) en 'n verskeidenheid persoonlikheidseienskappe wat toereikende relasievorming kan kortwiek. Eksplisiete eienskappe wat uit die literatuur na vore kom, is terughoudendheid, onderdanigheid, skugterheid, individualisme en skuldgeneigdheid, terwyl daar ook by implikasie van teruggetrokkenheid, egoswakheid, groepafhanklikheid en 'n hoë drangpeil sprake kan wees.

In hierdie hoofstuk word gelet op die verband tussen relasievorming, selfaktualisering en die persoonlikheidsamestelling by die beskeie leerling. In die bespreking word aandag gegee aan die rol van die verskillende psigiese aktiwiteite wat tot die vestiging en bevordering van 'n identiteit bydra en sodoende 'n rol speel in die persoonlikheidsamestelling van die leerling.

## 3.2 DIE VERBAND TUSSEN RELASIEVORMING, SELFAKTUALISERING EN PERSOONLIKHEIDSAMESTELLING BY DIE BESKEIE PERSOON

Relasievorming, selfaktualisering en persoonlikheidsamestelling is wesenskenmerke van die leerling se leefwêreld en noop dus 'n verkenning. In die bespreking word gelet op die relasievorming, selfaktualisering en die persoonlikheidsamestelling van die leerling, ook die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase. Verder word gelet op die wisselwerking tussen persoonlikheidsamestelling, relasievorming en selfaktualisering. Ten slotte word gelet op die rol van selfbevordering as psigiese aktiwiteit in die persoonlikheidsamestelling van die beskeie leerling (kyk 3.3).

### 3.2.1 Relasievorming by die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase


Die siening oor relasievorming, soos weergegee, is oorspronklik gegrond in die siening van Vrey (1979) en Jacobs & Vrey (1982), asook talle vakkundige gesprekke met kenners van die onderwerp.

Die leefwêreld waarin die mens hom bevind is drieledig. Dit behels 'n wêreld van dinge (Umwelt), wat impliseer dat die mens in sekere verhouding met alle objekte en idees in sy omgewing staan. Daar is ook 'n wêreld van mense waarin die individu homself moet onderskei, oriënteer en handel (Mitwelt). Verder is daar sprake van 'n **eie** wêreld (Eigenwelt) waarin die individu se psigiese (ek) in verhouding tree met homself. Die kind se leefwêreld bestaan derhalwe uit betekenisvolle relasies met objekte en idees, ander mense en met die self. Uit die relasies verkry die individu toepaslike statusidentiteite in die wêreld, byvoorbeeld 'n identiteit as leerling weens sy verhouding met die skool, 'n identiteit van sportman as gevolg van sy verhouding met sport en 'n identiteit as vriend deur sy verhouding met ander persone. Die evaluering van die identiteite dra by tot die vorming van die selfkonsep en dus ook die persoonlikheid (Baruth & Huber 1985:60; Giffin & Patton 1974:27; Vrey 1979:12; kyk 1.1).

Hierdie drieledige relasievorming van die kind in sy leefwêreld word

op skematiese wyse in FIGUUR 6 voorgestel en aan die hand daarvan verder bespreek.

FIGUUR 6
RELASIEVORMING EN VERBANDHOUDENDE IDENTITEITSVERKRYGING VAN DIE KIND IN SY LEEFWêRELD




Bron: Eie samestelling

In die besondere leefwêreld van die kind is daar talle situasies en gebeurtenisse waaraan hy deel het en waaruit hy, sonder noodwendige toedoen, toepaslike identiteite verkry. Byvoorbeeld die kind wat as sesjarige tot die skool toetree, verkry bewustelik of onbewustelik, sekere statusidentiteite waar onder 'n skolier-, graad een-, skoolpligtigheids- en moontlik 'n werks- en getrouheidsidentiteit.

Deur die omgang met en deelname aan situasies en gebeure ontstaan

bepaalde relasies met die verskillende komponente van die leefwêreld wat noodwendig in toepaslike identiteite kulmineer. In bogenoemde voorbeeld het dit betrekking op die skool en verbandhoudende sake en word skoolgeoriënteerde statusidentiteite verkry.

Die beskeie leerling manifesteer persoonlikheidseienskappe soos terughoudendheid, beskroomdheid, min selfvertroue en geïnhibeerdheid (kyk 2.7.1). Die aard van die persoonlikheidseienskappe kortwiek spontane optrede en kommunikasie en kan 'n remmende invloed hê op die vorming van relasies, omdat die kind terugtrek en nie inisiatief neem tot die uitbreiding van veral sosiale relasies nie (Cheek & Buss 1981:331; Crozier 1981:220; Mandel & Shrauger 1980:370). Toereikende relasievorming berus volgens Derlega, Winstead, Wong & Greenspan (1987:178) in 'n groot mate op selfonthulling. Die beskeie leerling ervaar as gevolg van geïnhibeerdheid in 'n groot mate probleme met selfonthulling wat derhalwe sy relasievorming sal kortwiek.

Goeie relasies berus op tweerigtingkommunikasie wat 'n mate van assertiwiteit vereis (Augsburger 1980:11, 27; Bower & Bower 1976:29; Dawley & Wenrich 1976:3). Fernsterheim & Baer (1975:11) is van mening dat inhibisie 'n dempende proses is wat aktiwiteite en nuwe leersituasies verminder. In die senior sekondêre skoolfase verkeer die leerling in die fase van adolessensie wanneer die portuurgroep en die uitbreiding van sosiale verhoudings, ook op heteroseksuele vlak, na vore kom. **By die beskeie leerling is daar dus sprake van ontoereikende relasievorming, veral op sosiale vlak, wat uit die aard van die saak tot beperkte geleenthede vir identiteitsverkryging, as belangrike bousteen vir persoonlikheid, aanleiding gee.**

Die self (as geestelike besit) staan sentraal in 'n omringende wêreld van wisselwerkende relasies en vorm die psigiese dimensie en grondslag van die persoonlikheid. Deur persoonlike ervarings word die kind bewus van statusidentiteite waaroor hy beskik en leer hy die self ken deur in verhouding met homself te tree wanneer verworwe statusidentiteite geëvalueer word. Die aard van die evaluering (gunstig of ongunstig) lê die aard van die relasies wat gevorm word ten grondslag, naamlik toereikend of ontoereikend.

Die evaluering van identiteite deur betrokkenheid, belewing en betekenisgewing en die invloed daarvan op die leerling se persoonlikheidsamestelling word op skematiese wyse in FIGUUR 7 weergegee en aan die hand van die figuur verder bespreek.

Die aard van die relasies wat in die leefwêreld gestig word hou verband met die wyse van betrokkenheid, belewing en betekenisgewing aan statusidentiteite wat deur gebeure en situasies in die leefwêreld tot stand kom. Die ontwikkelingstadium, ontwikkelingskrisis wat hanteer moet word en die belangrike persoonlikheidsbepalers van die ontwikkelingsfase (kyk FIGUUR 4) het ook 'n belangrike invloed op die aard van betrokkenheid, belewing en betekenisgewing.


Betrokkenheid dui op daadwerklike handeling, hetsy fisiek of psigies en impliseer doelgerigtheid, volharding, ywer en toewyding. Die kind word dus in die leefwêreld op doelgerigte wyse, deur die self en deur ander by sekere gebeure betrek en die betrokkenheid dra by tot die omvorming van 'n bepaalde statusidentiteit tot 'n kernidentiteit. Hierdie betrokkenheid vereis volgens Swanepoel (1990:98) ook belangstelling in die voorwerp of gebeure.

Die betrokkenheid gaan met 'n besondere belewing gepaard wat gunstig of ongunstig kan wees en waardeur die kind tot die gebeure aangetrek of afgestoot word. Belewing gee derhalwe 'n aanduiding van hoe die statusidentiteit in 'n betrokke situasie ervaar word; hoe 'n leerling sy leerlingskap ervaar en die belewing bepaal die kwaliteit van die relasies wat met die leerlingskap verband hou. Belewenis is gevoelsmatig van aard en beklemtoon die unieke en eie aard van die relasies wat 'n persoon stig, en die intensiteit daarvan bepaal die duidelikheid en bestendigheid van die betekenisse wat gevorm word.

Die betrokkenheid en gepaardgaande belewing lei tot 'n besondere betekenisgewing aan 'n bepaalde statusidentiteit wat realisties of onrealisties kan wees en wat dan bydra tot die verpersoonliking daarvan tot 'n kernidentiteit. Betekenisgewing impliseer dat die kind herken, ken, verstaan en weet. Die kognitiewe vermoëns stel hom in

FIGUUR 7

DIE ROL VAN DIE EMPIRIESE KATEGORIEë IN DIE VORMING VAN DIE PERSOONLIKHEID




Bron: Eie samestelling

staat om betekenisse van 'n besondere identiteit te ontdek en toe te ken en op die wyse sy leefwêreld te vorm. Betrokkenheid, belewing en betekenisgewing staan in wisselwerking met mekaar en dra by tot die wyse waarop die kind homself in bepaalde situasies sien (Jacobs & Vrey 1982:11-13).

Deur die wisselwerkende handeling van betrokkenheid, belewing en betekenisgewing evalueer die mens verkrygde identiteite ten opsigte van verbandhoudende relasies. Die evaluering lei uiteindelik tot 'n eiesoortige idee van die self in bepaalde gebeure en situasies en beïnvloed die aard van die mens se relasies. Die mens vorm dus 'n selfbeeld ten opsigte van 'n bepaalde identiteit, waarmee hy identifiseer, waaraan hy herken kan word en waardeur sy gedrag in 'n mate voorspel kan word. Le Roux (1989:118) beskryf die proses as die verwerwing van 'n selfbeeld as spieëlbeeld van die identiteit. Dié selfbeeld dui op die relasie met die self omdat dit 'n aanduiding gee van die wyse waarop die kind homself in verhouding met dinge, idees en ander mense sien. Die verhouding van die mens tot homself kom tot uitdrukking in begrippe soos selfkennis, selfrespek, selfvertroue, selfkritiek, selfontplooiing en selfkonsep (Heyns (1974:10).

Die kind ontwikkel 'n idee oor homself ten opsigte van 'n bepaalde identiteit in die leefwêreld, byvoorbeeld ten opsigte van sy lojaliteit teenoor maats. Die besondere identiteit raak gevestig deur die mens se antwoord op die vraag **wie** en **wat** hy is. Wanneer die leerling dus vir homself erken dat hy lojaal is, verpersoonlik hy 'n positiewe lojaliteitsidentiteit; hy ken homself as lojale mens en weet dat hy vir sy vriende in die bresse sal tree. Betrokkenheid, betekenisgewing en belewing het op 'n gunstige wyse plaasgevind en 'n positiewe selfbeeld vir lojaliteit is gevorm. Die positiewe selfbeeld vir lojaliteit lei tot die vestiging van 'n kernidentiteit: lojaliteit en dra by tot die vorming van die selfkonsep en persoonlikheidseienskappe wat met lojaliteit verband hou. Indien die persoon ook deur ander mense as lojaal ervaar word, het realistiese betekenisgewing plaasgevind en sy lojaliteitsidentiteit bygedra tot toereikende relasievorming en selfaktualisering.

Volgens Jacobs (1987:3) is die identiteit "... nie enkelvoudig nie, maar veelfasettig, aangesien net soveel fasette van die self onderskei kan word as wat daar identiteite is." Die kind evalueer en vestig identiteite ten opsigte van talle aspekte in die leefwêreld, waar onder sy liggaamlike, geestelike, fisiese wêreld en optrede teenoor ander. Deur die evaluering van verskillende identiteite verkry die leerling verskillende idees oor homself (in die konteks van hierdie navorsing selfbeelde) wat hy dan met verloop van tyd tot 'n konsep oor homself integreer.

Die evaluering en vestiging van 'n verkrygde identiteit (statusidentiteit) behels 'n aantal psigiese aktiwiteite wat verband hou met die geestelike besit van die mens (ek en self; kyk 2.3.1). Verder vorm dit 'n belangrike bydraende faktor tot die ontwikkeling van die selfkonsep en gepaardgaande persoonlikheidseienskappe wat die basis is vir die wyse waarop die kind met sy leefwêreld omgaan en relasies vorm.

Die aard van die selfkonsep gee 'n aanduiding van die kind se relasie met homself en is die resultaat van die wisselwerkende handeling van evaluering en vestiging van identiteite wat uit die individu se drieledige leefwêreld verkry is. Identiteite ontstaan en raak gevestig as resultaat van bepaalde gebeure en die invloed van die identiteit op die individu se relasies met objekte, idees mense en die self (Rice 1984:216).

Betrokkenheid, belewing en betekenisgewing is die kernkategorieë van die Empiriese Opvoedkunde en rig die aard van die relasies wat gevorm word. Geen empiries-opvoedkundige bemoeienis met die kind kan plaasvind sonder die inagneming daarvan nie. Dit is derhalwe noodsaaklik om te let op die wyse waarop die beskeie leerling in sy leefwêreld en veral ten opsigte van die self betrokke raak, beleef en betekenis gee. **Die vraag is hoe die beskeie kind statusidentiteite deur evaluering verpersoonlik tot kernidentiteite en op watter wyse hierdie evaluering sy relasievorming en optrede beïnvloed.** Sodanige kennis gee 'n aanduiding van sy persoonlikheidsamestelling en -ontplooiing en dien as basis vir hulpverlening.

Die beskeie leerling verkry ook 'n verskeidenheid identiteite in sy leefwêreld wat deur betrokkenheid, belewing en betekenisgewing geëvalueer word om tot 'n idee oor die self te kom. As gevolg van die eksplisiete persoonlikheidseienskappe van terughoudendheid, nie-veeleisendheid, beskroomdheid, gebrekkige selfvertroue en geïnhibeerdheid (kyk FIGUUR 5) word spontaneïteit by die beskeie leerling gedemp. Die kind tree gevolglik nie met oorgawe toe tot die omringende wêreld nie en ontneem homself sodoende die geleentheid tot bewuswording van identiteite en selfkennis. Volgens Jones, Freemon & Goswick (1981:29) en ook Harris (1984:1083) kan beperkte sosiale kontak as gevolg van beskroomdheid selfs tot eensaamheid aanleiding gee. Hierdie onvermoë om relasies te vorm kan verder lei tot 'n belewing van angstigheid, min selfvertroue en 'n lae selfagting wat by implikasie eienskappe van die beskeie persoon kan wees.

Pilkonis (1977:602) bevind uit navorsing oor beskroomde persone dat dié teruggetrokke persoon nie inisiatief neem in gesprekvoering nie. Hy reageer meestal slegs op die gespreksgenoot en die houding kan tot onsekerheid en angs in die sosiale situasie lei. Harris (1984:1084) stel dat die beskroomde persoon meestal op sy eie worstel met die verhouding met die self wat in lae selfvertroue en -agting manifesteer. Dit is moontlik dat die beskeie leerling as gevolg van beskroomdheid onsekerheid en sosiale angs kan beleef. Sodanige omskrywing stem ooreen met die beskrywing van teruggetrokkenheid (faktor A) volgens die HSPV, naamlik gereserveerdheid en terughoudendheid wat sosiale relasies negatief kan beïnvloed (Karson & O'Dell 1976:36).

Die angstigheid, min selfvertroue en lae selfagting wat by die beskeie leerling kan voorkom, kan 'n belangrike rol in die evaluering van identiteite speel en kan aanleiding gee tot 'n **ongunstige idee van die self**, ofte wel 'n ongunstige selfbeeld ten opsigte van bepaalde identiteite. Ook op die vlak van betekenisgewing kan die beskeie leerling ontoereikendheid ervaar, omdat die evaluering van die verworwe identiteite ongunstig is. Die ongunstige evaluering kan ook **onrealistiese betekenisgewing** insluit met die gevolg dat die psigiese self nie na waarde geskat word nie. Sodanige evaluering is die oorsaak van en versterk 'n ontoereikende verhouding met die self. **Die**

beskeie leerling kan as gevolg van die ontoereikende verhouding met die self ook probleme ervaar met verhoudings tot ander mense.

### 3.2.2 Selfaktualisering by die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase

Die kind wat toereikende relasies gestig en in sy omgewing aangepas het, geniet innerlike harmonie, omdat hy met homself tevrede is. Die persoon is in staat om teenspoed te verwerk en streef steeds ideale na; hy is ook in staat om doelwitte wat onrealisties hoog gestel is, in ooreenstemming met sy vermoë aan te pas om sodoende tot selfaktualisering te kom (Hamachek 1985:235; Hurlock 1978:542).

Harris (1984:1086) is van mening dat beskroomdheid in die inhibering van die self manifesteer. Die terughoudendheid en ingetoëndheid van die beskeie leerling gee aanleiding tot ontoereikende relasievorming en dit word veral waargeneem in ontoereikende sosiale verhoudings waardeur selfaktualisering gekortwiek word (kyk 3.2.1).

'n Aantal kenmerkende eienskappe wat beskrywend is van die kind wat toereikende sosiale aanpassing aktualiseer, word in die literatuur onderskei. Die selfaktualiserende kind:

* is in staat en bereid om verantwoordelikheid in ooreenstemming met sy ouderdom te aanvaar.
* neem met vreugde deel aan ervarings wat by sy ouderdom pas.
* pak probleme aan wat 'n oplossing vereis.
* geniet dit om struikelblokke in die weg na geluk te bestry en te verwyder.
* neem besluite met weinig kommer, konflik en advies.
* staan by sy besluit, maar is oop vir oortuiging.
* kry bevrediging uit werklike prestasie en leef nie in die verbeelding nie.
* leer uit foute en probeer nie verskonings daarvoor aanvoor nie.
* oordryf nie sukses of dra dit na onverwante sake oor nie.

* is in staat om nee te sê vir situasies wat vir hom nadelig is.
* kan woede en toegeneentheid op gepaste wyse toon.
* kan pyn en emosionele frustrasie verduur.
* toon begrip vir lede van die teenoorgestelde geslag.
* leer sosiaal-verantwoordelike gedrag aan (Hamachek 1976:92-94; Hurlock 1978:542; Monteith et al. 1988:113).

Die beskeie leerling wat persoonlikheidskenmerke soos vry van aanmatiging, terughoudendheid, beskroomdheid, gebrekkige selfvertroue en geïnhibeerdheid toon, mag probleme ervaar met sommige van bogenoemde eienskappe. Die eienskappe waarop gelet word, is die kind:

* is in staat en bereid om verantwoordelikheid in ooreenstemming met sy ouderdom te aanvaar. (**Die beskeie kind toon min selfvertroue.**)
* neem besluite met weinig kommer, konflik en advies. (**Die beskeie kind toon min selfvertroue.**)
* staan by sy besluit, maar is oop vir oortuiging. (**Die beskeie kind is nie veeleisend nie.**)
* leer uit foute en probeer nie verskonings daarvoor aanvoor nie. (**Beskeidenheid is die gevolg van oormatige ouerlike kritiek.** Kyk FIGUUR 5.)
* toon begrip vir lede van die teenoorgestelde geslag. (**Beskeidenheid is die gevolg van ontoereikende aanvaarding van geslagsverandering.** Kyk FIGUUR 5.)

Persoonlike en sosiale aanpassing as manifestasie van selfaktualisering word deur sosiale en selfaanvaarding van statusidentiteite gevoed en berus derhalwe op toereikende relasievorming. As die kind sy eie identiteite aanvaar, tree hy op so 'n wyse op dat sosiale aanvaarding in die hand gewerk word. Hoe meer die kind deur ander aanvaar word, hoe groter selfaanvaarding en gevolglike sosiale en persoonlike aanpassing word beleef, hoe gesonder is die relasies wat gestig word en hoe groter die moontlikheid tot selfaktualisering (Hamachek 1985:235; Hurlock 1978:542).

Op die aspek van selfaanvaarding word in groter diepte ingegaan onder hoofde van die persoonlikheidsamestelling van die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase (kyk 3.2.3).

### 3.2.3 Die persoonlikheidsamestelling van die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase

Tydens adolessensie kan 'n aantal belangrike veranderings in die persoonlikheidsamestelling plaasvind, waar onder veranderinge in die selfkonsep, selfagting, selfidentiteit, emosionele rypwording, verandering in aanpassing en belangstelling. Adolessensie is vir die jongmens 'n tyd van groot onsekerheid en by uitnemendheid 'n tyd waarin die kind probeer en in staat raak om homself en sy omgewing te verstaan (kyk 2.4.4). Petrick (1985:50) stel dat opvoedingshulp aan die kind onontbeerlik is ten opsigte van die vorming van die selfkonsep.

Adolessensie word gekenmerk deur emansipasie en konformering en die gebeure word deur Youniss & Smollar (1985:91) soos volg verwoord: "They (sic adolescent) must find self-definition outside the parental bond and learn to think for themselves without relying on their parents for validation". Hierdie ontwikkelingstaak sal uit die aard van die saak besondere implikasies vir die ontwikkeling van die adolessent se persoonlikheid hê en ook in 'n groot mate verband hou met die bestaande persoonlikheidsamestelling van die individu. Dit lei tot die manifestering van 'n verskeidenheid van gedrag soos arrogansie, aggressie en moedswilligheid (Kauschansky & Tyano 1985:183; Newman 1985:643).

Vervolgens word gelet op die moontlike aard van die beskeie adolessent se persoonlikheid onder hoofde van selfkonsep en persoonlikheidseienskappe (kyk 2.3).

#### 3.2.3.1 Selfkonsep

Uit die bespreking van die kern van die persoonlikheid (kyk 2.3.1) blyk dat die selfkonsep van die individu 'n konfigurasie van oortui-

gings en houdings oor die self is. Die selfkonsep berus op die evaluering van verskillende identiteite in verhouding tot die leefwêreld en die gepaardgaande selfagting, wat hoog of laag kan wees. Volgens Jacobs & Vrey (1982:21) is die elemente van die konfigurasie die persepsie van eie kenmerke en vermoëns, die evaluering van eie vermoëns in vergelyking met die van ander en 'n gunstige of ongunstige belewing van die ervaringe.

Die adolessent staan in die abstrakte kognitiewe fase en is in staat om denke en gevoelens in toepaslike konsepte te organiseer. Hy kan oor abstrakte begrippe redeneer en kan uit sy verskillende selfbeelde wat deur die evaluering van identiteite verkry is, 'n bewustelike selfkonsep vorm. Die selfkonsep vorm die basis vir persoonlike en sosiale gedrag sowel as die individu se toekomstige status as funksionele volwassene. Die leerling in die senior sekondêre skoolfase begin homself ontdek as iemand uniek, maar hy toon onsekerheid en bevraag sy plek in die lewe (Broughton 1981:14; Elliott 1984:289; Hayes 1982:154-155; James 1980:244; Josselyn 1963:27; Lloyd 1985:111; Mussen et al. 1984:478; Wilkerson et al. 1982:134).

Die selfkonsep is die resultaat van die onbewustelike, sowel as bewustelike konsolidering van selfbeelde aan die hand van gevestigde identiteite. Elke individu beskik oor 'n groot verskeidenheid identiteite, en dit is die taak van die adolessent om hierdie verskillende sienings van homself tot 'n geïntegreerde geheel te vorm. Die adolessent behou sommige van die identiteite (in die konteks van hierdie navorsing selfbeelde genoem) en verwerp ander in ooreenstemming met sy belangstelling, talente en waardes en dit lei tot die belangrikste taak van die adolessent, naamlik selfidentiteitsvorming. Hierdie handeling impliseer 'n sintese van vorige identiteite in 'n nuwe konfigurasie, naamlik 'n selfidentiteit. Dit is 'n proses wat deur sosiale interaksie beïnvloed word. Die selfkonsep (in die konteks van hierdie navorsing gekonsolideerde selfbeeld of selfidentiteit) van die adolessent ondergaan voortdurende verandering en differensiasie. (Horrocks 1976:91, 106; Kroger 1989:15; Petrick 1985:57). Met verloop van tyd ontwikkel en stabiliseer die adolessent 'n selfkonsep wat hoog of laag kan wees (Rice 1984:224).

Die konsolidering van die verskillende identiteite kan vir die beskeie leerling 'n baie groot probleem wees. Die hoë aspirasie-identiteit wat deur die leerling nagestrewe word, kan tot gevolg hê dat die beskeie leerling sy gevestigde identiteite nie na waarde kan skat nie en gevolglik 'n onrealistiese lae selfkonsep vorm.

'n Lae selfkonsep kan aanleiding gee tot ontoereikende relasievorming. 'n Negatiewe houding teenoor die self inhibeer optrede en gevolglik ontbeer die persoon baie geleenthede tot persoonlike groei en genot (kyk 3.2.4). Vervolgens word in groter detail gelet op die implikasies van 'n lae selfkonsep. Volgens Jacobs & Vrey (1982:43) gaan die volgende eienskappe gepaard met 'n lae selfkonsep:

* Min of geen vertroue in persoonlike vermoëns. (Beskeidenheid.)
* Geloof tot mislukking.
* Lae prestasieverwagting. (Beskeidenheid.)
* Ervaring van vernedering deur gedrag en mislukkings.
* Preokkupering van persoonlike swakhede.
* Selektering van persepsies en soeke na ervaringe wat die persepsies bevestig.
* Verwagting van verwerping deur andere.
* Swak selfaanvaarding. (Beskeidenheid.)
* Eng persepsieveld in ooreenstemming met verwagtings.
* Hoë angspeil.
* Swak liggaamsbeeld.
* Neiging tot eensaamheid.

Volgens Jacobs & Vrey (1982:43-44) manifesteer 'n lae selfkonsep in disharmoniese relasievorming en word gekenmerk deur die volgende gedrag:

* Onttrekking aan sosiale verkeer en onbetrokkenheid. (Beskeidendheid.)
* Vermoë om liefde te betoon is geïnhibeerd.

* Manifesteer hulpeloosheid as gevolg van 'n geloof dat lewensomstandighede buite beheer is.
* Neiging om ander persone te verwerp.
* Neiging tot vyandigheid teenoor ouers en portuur.
* Obsessie tot aanprysing deur ander. (Beskeidenheid, omdat ouers altyd gekritiseer het.)
* Onvermoë om aanprysing te aanvaar. (Beskeidenheid, roem nie op die self nie.)
* Toon uitermate behoefte aan affeksie en liefde.
* Toon 'n aanvaarbare front teenoor ander.
* Neig om terug te trek van vreemde mense. (Beskeidenheid.)
* Toon talle verdedigingstrategieë.

Die meeste adolessente ervaar egter probleme met die ontwikkeling van 'n gepaste selfkonsep en faktore wat hiertoe bydra is onder andere die persoonlikheidseienskappe wat met die verloop van tyd ontwikkel het. Die aard van die individu se selfkonsep hou onder andere verband met sy selfvertroue, selfagting, senuweeagtige gewoontes, psigosomatiese klagtes, neigings tot aggressie en onttrekking (Elliott 1984:289; Horrocks 1976:87). Die leerling met 'n lae selfkonsep is voortdurend in 'n negatiewe selfgesprek betrokke; daar word negatief gedink oor die self, die gesin, die sosiale omgewing en die persoon se waardes (Bower & Bower 1976:1; Jacobs & Vrey 1982:45-48).

Geen kind is in staat tot selfaktualisering sonder die nodige selfaanvaarding nie. Dit is dus noodsaaklik om die diskrepansie tussen die ideale en die ware selfkonsep sover moontlik uit te skakel sodat die leerling op realistiese wyse betekenis kan gee aan persoonlike prestasies. Selfaanvaarding berus op realistiese aspirasies, suksesbelewing, selfinsig, sosiale insig en 'n stabiele selfkonsep (Hurlock 1978:544).

Die selfkonsep van die beskeie leerling kan beïnvloed word deur lae **selfagting** wat 'n negatiewe invloed op selfaanvaarding het en ontevredenheid met die self tot gevolg kan hê. Die kind wat probleme met selfaanvaarding het, tree dienooreenkomstig met min selfvertroue op en kortwiek sodoende sosiale aanvaarding en uiteindelike selfaktuali-

sering. Lewinsky (1941:105) is van mening dat dat daar 'n wisselwerking bestaan tussen gebrek aan selfvertroue en beskroomdheid as gevolg van ontoereikende selfaanvaarding en ontoereikende sosiale ervarings.

Uit die literatuur (kyk 1.2.2.1.2) blyk dat beskeidenheid onder andere die gevolg van oormatige kritiek van die ouers en 'n oorheersende moederfiguur is. Dit is aspekte wat volgens Hurlock (1978:542) die selfaanvaarding van die kind benadeel omdat dit tot die ongunstige evaluering van 'n identiteit lei. As die kind voortdurend tereggewys word en sy pogings gekritiseer word, kan dit daartoe lei dat die aspirasie-identiteit op so 'n wyse gevorm word dat dit nooit werklik bereik kan word nie. Die gevolg is 'n voortdurende ongunstige selfevaluering en onrealistiese betekenisgewing aan persoonlike prestasies. Die kind stel te hoë eise aan homself en manifesteer 'n hoë mate van selfkritiek. Hy beleef gevolglik 'n gevoel van misnoegdheid en ontevredenheid wat remmend op selfaktualisering inwerk (Bower & Bower 1976:1; Harris 1984:1086).

**Ten spyte van goeie prestasies en deugde ag die beskeie leerling homself nie na waarde nie en word sy selfkonsep ongunstig beïnvloed. Dit kan die gevolg wees van onrealistiese aspirasies, gebrekkige selfinsig, te hoë persoonlike eise en oormatige selfkritiek. Dit kan gepaardgaan met 'n negatiewe selfgesprek.**

Aan die ander kant is dit ook moontlik dat die beskeie leerling wel 'n gunstige evaluering van identiteite maak wat tot 'n hoë selfkonsep bydra. **Die beskeie leerling se onvermoë om op die self te roem gee egter aanleiding tot geïnhibeerde optrede en ontoereikende assertiwiteit wat relasievorming belemmer** (kyk 1.2.2.1.1).

### 3.2.3.2 Spesifieke persoonlikheidseienskappe tydens adolessensie

Verskeie navorsing is gedoen oor persoonlikheidsontwikkeling tydens adolessensie. Horrocks (1976:55) is van mening dat alle persoonlikheidseienskappe by alle individue in alle ouderdomsgroepe teenwoordig

is. Persoonlikheidstrekke kom in alle ouderdomsgroepe voor, maar is soms meer prominent in 'n bepaalde fase.

Horrocks (1976:67) lig verder enkele persoonlikheidskenmerke uit wat tydens adolessensie sterk na vore kom, naamlik ekstraversie en introversie, vyandigheid en angstigheid asook emosionaliteit. Vroeë adolessensie word beskou as 'n tydperk van introversie en sommige skrywers (Horrocks 1976:67) verwys selfs na 'n introversiekrisis wat om en by die veertiende jaar voorkom. Die vroeë adolessente tydperk word gekenmerk deur die diffuse selfidentiteit wat gepaardgaan met 'n mate van isolasie, minderwaardigheid en min selfvertroue. Namate die kind ouer word en 'n eie persoonsidentiteit vorm, vervaag die isolasie, verminder die gevoel van minderwaardigheid en verkry die kind meer selfvertroue (Le Roux 1989:254).

Dié introversie kan moontlik toegeskryf word aan 'n onvermoë om bepaalde situasies te hanteer. Die leerling in die senior sekondêre skoolfase het na alle waarskynlikheid reeds in 'n besondere rigting ten opsigte van ekstraversie/introversie ontwikkel. Ook Harris (1984:1083) is van mening dat isolasie met beskroomdheid gepaardgaan. **Die beskeie leerling word gekenmerk deur beskroomdheid en terughoudendheid wat derhalwe moontlik verband kan hou met 'n diffuse selfidentiteit en gepaardgaande isolasie, min selfvertroue en 'n gevoel van minderwaardigheid.**

Adolessensie is 'n tydperk van onsekerheid en spanning en as die kind nie in staat is om die situasie te hanteer nie dra dit potensiëel by tot angstigheid en vyandigheid. Verwerping van volwassenes se gesag is 'n onmiskenbare manifestasie van vyandigheid as gevolg van die onsekerheid van adolessensie (Horrocks 1976:67; James 1980:244). **In die geval van beskeidenheid, wat die gevolg van 'n dominante moeder en oormatige ouerlike kritiek is, kan die kind groter spanning ervaar as gevolg van botsende eienskappe soos opstandigheid en gehoorsaamheid.**

Die emosionele ontwikkeling tydens adolessensie is 'n baie belangrike aspek van persoonlikheidsontwikkeling. Die emosies word beïnvloed deur die fisieke ontwikkeling wat met adolessensie gepaardgaan. Ver-

der stel die kognitiewe ontwikkelingsvlak van die adolessent hom in staat om oor sy gevoelens en die betekenis daarvan te dink. Dit is ook 'n tydperk waarin die kind nuwe situasies moet hanteer wat tot angs en frustrasie aanleiding kan gee. Die adolessent ervaar 'n verhoging in gevoelens oor homself en ander en is meer bewus van ander se gevoelens teenoor hom (Ford & Urban 1963:553; Lloyd 1985:102; Miller & Silverman 1987:225).

Emosies wat baie algemeen by adolessente voorkom sluit geluk en vreugde, liefde en toegeneentheid, woede, skuldgevoelens, vrees en angs, eensaamheid, rou en depressie in. Die aanleer van bewustheid, begrip en aanvaarding van gevoelens is 'n belangrike aspek van persoonlikheidsontwikkeling in adolessensie (Ford & Urban 1963:553; James 1980:244; Kroger 1989:8, 63; Lloyd 1985:103-105).

Volgens bostaande bespreking sluit die gangbare persoonlikheidseienskappe wat die leerling in die senior sekondêre skoolfase manifesteer hartlikheid, intelligensie, prikkelbaarheid, dominansie, entoesiasme, angstigheid en spanning in. Dit is die eienskappe wat kenmerkend is en dit sal noodwendig 'n invloed op die leerling se relasievorming en selfaktualisering uitoefen.

**Die moontlike persoonlikheidseienskappe van die beskeie leerling staan egter in 'n groot mate teenoor die van die gemiddelde leerling, naamlik as introversie, terughoudendheid, gehoorsaamheid, inskiklikheid en soberheid. Angstigheid en spanning kom wel by die beskeie leerling voor.**

### 3.2.4 Die wisselwerking tussen persoonlikheidsamestelling, relasievorming en selfaktualisering van die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase

Elke mens staan in 'n bepaalde leefwêreld waarin besondere relasies met die self, ander mense en voorwerpe bestaan. Indien die individu in staat is om harmoniese relasies te stig, impliseer dit toereikende aanpassing in die leefwêreld. Volgens Hurlock (1978:542) verwys die aanpassing na die mate waarin 'n persoon optimaal in 'n wêreld van

mense funksioneer. Die aanpassing (deur kenmerkende relasies) gee dus 'n aanduiding van die aard van die kind se persoonlikheidsamestelling en die mate van selfaktualisering (Dawley & Wenrich 1976:7).

Vervolgens word gelet op die gebeure rondom die wording van die kind met besondere klem op die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase. Die dinamiek van die gebeure wat tot selfaktualisering kan bydra, word op skematiese wyse in FIGUUR 8 voorgestel en aan die hand daarvan bespreek. Die verloop geskied ten opsigte van alle gebeure in die individu se leefwêreld en die voorstelling is 'n vereenvoudiging van 'n baie komplekse dinamiek.


Relasievorming, persoonlikheidsamestelling en selfaktualisering staan in wisselwerking. Selfaktualisering is die resultaat van gesonde toereikende verhoudings met die Umwelt, Mitwelt en Eigenwelt wat slegs moontlik is deur gunstige evaluering van identiteite en die gepaardgaande persoonlikheidsamestelling wat tot selfaktualisering kan lei.

Van Dyk (1990:22) is van mening dat selfaktualisering neerkom op sinvolle betrokkenheid by alles binne die persoon se leefwêreld. Die kind staan in 'n besondere eiesoortige relasie (volgens 'n persoonlike identiteit) tot objekte en idees, ander mense en die self. Alle ervarings word in die lig van die relasies aan die hand van identiteite (as Eigenwelt) vertolk deur 'n unieke persoonlike wyse van betekenisgewing, betrokkenheid en belewing van die gebeure. Die unieke wyse van evaluering hou verband met die persoonlikheidsamestelling van die individu en rig vervolgens sy gedrag (kyk 3.2.3.1). Die individu se wyse van aanpassing by gebeure en voorwerpe in die leefwêreld is in ooreenstemming met sy selfkonsep en gepaardgaande persoonlikheidseienskappe.

Die individu is voortdurend besig om sy relasies met voorwerpe en gebeure in die leefwêreld aan die hand van identiteite deur middel van selfgesprek te evalueer. Die evaluering geskied deur betrokkenheid, belewing en betekenisgewing aan die identiteite aan die hand van persoonlike waardes en norme. Die evaluering van die identiteit kom daarop neer dat 'n idee gevorm word oor die self in 'n bepaalde situ-

FIGUUR 8

DIE DINAMIEK VAN DIE INDIVIDU SE LEEFWêRELD




Bron: Eie samestelling

asie (selfbeeld) wat dan deur verpersoonliking as identiteit gevestig word. In wese kom dit neer op die evaluering van 'n statusidentiteit en die vorming van 'n kernidentiteit wat 'n aanduiding gee van die erkenning of miskenning van sy persoonlike aandeel in die gebeure (kyk 3.3). So kan die kind sy statusidentiteite in die leefwêreld evalueer om 'n identiteit vir byvoorbeeld leerling, leier, spaarsaamheid, gehoorsaamheid of getrouheid te vestig. Die mens tree op die wyse in verhouding met die self.

In die verloop van sy lewe ontwikkel die individu talle sodanige identiteite, op dieselfde wyse as in FIGUUR 8 voorgestel, waarvan sommige gunstig en andere ongunstig geëvalueer word. Die identiteite word deur middel van die selfgesprek en ander psigiese aktiwiteite aan die hand van persoonlike waardes en norme geëvalueer en dra op die wyse bewustelik of onbewustelik tot die vorming van die selfkonsep by.

Die selfkonsep as kern van die individu se persoonlikheid is die uitvloeisel van 'n verskeidenheid geëvalueerde identiteite wat verkry word uit die kontak van die kind met ander persone; die wyse waarop hy behandel word; wat aan en oor die kind gesê word en die status wat die kind in die groep waaraan hy verbonde is, geniet. Die ouers en gesin is aanvanklik die belangrikste persone in die kind se lewe en het gevolglik 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van die selfkonsep van die kind (kyk 2.5).

Alhoewel die selfkonsep aan verandering onderhewig is, is dit ook die belangrikste enkele faktor wat 'n invloed op die vorming van persoonlikheidseienskappe, byvoorbeeld introversie, afhanklikheid en spanning het. Die selfkonsep beïnvloed 'n persoon se gedrag en verandering in die selfkonsep sal tot verandering in gedrag lei, omdat dit noodwendig tot 'n verandering van die kenmerkende eienskappe lei. Die mens manifesteer gedrag wat in ooreenstemming met die selfkonsep is. Die eerlike persoon sal byvoorbeeld nie van oneerlike metodes gebruik maak om te presteer nie (Jacobs & Vrey 1982:27).

Die selfkonsep vorm dus die kriterium waarvolgens ervaringe geïnterpreteer word, aan persepsies betekenis gegee word en verwagtinge en

optrede bepaal en gerig word. Die wyse waarop die persoon dinge beleef, daarby betrokke is en betekenis daaraan gee kom in die selfkonsep tot uiting. Die gevormde selfkonsep is weer die maatstaf waarvolgens die individu na buite beweeg deur relasie met ander persone te vorm. "Hierdie gevormde selfkonsep bepaal dan die wyse en die intensiteit van betrokkenheid en uiteindelik die geslaagdheid van hierdie relasievorming en gepaardgaande gedrag" (Jacobs & Vrey 1982:30).

Die mens se selfkonsep beïnvloed die wyse waarop hy na homself en sy omgewing kyk. 'n Lae selfkonsep kan die aanleidende oorsaak vir talle gedragsprobleme en die ontwikkeling van negatiewe persoonlikheidseienskappe soos angs en spanning wees.

Die aard van die individu se selfkonsep word bepaal deur die balans van gunstige en ongunstige kernidentiteite. Indien 'n persoon enersyds neig tot oorwegend ongunstige evaluering van identiteite, sal dit in 'n oorwegend lae selfkonsep resulteer. Andersyds sal oorwegend gunstige evaluering van identiteite tot 'n hoë selfkonsep bydra wat die individu op die weg van selfaktualisering sal plaas. Benewens die kern bevat die persoonlikheid ook kenmerkende persoonlikheidseienskappe (soos bepaalbaar deur die HSPV) wat verband hou en in wisselwerking met die selfkonsep is.

'n Hoë selfkonsep impliseer die ontwikkeling van bepaalde persoonlikheidskenmerke wat meestal in sosiaal aanvaarbare gedrag manifesteer. Hierdie toereikende gedrag lei tot gesonde relasies (aanpassing) in die leefwêreld en sal selfaktualisering in die hand werk. Daarteenoor kan 'n lae selfkonsep in ontoereikende en sosiaal onaanvaarbare gedrag na vore kom wat verhoudingstigting belemmer en die selfaktualisering van die individu rem.

Die beskeie leerling kan egter reeds vanaf die eerste ontwikkelingstadium (kyk FIGUUR 4) onderhewig wees aan oormatige kritiek van die ouers wat ongunstige selfagting in die hand werk. Die beskeie leerling manifesteer inhibisie, lae selfvertroue, beskroomdheid en terughoudendheid wat ook 'n nadelige invloed op die status van die kind in die groep sal hê en relasies en selfaktualisering kan belemmer.

Die opvoeder het in sy bemoeienis met die kind 'n besondere verantwoordelikheid teenoor hom, omdat hy in die posisie van begeleier is. Deur doelgerigte waarneming van die kind se gedrag kan die sensitiewe opvoeder leemtes in die opvoedeling se relasies met sy leefwêreld waarneem en hom behulpsaam wees met die nodige aanpassing. In die praktyk kom dit neer op die waarneming van ontoereikende of sosiaal onaanvaarbare gedrag, die bepaling van moontlike oorsake en die invloed daarvan op relasievorming.

Die oorsake van ontoereikende gedrag kan in die persoonlikheidsamestelling geleë wees. Persoonlikheidseienskappe soos terughoudendheid, min selfvertroue en die weiering om op die self te roem kan tot ontoereikende relasievorming by die beskeie leerling lei (kyk 3.2.1). Die kind kan begelei word tot persoonlikheidsontplooiing met die oog op beter relasievorming. Die opvoedeling kan bygestaan word om realistiese identiteite te vestig wat tot 'n hoë selfkonsep kan lei om sodoende tot die gemeenskaplike einddoel van selfaktualisering te kom.

Aangesien dit uit die bespreking blyk dat die beskeie leerling waarskynlik op onrealistiese wyse aan sy verworwe identeite betekenis gee, word vervolgens in meer detail gelet op die psigiese aktiwiteite wat tot die persoonlikheidsamestelling lei.

## 3.3 DIE ROL VAN SELFBEVORDERING AS PSIGIESE AKTIWITEIT IN DIE PERSOONLIKHEIDSAMESTELLING VAN DIE BESKEIE LEERLING IN DIE SENIOR SEKONDêRE SKOOLFASE

Identiteitsvorming en -vestiging is belangrike aspekte in die ontwikkeling van die persoonlikheid omdat dit tot die vorming van die selfkonsep bydra. Die leerling is voortdurend besig om statusidentiteite wat deur relasievorming met voorwerpe en gebeure in die leefwêreld verkry word deur middel van sy selfgesprek te evalueer (kyk 3.2.2). Die evaluering van 'n identiteit deur die selfgesprek impliseer 'n aantal psigiese aktiwiteite. Dit behels die bewuswording, verkenning

en verpersoonliking van die identiteit, waardeur dit gevestig word en tot die samestelling van die persoonlikheid bydra.

Die evaluering van die verworwe identiteit lei tot die vorming van 'n selfbeeld ten opsigte van die identiteit. Die evaluering geskied deur middel van betrokkenheid, belewing en betekenisgewing en impliseer agting, erkenning en aanvaarding van die identiteit alvorens dit as kernidentiteit gevestig word.

Die evaluering van identiteite deur selfgesprek impliseer 'n aantal psigiese aktiwiteite. Die volgende psigiese aktiwiteite word onderskei:

* bewuswording van 'n bepaalde identiteit,
* verkryging van objektiewe kennis van die identiteit en
* verpersoonliking van die identiteit deur evaluering.

Die evaluering behels die vorming van 'n selfbeeld deur:

* vergelyking van die identiteit met aspirasie-identiteit en die norme van die gemeenskap,
* agting vir die identiteit as persoonlike besit,
* aanvaarding van eiewaarde ten opsigte van die identiteit en
* vestiging van die identiteit.

Die evaluering van die identiteit kan realisties of onrealisties gunstig of ongunstig wees en lei tot 'n dienooreenkomstige selfbeeld. Die aard van die selfbeeld gee 'n aanduiding van die persoonlike erkenning en agting ten opsigte van die besondere identiteit. Die aard van die evaluering vind neeslag in die individu se gedrag en optrede in sy alledaagse aanpassing.

Indien die evaluering van die identiteit gunstig is, word 'n positiewe selfbeeld gevorm. Die identiteit word met selfvertroue (trots; kyk 1.6.7) aan die sosiale omgewing in verhoudings geopenbaar en bevorder. Fensterheim & Baer (1975:8) verwys na die verskynsel as assertiwiteit

wat lei tot selfonthulling, kommunikasie, aktiewe oriëntering ten opsigte van die lewe en optrede wat tot selfrespek lei. Ook Cotler & Guerra (1980:3) en Bower & Bower (1976:218-219) stel dat die onthulling 'n aanduiding van assertiwiteit is. Die persoon beskik oor die vermoë om homself te bevorder sonder om angs- en skuldgevoelens te beleef en sonder om die regte van ander mense te benadeel. Hierdie siening word ook onderskryf deur Dawley & Wenrich (1976:3).

Deur die bevordering van die identiteit word die gunstige evaluering (positiewe selfbeeld), indien dit realisties is, deur die sosiale omgewing versterk en sodoende dra dit verder by tot die vorming van 'n hoë selfkonsep. Dit lei dan tot persoonlikheidseienskappe wat in sosiaal aanvaarbare gedrag resulteer en selfaktualisering en toereikende relasievorming in die hand werk.

'n Onrealistiese gunstige evaluering van 'n identiteit manifesteer in verwaandheid wat neerslag vind in ontoereikende relasievorming en negatiewe sosiale versterking. Die kind manifesteer 'n gewaande positiewe selfbeeld. Die identiteit word gevolglik nie deur die sosiale omgewing versterk nie en daar is geen positiewe bydra tot die selfkonsep nie. **Die sosiale antagonisme teenoor verwaande gedrag is so hoog dat sommige mense beskeidenheid manifesteer as gevolg van 'n vrees om as verwaand bestempel te word.**

'n Ongunstige evaluering van die identiteit gaan gepaard met lae agting daarvoor en dit lei tot die vorming van 'n negatiewe selfbeeld ten opsigte van die identiteit. Dit is moontlik dat die evaluering van die identiteit as gevolg van 'n te hoë aspirasie-identiteit ongunstig is. In so 'n geval is daar sprake van 'n onrealistiese betekenisgewing aan die identiteit wat die selfkonsep nadelig kan beïnvloed. Die gevolg van sodanige onrealistiese evaluering is dat die individu nie bereid sal wees om die kernidenteit aan die sosiale omgewing te openbaar nie omdat dit nie aan die eise van die ideaal voldoen nie. Die persoon wat as gevolg van 'n negatiewe selfbeeld nie bereid is om 'n kernidentiteit aan die omgewing te openbaar nie, kan die identiteit nie bevorder nie en kry dus geen versterking uit die omgewing nie. Cotler & Guerra (1980:12) verwys na die verskynsel as

die onvermoë om assertiwiteit te openbaar. Die onvermoë om die identiteit te bevorder manifesteer in beskeidenheid (kyk 1.6.6).

Die onrealistiese evaluering van 'n identiteit manifesteer in gedrag, naamlik beskeidenheid of verwaandheid wat ontoereikende relasievorming in die hand werk en 'n negatiewe invloed op die selfkonsep kan hê. Lewinsky (1941:108) stel verwaandheid lynreg teenoor beskroomdheid wat volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1977:1068) 'n sinoniem vir beskeidenheid is. Die verwaande persoon manifesteer aktiewe gedrag teenoor die beskroomde persoon se passiewe gedrag. Die verwaande persoon manifesteer nie gevoelens van minderwaardigheid of lae selfagting nie, maar "assumes an air of superiority". Volgens hom is albei vorms van sosiale gedrag gewortel in 'n **gevoel van onsekerheid** en die **onvermoë om die self op** realistiese **wyse** te **bevorder.** Hy onderskei vier vorme van gedragsmanifestasie op die kontinuum, naamlik:

* beskroomdheid as gevolg van gevoelens van minderwaardigheid,
* beskroomdheid gekombineerd met superieure gevoelens,
* verwaandheid as skerm vir gevoelens van minderwaardigheid en
* verwaandheid gekombineer met ongeïnhibeerde selfbevordering as gevolg van 'n onrealistiese selfkonsep (Lewinsky 1941:109).

Die gedragsvorme hou verband met die wisselende mate van openbaarmaking van deugde wat in die loodsondersoek (kyk 1.2.2.2) waargeneem is.

Uit die verkenning van die probleem wat tot die navorsing aanleiding gegee het, blyk egter dat heelparty mense, in verskillende omstandighede, moeite ervaar om openlik erkenning aan hulle goeie hoedanighede te gee. Hulle ervaar dus 'n onvermoë tot bevordering van 'n identiteit, omdat hulle **nie wil òf nie in staat is om op die self te roem nie** (kyk 1.2.1). Lewinsky (1941:109) sien die persoon as die beskroomde mens met positiewe gevoelens wat gewoonlik op die agtergrond beweeg, maar per geleentheid na vore tree. Dit impliseer in werklikheid 'n openlike miskenning van 'n gunstige evaluering van 'n

identiteit. Dit kom neer op die ontkenning of inhibering van persoonlike potensiaal tot 'n positiewe bydrae in situasies. Die persoon is beskeie, alhoewel hy bewus is van sy potensiaal en 'n positiewe selfbeeld ten opsigte daarvan gevorm het. Dit kom ooreen met wat Lewinsky (1941:109) as "beskroomdheid met superieure gevoelens" beskryf.

Uit die literatuurstudie blyk egter dat die onvermoë tot selfbevordering (beskeidenheid) nie slegs die resultaat van doelbewuste inhibering van 'n positiewe eienskap (deug) is nie, maar ook op 'n diepgewortelde ontoereikende relasie met die self kan dui. Indien die kind in die vroeë ontwikkelingstadium aan oormatige ouerlike kritiek onderworpe was en deur die moeder oorheers is, kan dit aanleiding gee tot:

* te hoë aspirasie-identiteit,
* te hoë eise aan die self,
* min selfvertroue,
* swak waaghouding,
* gevoelens van minderwaardigheid,
* skuldgevoelens en
* teruggetrokkenheid.

Geslagsontwikkeling wat nie op 'n toereikende wyse ervaar is nie, kan aanleiding gee tot:

* selfbewustheid en
* terughoudendheid.

Dit is faktore wat die bevordering van positiewe eienskappe sal kortwiek. Die leerling sal reeds in die evaluering van 'n identiteit op 'n onrealistiese wyse betekenis gee aan 'n positiewe eienskap en dus nie in staat wees om die identiteit na waarde te ag en na behore te vestig nie. Die onrealistiese betekenisgewing lei tot 'n onvermoë tot selfbevordering en manifesteer in inhibering en beskeidenheid.

Lewinsky (1941:109) sien die beskeie gedrag as resultaat van gevoelens van minderwaardigheid wat met 'n lae selfkonsep gepaardgaan. 'n Lae

selfkonsep lei tot die onvermoë of onwilligheid tot bevordering van persoonlike deugde as gevolg van verskillende eienskappe soos min vertroue in persoonlike vermoëns, geloof tot mislukking, lae prestasieverwagting en hoë angspeil en swak selfaanvaarding. 'n Hoë selfkonsep word gekenmerk deur selfvertroue en waaghouding wat selfbevordering in die hand werk (kyk 3.2.3.1).

Uit die voorafgaande blyk dat die evaluering van 'n identiteit tot die vorming van 'n selfbeeld lei. Wanneer 'n persoon 'n identiteit gunstig evalueer, 'n positiewe selfbeeld ten opsigte daarvan vorm en bereid is om openlik daaraan erkenning te gee, lei dit tot openbaarmaking of onthulling daarvan en vind bevordering van die identiteit en uiteindelike selfbevordering plaas (Fensterheim & Baer 1975:8). As dit egter verswyg word en slegs privaat gehou en benut word, word selfbevordering geïnhibeer en manifesteer dit in beskeidenheid en inhibering van die vermoë. Die aard van die invloed op die selfkonsep hou verband met die bevordering al dan nie van die identiteit.


Negatiewe of geen selfbevordering het 'n ongunstige invloed op die selfkonsep en lei tot die vorming van persoonlikheidseienskappe wat selfaktualisering kortwiek en belemmerend op relasievorming inwerk. Daar is sprake van wisselwerking tussen die aard van selfbevordering en die aard van die persoonlikheidsamestelling. Benewens die evaluering van 'n identiteit moet daar dus ook gelet word op die wyse van <u>bevordering</u> van 'n identiteit as psigiese aktiwiteit wat tot toereikende selfaktualisering bydra.

Die bespreking van die vermoë van die individu tot die vestiging en bevordering van 'n identiteit word in FIGUUR 9 saamgevat en aan die hand daarvan bespreek. Identiteitsvestiging, soos in FIGUUR 9 weergegee, is slegs 'n verbesonderde weergawe van die identiteitsvestiging soos in FIGUUR 8 aangedui deurdat daar in meer detail op die psigiese aktiwiteite gelet word.

Vir die doel van die bespreking word toereikende openbare optrede as voorbeeld geneem. 'n Kind verkry 'n statusidentiteit as spreker wanneer hy voor ander moet optree en hy raak dus bewus van homself as

FIGUUR 9

DIE VERLOOP VAN DIE VESTIGING EN BEVORDERING VAN 'N IDENTITEIT




Bron: Eie samestelling

openbare spreker. Die bewuswording word voorafgegaan deur belangstelling wat 'n voorvereiste daarvoor is (Swanepoel 1990:98).

Om sy sprekersidentiteit te kan evalueer en aan homself erkenning vir sy persoonlike vermoë tot openbare optrede te kan gee, vereis kennis van die vaardigheid. Wanneer 'n persoon bewus word van sy moontlike vermoë om voor mense op te tree, kan hy die moontlikheid begin verken en ontwikkel en tot vaardigheid inoefen deur kennis in die verband in te samel en toe te pas. Die kennis stel die persoon in staat tot objektiewe evaluering van die eienskap. Daar is dus sprake van 'n evaluering van die sprekersidentiteit byvoorbeeld ten opsigte van 'n goeie stem of houding. Indien die evaluering gunstig is, kan die vermoë tot openbare optrede (sprekersidentiteit) as persoonlike besit ervaar, geag en aanvaar word en die aanvaarding selferkenning ten opsigte van openbare optrede impliseer. Die persoon verkry deur die evaluering 'n positiewe beeld ten opsigte van homself as spreker. Die leerling vestig derhalwe 'n positiewe sprekersidentiteit wat realisties of onrealisties geëvalueer kan wees.


Die vraag is egter of die leerling hierdie sprekersidentiteit aan medeleerlinge gaan openbaar. Daar is dus sprake van 'n verdere psigiese aktiwiteit naamlik die bevordering van die sprekersidentiteit. Afhangende van die kind se persoonlikheidsamestelling kan die erkenning van 'n deug, as gevolg van min selfvertroue of terughoudendheid in die privaatheid van sy selfgesprek na vore kom (negatiewe bevordering), of dit kan deur waagmoed aan die sosiale omgewing bekend gestel word (positiewe bevordering). In FIGUUR 10 word die ontwikkeling van die bevordering van 'n identiteit op 'n kontinuum van privaat tot openbaar voorgestel.

Afgesien van die positiewe of negatiewe aard van die bevordering kan dit ook realisties of onrealisties wees. Die aard van die evaluering sal in 'n groot mate die wyse van openbaarmaking, naamlik inhibering of onthulling van die identiteit bepaal.

Private belewing van die gunstige evaluering van 'n identiteit vir 'n positiewe eienskap impliseer 'n onrealistiese negatiewe bevordering

**FIGUUR 10**

**DIE EVALUERING VAN DIE BEVORDERING VAN 'N IDENTITEIT TEN OPSIGTE VAN 'N POSITIEWE EIENSKAP**




Bron: Eie samestelling

en word in beskeidenheid gemanifesteer. Dit is egter ook moontlik dat die deug as gevolg van 'n te hoë aspirasie-identiteit nie na waarde geag word nie. Die leerling gee gevolglik op 'n onrealistiese wyse betekenis aan die identiteit en ag dit nie geskik of goed genoeg om met ander te deel nie. Daar vind dus as gevolg van 'n onrealistiese evaluering van die identiteit geen bevordering plaas nie. Beskeidenheid kan die gevolg van 'n onrealistiese evaluering en negatiewe selfbeeld ten opsigte van die identiteit wees of as gevolg van die onvermoë of onwilligheid om op die self te roem.

Die openbaarmaking van 'n gunstige evaluering van 'n identiteit en gevolglike positiewe selfbeeld vir 'n goeie hoedanigheid daarenteen, gaan met trots of in oordrewe gevalle met verwaandheid gepaard. Dit dui op die bestaan van positiewe bevordering van die self wat respektiewelik realisties of onrealisties is.

Indien die ontwikkelde identiteit realisties geëvalueer word, hetsy gunstig of ongunstig, lei dit tot selfkennis en -insig wat die selfbeeld en gepaardgaande selfkonsep kan beïnvloed en kan bydra tot selfaktualisering. Wanneer die sprekersidentiteit egter onrealisties geëvalueer word, sal dit die kind in sy ontplooiing rem. Giffin & Patton (1974:12) is van mening dat die geestesgesonde persoon gekenmerk word deur sy akkurate onthulling van die self aan ander omdat dit

tot toereikende interpersoonlike verhoudings lei. Derlega et al. (1987:173) sluit by hierdie gedagte aan.

Volgens Horrocks (1976:100) sal 'n gunstige selfevaluering tot selfagting en verhoogde sosiale deelname (selfbevordering) lei. Positiewe evaluering van 'n identiteit deur ander persone lei tot verhoging van die persoonlike agting en gevolglike versterking daarvan. As 'n leerling ontdek dat hy oor die vermoë beskik om in die openbaar op te tree en dit daadwerklik toepas en sukses ervaar kan dit daartoe lei dat hy in 'n populêre spreker ontwikkel wat met groot gemak die positiewe deug met ander rondom hom deel. Die benutting en gevolglike bevordering van 'n deug lei op die wyse tot verbetering van relasies in die leefwêreld waardeur die selfkonsep positief beïnvloed word en die leerling tot selfaktualisering kom.

Die doel van hulpverlening aan die beskeie leerling sal in die woorde van Cotler & Guerra (1980:28) wees om die kind te lei tot erkenning van sy sterk punte, die benutting van sy goeie hoedanighede in verhoudings en die aanvaarding van erkenning wat deur die sosiale omgewing gegee word.

## 3.4 SAMEVATTING

In die hoofstuk is gelet op die verband tussen relasievorming, selfaktualisering en die persoonlikheidsamestelling van die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase. Verder is gelet op die psigiese aktiwiteite wat tot die mens se persoonlikheidsamestelling bydra met besondere verwysing na die bevordering van 'n identiteit wat in beskeidenheid, trots of verwaandheid manifesteer.

Die beskeie leerling kan as gevolg van sy kenmerkende persoonlikheidseienskappe probleme ervaar met selfbevordering. Dit beïnvloed relasievorming en selfontplooiing op 'n nadelige wyse. Die leerling sal derhalwe met besondere empatie tot volwassenheid begelei moet word. Die kind moet geleer word om homself te ken, homself te identi-

fiseer (identiteite te vorm) en indien hy dit so verkies hom self te verander om tot selfverwesenliking te kom.

Uit die literatuurstudie blyk die navorsing wat onderneem is relevant te wees. Beskeie leerlinge kan moontlike gemeenskaplike eienskappe toon en deur die aard van sy persoonlikheidsamestelling in relasievorming en selfaktualisering gekortwiek word. Vroegtydige identifisering kan derhalwe die basis vir doelgerigte begeleiding vorm.

Hoofstuk 4 word gebruik om verslag te doen oor die ontwerp van die empiriese navorsing. In hoofstuk 5 word die moontlike eienskappe van die beskeie persoon op 'n empiriese wyse ondersoek.

# HOOFSTUK 4 NAVORSINGSONTWERP VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

## 4.1 INLEIDING

Hoofstuk 4 word gebruik om die navorsingsontwerp vir die empiriese ondersoek weer te gee. Dit behels die beskrywing van die doel en navorsingsprobleem, die bespreking van die verkenningsmedium, die stel van die hipoteses, die selektering en samestelling van die groep proefpersone, die werkswyse wat gevolg is en die verwerking van die toetsresultate. Dit word vervolgens onder die verskillende subhoofde bespreek.

## 4.2 DIE DOEL EN NAVORSINGSPROBLEEM VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

As navorsingsprobleem is gestel dat beskeidenheid as manifestasie van sosiale inhibering aanleiding gee tot ontoereikende relasievorming en selfaktualisering kortwiek (kyk 1.2.3). Die vraag wat die navorsing ten grondslag lê, is **of die beskeie leerling nie aan 'n patroon van eienskappe in die persoonlikheidsamestelling herken kan word nie** (kyk 2.3.3). Indien die beskeie leerling deur die opvoeder geïdentifiseer kan word, kan hy begelei word tot selfkennis, selfaanvaarding en self-bevordering en gevolglik tot toereikender relasievorming en selfaktualisering (kyk 3.3).

Die doel van die empiriese ondersoek is om hipoteses oor die aard van die persoonlikheidsamestelling van die beskeie leerling in die praktyk te verifieer. Die empiriese ondersoek is eksplisiet gerig op die samestelling van 'n persoonlikheidsprofiel vir die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase.

## 4.3 DIE HOëRSKOOL-PERSOONLIKHEIDSVRAELYS (HSPV) AS VERKENNINGSMEDIUM

Aangesien die navorsing op leerlinge in die senior sekondêre skoolfase betrekking het, is die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV) en wel vorm A, as verkenningsmedium geselekteer. Die HSPV is spesifiek ontwerp vir die meting van die persoonlikheidseienskappe van die hoërskoolleerling.

In die bespreking van die HSPV word aandag gegee aan die agtergrond, doel en eienskappe van die vraelys. Verder word gelet op die betroubaarheid, geldigheid en interpretasie van die HSPV.

### 4.3.1 Agtergrond, doel en eienskappe van die HSPV

Die HSPV word in die empiriese navorsing gebruik met die oog op die samestelling van 'n moontlike persoonlikheidsprofiel vir die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase. In die bespreking is vryelik aangehaal uit die "Handleiding vir die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys" en die "Samevatting van bestaande kennis in verband met die primêre persoonlikheidsfaktore" (RGN 1981:2, 32-48; RGN 1989:1-48).

Die HSPV bestaan uit 142 vrae wat op die bepaling van veertien verskillende persoonlikheidstrekke gerig is. Die toets meet veertien relatief onafhanklike primêre persoonlikheidsdimensies. Elke faktor word voorgestel as 'n bipolêre kontinuum waarvan die twee uiterste pole beskrywe word, naamlik die linkerkanste pool (wat 'n stanegetelling van 1 tot 3 verteenwoordig) en 'n regterkantste pool (wat 'n stanegetelling van 7 tot 9 verteenwoordig). Vir elkeen van die persoonlikheidstrekke is daar 'n tegniese benaming (byvoorbeeld teruggetrokke teenoor hartlik), 'n algemene omskrywing en 'n alfabetiese simbool waarmee dit aangedui word (Jacobs 1972:53).

Die HSPV is in die VSA deur Raymond B Cattell en Mary DL Cattell ontwikkel. Die vraelys is in die Republiek van Suid-Afrika vir blankes en kleurlinge aangepas en in 1967 gestandaardiseer deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike

Navorsing. Daar bestaan twee paralelle vraelyste, naamlik vorm A en vorm B.

Die HSPV is saamgestel met die doel om 'n betroubare en geldige prosedure in die evaluering van die persoonlikheidsaspekte van hoërskoolleerlinge daar te stel. Dit dek die hoofdimensies van persoonlikheid wat faktoranalities aantoonbaar is. Verder is die vraelys maklik toepasbaar en meet dit sielkundig betekenisvolle persoonlikheidstrekke wat nuttig gebruik kan word vir die voorspelling van gedrag.

Die belangrikste eienskappe van die HSPV is die volgende:

* Dit omsluit al die persoonlikheidsdimensies uit die algemene persoonlikheidsfeer waarvan die bestaan reeds afdoende deur navorsingsbevindinge gestaaf is.
* Die HSPV-resultate verskaf 'n goeie insig in daardie aspekte van die toetsling se persoonlikheid wat bydra tot (of afbreuk doen aan) die gehalte van sy werk in die skool en wat sy aanpassing binne en buite die klaskamer beïnvloed.
* 'n Volledige profiel van die veertien HSPV-tellings verskaf 'n breë basis vir die roetine-versameling van voldoende gegewens betreffende 'n kind se persoonlikheidsontwikkeling.
* Hierdie persoonlikheidsdimensies en -begrippe is ewe goed in kinderleiding-, voorligting- en onderwyssituasies van toepassing.

### 4.3.2 **Die betroubaarheid van die HSPV**

Die betroubaarheid van 'n toets gee 'n aanduiding van die mate waarin 'n sielkundige toets of vraelys konsekwent meet. Mulder (1989:210) stel dat: "... betroubaarheid verwys na die steekhoudendheid van 'n toetsling se punte in dieselfde toets by verskillende geleenthede, of in verskillende toetse met ekwivalente items, of onder verskillende eksamenomstandighede." Betroubaarheid het te make met die metingsfout wat 'n fluktuasie in die toetsling se punte tot gevolg het. 'n Hoë betroubaarheid dui op 'n lae metingsfout en min fluktuasie in die toetsling se punte.

Die betroubaarheid van die HSPV is bepaal deur van 'n toets-hertoets-metode gebruik te maak (kyk Mulder 1989:211 vir 'n bespreking van die metode). TABEL 1 gee 'n aanduiding van die betroubaarheidskoëffisiënt vir vorm A (hertoets na een week) vir vier groepe leerlinge tussen die ouderdomme 14-18 jaar (HSRC 1974:27).

**TABEL 1**

**BETROUBAARHEIDSKOëFFISIëNTE VIR VORM A**

* Die koëffisiënte is omgeskakel na persentasies.

| Groep | N | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J | O | Q2 | Q3 | Q4 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| dogters (Eng. + Afr.) | 422 | *74 | 71 | 74 | 73 | 73 | 75 | 72 | 78 | 75 | 69 | 72 | 69 | 69 | 74 |
| seuns (Eng. + Afr.) | 438 | 66 | 66 | 75 | 66 | 67 | 69 | 62 | 72 | 68 | 65 | 63 | 61 | 64 | 67 |
| 14 jarige seuns en dogters (Afr.) | 119 | 57 | 77 | 67 | 63 | 62 | 57 | 67 | 75 | 74 | 52 | 63 | 55 | 62 | 68 |
| 14 jarige seuns en dogters (Eng.) | 144 | 70 | 60 | 74 | 71 | 70 | 73 | 69 | 78 | 82 | 67 | 68 | 59 | 68 | 74 |
| 15 jarige seuns en dogters (Afr.) | 130 | 64 | 63 | 70 | 66 | 59 | 44 | 56 | 77 | 80 | 72 | 52 | 52 | 63 | 63 |
| 15 jarige seuns en dogters (Eng.) | 118 | 71 | 67 | 81 | 75 | 76 | 79 | 69 | 69 | 87 | 61 | 69 | 74 | 62 | 77 |
| 16 jarige seuns en dogters (Afr.) | 85 | 80 | 73 | 80 | 69 | 70 | 72 | 51 | 76 | 88 | 66 | 77 | 64 | 67 | 73 |
| 16 jarige seuns en dogters (Eng.) | 97 | 73 | 66 | 77 | 72 | 76 | 80 | 76 | 82 | 83 | 66 | 75 | 74 | 70 | 71 |
| 17 jarige seuns en dogters (Afr.) | 55 | 84 | 51 | 68 | 68 | 82 | 84 | 79 | 78 | 86 | 76 | 77 | 74 | 72 | 72 |
| 17 jarige seuns en dogters (Eng.) | 50 | 78 | 62 | 80 | 74 | 79 | 87 | 57 | 76 | 82 | 73 | 77 | 79 | 76 | 78 |
| 18 jarige seuns en dogters (Afr.) | 8 | 88 | 56 | 45 | 87 | 90 | 87 | 73 | 66 | 96 | 86 | 87 | 92 | 72 | 68 |
| 18 jarige seuns en dogters (Eng.) | 9 | 15 | 57 | 48 | 81 | 39 | 92 | 51 | 32 | 75 | 32 | 59 | 45 | 51 | 79 |

### 4.3.3 Die geldigheid van die HSPV

Volgens Mulder (1989:217) verwys geldigheid van 'n metingsinstrument na die mate waarin die toets daarin slaag om dit te meet wat dit voor-

gee om te meet. Die geldigheid kan deur 'n korrelasiekoëffisiënt aangedui word. Die meeste navorsing tot dusver lewer koëffisiënte van 0,4 en 0,6, met slegs in uitsonderlike gevalle 'n hoër korrelasie as 0,6 (Mulder 1989:219). In die lig van hierdie norm het die HSPV 'n besondere hoë geldigheid. Die geldigheid van die HSPV word in TABEL 2 uiteengesit (HSRC 1974:28).

**TABEL 2**

**GELDIGHEIDSKOëFFISIëNTE VIR DIE HSPV**

* Koëffisiënte is omgeskakel na persentasies

| Groep | N | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J | O | Q2 | Q3 | Q4 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Engels-sprekendes | 669 | *79 | 81 | 81 | 75 | 69 | 78 | 71 | 84 | 84 | 63 | 77 | 68 | 75 | 68 |
| Afrikaans-sprekendes | 1484 | 74 | 77 | 79 | 78 | 64 | 72 | 72 | 80 | 81 | 60 | 73 | 63 | 64 | 74 |

#### 4.3.4 Die interpretasie van die HSPV-tellings

Die routelling wat deur die toetsling in die vraelys behaal is, word deur middel van 'n normtabel na staneges (as gestandaardiseerde tellings) omgeskakel.

By die interpretasie van die HSPV word gelet op *primêre* sowel as *tweede orde-faktore* en dit word vervolgens onder dié opskrifte bespreek. Die tweede orde-faktore word volledigheidshalwe genoem, alhoewel dit nie in die ondersoek van toepassing is nie.

##### 4.3.4.1 Primêre faktore

Elkeen van die veertien faktore word op 'n bipolêre kontinuum aangedui, waarvan die twee uiterste pole beskryf word. Die linkerkanste pool word deur 'n stanege van 1 tot 3 verteenwoordig en die regterkanste pool deur 'n stanege van 7 tot 9. 'n Stanege van 1 tot 3 òf 7

tot 9 gee dus 'n aanduiding van 'n duidelike neiging tot 'n sekere persoonlikheidseienskap.

Buigsaamheid in die interpretering van die HSPV-resultate is van groot belang en een uiterste van 'n persoonlikheidstrek dui nie noodwendig op *sleg* terwyl die ander uiterste op goed dui nie. Die waarde (goed of sleg) wat aan die persoonlikheidstrek toegeken word, hou verband met die onmiddellike doel daarmee, byvoorbeeld onbesorgdheid (+F) is wenslik vir 'n verkoopsagent, terwyl soberheid (-F) weer vir 'n wetenskaplike verkieslik is (RGN 1989:2).

Die veertien persoonlikheidstrekke wat deur die HSPV gemeet word, word elk deur 'n alfabetletter aangedui. Verder bestaan daar 'n 'n tegniese benaming en 'n algemene omskrywing waardeur interpretering op primêre vlak vergemaklik word (kyk BYLAE A).

#### 4.3.4.2 Tweede orde-faktore

Objektiewe, eksperimentele sienings oor die samestelling van persoonlikheid dui op 'n hiërargiese struktuur met faktorpatrone wat op verskillende vlakke na vore kom. Na hierdie patrone word verwys as tweede orde-faktore. Die tweede orde-faktore is nie so maklik meetbaar as die primêre faktore nie.

Alhoewel die veertien primêre faktore funksioneel eenheidstrekke is wat onderling, konseptueel en dinamies onafhanklik is, is hulle nie almal volkome statisties onafhanklik nie. Daar is 'n matige, maar definitiewe onderlinge korrelasie tussen die primêre faktore. Die korrelasies van die primêre faktore, kan gefaktoriseer word om breër, tweede orde-faktore te gee en wel ten opsigte van ekstraversie/introversie, leierskap en spanning.

## 4.4 BESPREKING VAN DIE HIPOTESES

Die beskeie leerling ervaar probleme met die bevordering van die self in verskillende relasies. Daar bestaan beperkte literatuur oor die

fenomeen beskeidenheid met die gevolg dat die beeld van die beskeie leerling wat uit die literatuur verkry is, deels op eksplisiete feite berus en deels deur afleidings gevorm is.

Dit blyk uit die literatuurstudie dat beskeidenheid om twee redes manifesteer, naamlik eerstens as gevolg van die siening dat dit volgens sosiale norme, 'n deug is. Verder kan beskeidenheid (as sinoniem vir beskroomdheid, kyk 3.3) ook gesien word as die gevolg van innerlike onsekerheid wat met 'n te hoë aspirasie-identiteit gepaardgaan.

Wanneer beskeidenheid gesien word as die onvermoë om op die self te roem as gevolg van die siening dat beskeidenheid 'n deug is, is daar sprake van doelbewuste inhibering van positiewe eienskappe wat in terughoudendheid manifesteer. In sodanige geval van beskeidenheid word gunstige identiteite gevorm wat tot 'n hoë selfkonsep bydra (kyk FIGUUR 9). Dié beskeie persoon heg hoë waarde aan morele standaarde en reëls en tree dienooreenkomstig op.

In die geval van innerlike onsekerheid ervaar die leerling probleme met die erkenning van sy sterk punte, die benutting van sy goeie hoedanighede in verhoudings en die aanvaarding van erkenning deur die sosiale omgewing (kyk FIGUUR 5 en 9). Beskeidenheid manifesteer gevolglik as vorm van sosiale gedrag wat gewortel is in 'n gevoel van onsekerheid en/of die onvermoë om die self op realistiese wyse te bevorder (kyk 3.3). Beskeidenheid as gevolg van innerlike onsekerheid hou verband met 'n te hoë aspirasie-identiteit en het 'n negatiewe uitwerking op die selfkonsep.

Die persoonlikheidsprofiel wat vir die twee vorme van beskeie leerlinge verkry word, behoort uiteraard te verskil, omdat die selfkonsep van die leerlinge verskil.

Die persoonlikheidseienskappe van die beskeie leerling waarna prominent in die literatuur verwys word, word in dié ondersoek as eksplisiete eienskappe beskou. Die persoonlikheidseienskappe behels **vry van aanmatiging, nie-veeleisenheid, terughoudendheid, beskroomdheid, gebrekkige selfvertroue, roem nie op die self nie, geïnhibeerdheid,**

ontoereikende assertiwiteit, hoë selfkritiek, ontoereikende geslagsaanvaarding en skuldgevoelens.

Die persoonlikheidseienskappe van die beskeie persoon wat nie eksplisiet in die literatuur genoem word nie, maar by implikasie geld, word in dié ondersoek implisiete eienskappe genoem. Die persoonlikheidseienskappe hou verband met sosiale angstigheid, openbare selfbewustheid, 'n keuse tot swak prestasie, ontoereikende assertiwiteit, vrees vir sukses/swak selfevaluering en beskroomdheid en dit manifesteer as beskeidenheid. In die geval van implisiete eienskappe is daar 'n hoë mate van angs en bekommernis oor die self teenwoordig wat tot geïnhibeerde optrede kan lei. Dit gaan derhalwe nie oor beskeidenheid per se nie, maar beskeidenheid manifesteer as resultaat van dieperliggende probleme.

Vervolgens word gepoog om op grond van die literatuurstudie, soos weergegee in hoofstuk 2 en 3 tot 'n hipotesestelling te kom oor die aard van beskeidenheid en die persoonlikheidsamestelling van die beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase. Daar word gelet op die eksplisiete, sowel as die implisiete eienskappe van beskeidenheid. Die beskrywing van die persoonlikheidsamestelling geskied in terme van die HSPV-simbole.

Vir die doel van die hipotesestelling word die kenmerke van beskeidenheid, soos uit die literatuur bevind, onder die opskrifte eksplisiete en implisiete eienskappe neergepen. Die kenmerke word vervolgens vergelyk met die algemene beskrywings van die verskillende persoonlikheidstrekke van die HSPV, om sodoende tot die tegniese benaming van die eienskappe te kom wat moontlik kenmerkend van die beskeie leerling kan wees (kyk BYLAE 1).

### 4.4.1 Persoonlikheidseienskappe wat eksplisiet op beskeidenheid dui

Die eksplisiete eienskappe van beskeidenheid is eienskappe waarna pertinent in die literatuur verwys word. Die persoonlikheidseienskappe wat eksplisiet op beskeidenheid dui en die verbandhoudende be-

skrywings en benamings volgens die HSPV, word in TABEL 3 weergegee.

Uit die ontleding in TABEL 3 blyk dat beskeidenheid gepaardgaan met die volgende sewe persoonlikheidseienskappe volgens die HSPV: teruggetrokkenheid (-A) flegmatisme (-D), onderdanigheid (-E), soberheid (-F), pligsgetrouheid (+G), skugterheid (-H) en bevreesdheid (+O).

Flegmatisme (-D), onderdanigheid (-E) en skugterheid (-H) kom baie sterk na vore in die ontleding. Benewens die prominente voorkoms van die drie faktore is daar ook 'n ooreenkoms in die beskrywing van die faktore flegmatisme (-D), onderdanigheid (-E) en skugterheid (-H) en die beskrywing van beskeidenheid deur terme soos oorbeskeie, nederig, terughoudend en op die agtergrond (kyk BYLAE en 1.6.6).

Uit die bespreking van die HSPV-faktore blyk drie prominente persoonlikheidseienskappe wat eksplisiet verband hou met beskeidenheid, naamlik flegmatisme (-D), onderdanigheid (-E) en skugterheid (-H). Die drie persoonlikheidseienskappe word vir die doel van die empiriese navorsing respektiewelik as aanduiders van beskeidenheid beskou. Benewens die drie persoonlikheidseienskappe word ook melding gemaak van teruggetrokkenheid (-A) soberheid (-F), pligsgetrouheid (+G) en bevreesdheid (+O).

### 4.4.2 **Persoonlikheidseienskappe wat implisiet op beskeidenheid dui**

Uit die literatuur (kyk hoofstuk 2 en 3) blyk 'n implisiete verband tussen beskeidenheid, as onvermoë tot die bevordering van die self en innerlike onsekerheid. Innerlike onsekerheid verwys na sosiale angstigheid, openbare selfbewustheid, 'n keuse tot swak prestasie, ontoereikende assertiwiteit, vrees vir sukses/swak selfevaluering en beskroomdheid.

Hierdie faktore manifesteer op dieselfde wyse as beskeidenheid, naamlik deur terughoudendheid en geïnhibeerdheid en daar bestaan moontlik 'n implisiete verband met beskeidenheid. In TABEL 4 word die persoonlikheidseienskappe wat implisiet op beskeidenheid dui met die HSPV-faktore in verband gebring.

**TABEL 3**
**PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE WAT EKSPLISIET OP BESKEIDENHEID DUI**

| Persoonseienskap | HSPV-beskrywing | Tegniese benaming |
|---|---|---|
| Vry van aanmatiging | Op die agtergrond | (-D) Flegmatisme |
| | Oorbeskeie | (-D) Flegmatisme |
| | Nederig | (-E) Onderdanigheid |
| Nie-veeleisend | Besadig | (-D) Flegmatisme |
| Terughoudend | Terughoudend | (-D) Flegmatisme |
| | Terughoudend, verkleef | (-F) Soberheid |
| | aan innerlike waardes | (-A) Teruggetrokken-heid |
| | Terughoudend | (-H) Skugterheid |
| Beskroomdheid | Teruggetrokkenheid | (-H) Skugterheid |
| | | (-A) Teruggetrokken-heid |
| Gebrekkige self-vertroue | Gevoelig vir mense se goed- of afkeuring | (+O) Bevreesdheid |
| Roem nie op die self | Oorbeskeie | (-D) Flegmatisme |
| | Nederig | (-E) Onderdanigheid |
| | Neem morele standaarde en reëls in ag (deug) | (+G) Pligsgetrouheid |
| Geïnhibeerd | Op die agtergrond | (-D) Flegmatisme |
| Ontoereikende asser-tiwiteit | Volgsaam, inskiklik | (-E) Onderdanigheid |
| Hoë selfkritiek | Emosioneel gedissiplineerd | (+G) Pligsgetrouheid |
| Ontoereikende ge-slagsaanvaarding | Ingetoë in teenwoordigheid van ander geslag | (-H) Skugterheid |
| Skuldgevoelens | Geneigdheid tot skuld-gevoelens | (+O) Bevreesdheid |

**TABEL 4**
**IMPLISIETE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE VIR BESKEIDENHEID**

| Eienskap | HSPV-beskrywing | Tegniese benaming |
|---|---|---|
| Sosiale angstigheid | | |
| Terughoudendheid | Terughoudend | (-D) Flegmatisme |
| | Bedeesd, terughoudend | (-H) Skugterheid |
| Beskroomdheid | Teruggetrokke | (-H) Skugterheid |
| Min selfvertroue | Gevoelig vir mense se goed- of afkeuring | (+O) Bevreesdheid |
| Selfbewustheid | Bekommerd oor self | (+I) Teerhartigheid |
| Introversie | Stil, introspektief | (-F) Soberheid |
| Verwag sosiale verwerping | Versigtig, sien gou gevaar | (-H) Skugterheid |
| | Behoedsaam, in die self gekeer | (+J) Individualisme |
| Openbare selfbewustheid | | |
| Konformering | Afhanklik, konformerend | (-E) Onderdanigheid |
| Groepafhanklikheid | Afhanklik, konformerend | (-E) Onderdanigheid |
| | Groepafhanklik | (-Q2) Groepafhanklikheid |
| | Aanhanger en goeie volgeling | (-Q2) Groepafhanklikheid |
| Skaamte/Bedeesdheid | Ingetoë in die teenwoordigheid van die teenoorgestelde geslag | (-H) Skugterheid |
| Verleentheid | Emosioneel minder stabiel | (-C) Egoswakheid |
| Verhoogangs | Kommervol | (-F) Soberheid |
| | Angstig | (+O) Bevreesdheid |
| Hoë eise aan die self | Pligsgetrou | (+G) Pligsgetrouheid |
| | Kommervol | (-C) Egoswakheid |
| Kommer oor die self as stimulus vir ander se optrede | Kommervol, besorgd | (+O) Bevreesdheid |

| Eienskap | HSPV-beskrywing | Tegniese benaming |
|---|---|---|
| Keuse tot swak prestasie | | |
| Konformering | Konformerend | (-E) Onderdanigheid |
| Inhibisie | Op die agtergrond | (-D) Flegmatisme |
| | | |
| Ontoereikende assertiwiteit | | |
| Inhibisie | Op die agtergrond | (-D) Flegmatisme |
| Lae selfagting | Gevoelig vir mense se goed- of afkeuring | (+O) Bevreesdheid |
| Swak waaghouding | Afhanklik | (-E) Onderdanigheid |
| | | |
| Vrees vir sukses/ swak selfevaluering | | |
| Inhibisie | Op die agtergrond | (-D) Flegmatisme |
| Te hoë eise aan self | Pligsgetrou | (+G) Pligsgetrouheid |
| Lae selfagting | Gevoelig vir mense se goed- of afkeuring | (+O) Bevreesdheid |
| | | |
| Beskroomdheid | | |
| Waaksaam, onbuigsaam | Staan by eie idees | (-A) Teruggetrokkenheid |
| | Versigtig | (-F) Soberheid |
| Sonder inisiatief | Afhanklik | (-E) Onderdanigheid |
| Wantroue | Wantrouig | (-A) Teruggetrokkenheid |
| Ontevrede met self | Selfverwytend | (+O) Bevreesdheid |
| Frustrasie | Emosioneel | (-C) Egoswakheid |
| | Gefrustreerd | (+Q4) Gespannenheid |

Uit die ontleding in TABEL 4, blyk dat beskeidenheid wat by implikasie met innerlike onsekerheid gepaardgaan, gekenmerk word aan die volgende persoonlikheidseienskappe: teruggetrokkenheid (-A), egoswakheid (-C), flegmatisme (-D), onderdanigheid (-E), soberheid (-F), pligsgetrouheid (+G), skugterheid (-H), teerhartigheid (+I), individualisme (+J), bevreesdheid (+O), groepafhanklikheid (-Q2) en gespannenheid (+Q4).

Ook in die geval van implisiete eienskappe van beskeidenheid word uitgegaan van die standpunt dat beskeidenheid respektiewelik gekenmerk word deur die HSPV-faktore flegmatisme (-D), onderdanigheid (-E), pligsgetrouheid (+G) en skugterheid (-H) (kyk 4.4.1).

### 4.4.3 Hipotesestelling

Uit die literatuurstudie blyk bepaalde persoonlikheidseienskappe wat met beskeidendheid gepaard kan gaan, op grond waarvan 'n tentatiewe beeld van die beskeie leerling gevorm is. In terme van HSPV-faktore is die persoonlikheidseienskappe wat eksplisiet en implisiet op beskeidenheid, al dan nie kan dui, teruggetrokkenheid/hartlikheid (A), egoswakheid/egosterkte (C), flegmatisme/prikkelbaarheid (D), onderdanigheid/dominansie (E), soberheid/entoesiasme (F), opportunisme/ pligsgetrouheid (G), skugterheid/waaghalsigheid (H), ontoegeeflikheid/teerhartigheid (I), lewenslustigheid/versigtig-individualisme (J), selfversekerdheid/bevreesdheid (O), groepafhanklikheid/selfgenoegsaamheid (Q2) sowel as ontspannenheid/gespannenheid (Q4).

Enkele hipoteses word vervolgens ten opsigte van die persoonlikheidseienskappe gestel.

Hipotese 1 Daar bestaan hoë positiewe korrelasies tussen die onderlinge HSPV-faktore wat eksplisiet op beskeidenheid, al dan nie kan dui, naamlik teruggetrokkenheid/hartlikheid (A), flegmatisme/prikkelbaarheid (D), onderdanigheid/dominansie (E), soberheid/entoesiasme (F), opportunisme/pligsgetrouheid (G), skugterheid/waaghalsigheid (H) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O).

Hipotese 2 Daar bestaan hoë positiewe korrelasies tussen die onderlinge HSPV-faktore wat eksplisiet sowel as implisiet op beskeidenheid al dan nie kan dui, naamlik teruggetrokkenheid/hartlikheid (A), egoswakheid/egosterkte (C), flegmatisme/prikkelbaarheid (D), onderdanigheid/ dominansie (E), soberheid/entoesiasme (F), opportunis-

me/pligsgetrouheid (G), skugterheid/waaghalsigheid (H), ontoegeeflikheid/teerhartigheid (I), lewenslustigheid/ individualisme (J), selfversekerdheid/bevreesdheid (O), groepafhanklikheid/selfgenoegsaamheid (Q2) sowel as ontspannenheid/gespannenheid (Q4).

Hipotese 3 Daar is 'n beduidende verskil tussen die gemiddelde HSPV-tellings van proefpersone met 'n lae stanege (1 tot 3) en 'n hoë stanege (7 tot 9) ten opsigte van faktor D wat flegmatisme teenoor prikkelbaarheid meet.

Hipotese 4 Daar is 'n beduidende verskil tussen die gemiddelde HSPV-tellings van proefpersone met 'n lae stanege (1 tot 3) en 'n hoë stanege (7 tot 9) ten opsigte van faktor E wat onderdanigheid teenoor dominansie meet.

Hipotese 5 Daar is 'n beduidende verskil tussen die gemiddelde HSPV-tellings van proefpersone met 'n lae stanege (1 tot 3) en 'n hoë stanege (7 tot 9) ten opsigte van faktor H wat skugterheid teenoor waaghalsigheid meet.

## 4.5 DIE SELEKTERING VAN DIE PROEFPERSONE

Daar is besluit om skole in die Johannesburggebied by die ondersoek te betrek. Weens 'n verskeidenheid van skoolaktiwiteite en praktiese reëlings kon sekere skole nie aan die navorsingsprojek deelneem nie. Gevolglik moes daar van beskikbare skole gebruik gemaak word. Drie skole was bereid om aan die ondersoek deel te neem.

Ten einde die gestelde hipoteses te toets is die HSPV by die drie skole in Johannesburg op alle standerd nege leerlinge afgeneem. Die skole is in gemiddelde sosio-ekonomiese gebiede geleë. Een van die skole word deur albei geslagte besoek, terwyl die ander twee 'n seun- en 'n meisieskool is.

Die samestelling van die groep proefpersone ten opsigte van getal, geslag en ouderdom word in TABEL 5 weergegee.

**TABEL 5**

**SAMESTELLING VAN DIE GROEP PROEFPERSONE**

| Skool | Seuns | Dogters | Totaal | Gemiddelde ouderdom |
|---|---|---|---|---|
| Seunskool | 64 | 0 | 64 | 17 jaar 2 maande |
| Meisieskool | 0 | 69 | 69 | 17 jaar 1 maand |
| Gemengde skool | 27 | 14 | 41 | 17 jaar 3 maande |
| Totaal | 91 | 83 | 174 | 17 jaar 2 maande |

## 4.6 DIE NAVORSINGSMETODE

'n Nomotetiese ondersoek is vir die doel van die studie onderneem. Daar word gepoog om 'n algemene wetmatigheid te bepaal, naamlik die aard van die persoonlikheidsamestelling van die Afrikaanssprekende beskeie leerling in die senior sekondêre skoolfase.

Die HSPV (vorm A) is volgens die voorgeskrewe prosedure (HSRC 1974:4-25) afgeneem. Dit is met behulp van maskers nagesien en deur middel van die normtabelle na staneges omgeskakel. Drie skole is by die ondersoek betrek en alhoewel daar geen tydsbeperking vir die voltooiing van die vraelys is nie, het dit ongeveer een uur per groep geduur. Die ingesamelde gegewens is op 'n geskikte wyse vir rekenaarverwerking getabuleer.

## 4.7 DIE VERWERKING VAN DIE TOETSRESULTATE

Die verwerking van die toetsresultate is gerig op die verkryging van 'n tipiese persoonlikheidsprofiel van die beskeie leerling op wie die HSPV afgeneem is. Twee vorme van beskeidenheid word onderskei, naam-

lik eksplisiete en implisiete beskeidenheid. Eksplisiete beskeidenheid kom duidelik na vore in die beskrywings van die HSPV-faktore vir flegmatisme (-D), onderdanigheid (-E) en skugterheid (-H) (kyk 4.4.1). Implisiete beskeidenheid hou verband met innerlike onsekerheid en kom onder andere tot uiting in faktore soos egoswakheid (-C), soberheid (-F) en bevreesdheid (+O) (kyk 4.4.2).

Die Pearson produkmomentkorrelasiekoëffisiënt van die verskillende HSPV-faktore word met behulp van die SAS-program bereken met die oog op die toetsing van hipoteses 1 en 2. Hipotese 3 tot 5 word met behulp van t-toetse geverifieer. Verder word 'n regressie-analise van die verskillende HSPV-faktore ten opsigte van faktore D, E en H gedoen met die doel om te bepaal watter faktore die grootste proporsie van die variansie in faktore D, E en H verklaar.

## 4.8 **SAMEVATTING**

Die hoofstuk is gewy aan die bespreking van die navorsingsontwerp en wel ten opsigte van die beskrywing van die empiriese studie. In hoofstuk 5 word die navorsingsresultate en die verwerking daarvan weergegee.

# HOOFSTUK 5 DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

## 5.1 INLEIDING

Alhoewel daar weinig empiriese navorsing oor die fenomeen beskeidenheid gedoen is, is 'n redelike duidelike beeld van die beskeie persoon uit die literatuurstudie afgelei. Ten einde die gestelde hipoteses ten opsigte van die HSPV-faktore, wat volgens die literatuur met beskeidenheid verband hou, in die praktyk te toets, is die HSPV op 174 proefpersone afgeneem. Die data wat op die wyse ingesamel is, is met toepaslike statistiese tegnieke verwerk. Hoofstuk 5 word gewy aan die tabulering, analisering en interpretering van die data met die oog op die toetsing van die verskillende hipoteses.

## 5.2 DIE TOETSING VAN HIPOTESES 1 EN 2

Die steekproef op wie die HSPV afgeneem is, bestaan uit 174 proefpersone. Na aanleiding van hipoteses 1 en 2 (kyk 4.4.3) is die volgende twee nulhipoteses gestel:

**Nulhipotese 1** Daar bestaan nie hoë positiewe korrelasies tussen die onderlinge HSPV-faktore teruggetrokkenheid/hartlikheid (A), flegmatisme/prikkelbaarheid (D), onderdanigheid/dominansie (E), soberheid/entoesiasme (F), opportunisme/pligsgetrouheid (G), skugterheid/waaghalsigheid (H) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O) nie.

**Nulhipotese 2** Daar bestaan nie hoë positiewe korrelasies tussen die onderlinge HSPV-faktore teruggetrokkenheid/hartlikheid (A), egoswakheid/egosterkte (C), flegmatisme/prikkelbaarheid (D), onderdanigheid/dominansie (E), soberheid/entoesiasme (F), opportunisme/pligsgetrouheid (G), skugterheid/waaghalsigheid (H), ontoegeeflikheid/teerhartigheid

(I), lewenslustigheid/versigtig-individualisme (J), selfversekerdheid/bevreesdheid (O), sosiaal-groepafhanklikheid/selfgenoegsaamheid (Q2) sowel as ontspannenheid/gespannenheid (Q4) nie.

Om die gestelde nulhipoteses te toets is Pearson se produkmomentkorrelasie bereken. Die korrelasiekoëffisiënte verskyn in TABEL 6 met 'n opsomming van die gegewens in TABEL 7.

**TABEL 6**
**INTERKORRELASIEMATRIKS VIR HSPV-FAKTORE WAT EKSPLISIET OP BESKEIDENHEID AL DAN NIE KAN DUI**

| Faktor | (A) | (D) | (E) | (F) | (G) | (H) | (O) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (A) | | | | | | | |
| (D) | 0,096* | | | | | | |
| (E) | 0,243** | 0,039* | | | | | |
| (F) | 0,364** | 0,063* | 0,281** | | | | |
| (G) | 0,106 | 0,325** | 0,125* | 0,158*** | | | |
| (H) | 0,364** | 0,365** | 0,214** | 0,347** | 0,240** | | |
| (O) | 0,084* | 0,420** | 0,008* | 0,033* | 0,358** | 0,527** | |

* p > 0,05
** p < 0,01
*** P < 0,05
N = 174

Uit die interkorrelasiematriks vir die faktore wat eksplisiet op beskeidenheid dui, blyk 'n baie lae korrelasie aanwesig te wees tussen:

* faktor A en faktore D, G en O (respektiewelik r = 0,096; p > 0,05, r = 0,106; p > 0,05); en r = 0,084; p > 0,05);
* faktor D en faktore E en F (respektiewelik r = 0,039; p > 0,05 en r = 0,063; p > 0,05);
* faktor E en faktore G en O (respektiewelik r = 0,125; p > 0,05 en r = 0,008; p > 0,05) Die betroubaarheid ten opsigte van die korrelasies is egter onbeduidend (p > 0,05);
* faktor F en faktore G en O (respektiewelik r = 0,158; p < 0,05 en r = 0,033; p > 0,05).

Uit die interkorrelasiematriks vir die faktore wat eksplisiet op beskeidenheid dui, blyk 'n lae korrelasie aanwesig te wees tussen:

* faktor A en faktore E, F en H (respektiewelik r = 0,243; p < 0,01, r = 0,364; p < 0,01 en r = 0,364; p <0,01).
* faktor D en faktore G en faktor H (respektiewelik r = 0,325; p < 0,01 en r = 0,365; p <0,01).
* faktor E en faktore F en H (respektiewelik r = 0,281; p < 0,01 en r = 0,214; p < 0,01) en
* tussen faktor G en faktore H en O (respektiewelik r = 0,240; p < 0,01 en r = 0,358; p < 0,01).

Uit die interkorrelasiematriks vir die faktore wat eksplisiet op beskeidenheid dui, blyk 'n matige korrelasie aanwesig te wees tussen:

* faktor D en O en faktor H en O (respektiewelik r = 0,420; p < 0,01 en r = 0,527; p < 0,01).

'n Opsomming van die inligting wat uit die interkorrelasiematriks verkry kan word, word in TABEL 7 weergegee.

**TABEL 7**

**OPSOMMING VAN INTERKORRELASIES TUSSEN HSPV-FAKTORE WAT EKSPLISIET OP BESKEIDENHEID AL DAN NIE KAN DUI**

| Faktore | Korrelasie | Betroubaarheid |
|---|---|---|
| A met D | baie laag (r = 0,096) | onbeduidend (p > 0,05) |
| A met E | laag (r = 0,243) | beduidend (p < 0,01) |
| A met F | laag (r = 0,364) | beduidend (p < 0,01) |
| A met G | baie laag (r = 0,106) | onbeduidend (p > 0,05) |
| A met H | laag (r = 0,364) | beduidend (p < 0,01) |
| A met O | baie laag (r = 0,084) | onbeduidend (p > 0,05) |
| D met E | baie laag (r = 0,039) | onbeduidend (p > 0,05) |
| D met F | baie laag (r = 0,063) | onbeduidend (p > 0,05) |
| D met G | laag (r = 0,325) | beduidend (p < 0,01) |
| D met H | laag (r = 0,365) | beduidend (p < 0,01) |
| D met O | matig (r = 0,420) | beduidend (p < 0,01) |
| E met G | baie laag (r = 0,125) | onbeduidend (p > 0,05) |
| E met O | baie laag (r = 0,008) | onbeduidend (p > 0,05) |
| E met F | laag (r = 0,281) | beduidend (p < 0,01) |
| E met H | laag (r = 0,214) | beduidend (p < 0,01) |
| F met G | baie laag (r = 0,158) | beduidend (p < 0,05) |
| F met O | baie laag (r = 0,033) | onbeduidend (p > 0,05) |
| G met H | laag (r = 0,240) | beduidend (p < 0,01) |
| G met O | laag (r = 0,039) | beduidend (p < 0,01) |
| H met O | matig (r = 0,527) | beduidend (p < 0,01) |

Die korrelasies tussen die HSPV-faktore (A, D, E, F, G, H en O), wat volgens die literatuur eksplisiet op beskeidenheid al dan nie kan dui, varieer van matig tot laag en baie laag en die nulhipotese kan op grond van die gegewens nie verwerp word nie. Dit beteken dat daar nie hoë onderlinge korrelasies tussen die HSPV-faktore teruggetrokkenheid/hartlikheid (A), flegmatisme/prikkelbaarheid (D), onderdanigheid/dominansie (E), soberheid/entoesiasme (F), opportunisme/pligsge-

trouheid (G), skugterheid/waaghalsigheid (H) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O) bestaan nie. Daar kom wel 'n matige korrelasie voor tussen flegmatisme/prikkelbaarheid (D) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O) asook tussen skugterheid/waaghalsigheid (H) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O).

Op grond van die literatuurstudie is 'n hoë positiewe korrelasie tussen faktore A, D, E, F, G, H en O verwag. Dit kon egter nie in die empiriese ondersoek aangetoon word nie. Slegs matige en lae korrelasies is aangetoon.

Die lae korrelasies tussen faktor D en die ander faktore kan moontlik verband hou met die feit dat die bestendigheid van flegmatisme (-D) teenoor prikkelbaarheid (+D) as persoonlikheidseienskap volgens die RGN (1989:13) nog nie baie goed bewys is nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat dit 'n faktor van wye omvang is wat die totale persoonlikheid beïnvloed en gevolglik nie in besondere studies op spesifieke gebiede na vore tree nie. Die navorsing en verklarende hipoteses wat deur die RGN (1989:13-15) verstrek word, hou met prikkelbaarheid (+D) en nie met flegmatisme (-D) verband nie.

Ook in die geval van die persoonlikheidstrek onderdanigheid (-E) teenoor dominansie (+E) word die bespreking van die RGN (1989:16-18) aan dominansie gewy. Hierin word die mening gehuldig dat faktor E 'n fisiologies bepaalde temperamentseienskap is. Die siening word deur Cattell, Eber & Tatsuoka (1970:86) ondersteun. Karson & O'Dell (1976:44) is egter van mening dat individue wat 'n lae telling in faktor E (onderdanigheid) behaal, 'n hoë mate van skaamheid, beskeidenheid en tegemoetkomendheid toon. In sommige gevalle gaan -E met so 'n mate van onderdanigheid gepaard dat dit tot gereserveerdheid en teruggetrokkenheid (-A) kan lei. 'n Kombinasie van -E en -A kan moontlik 'n aanduiding wees van vroeëre ervarings in die kind se lewe wat tot vrees vir mense gelei het. Oormatige ouerlike kritiek in die kleinkind se ervarings, soos in die geval van die beskeie kind, kan tot terugtrekking in die sosiale omgewing lei.

Volgens die RGN (1989:19) lewer faktor F die grootste bydrae tot per-

soonlikheidsvariansie by kinders en adolessente in die VSA. Uit navorsing hier te lande kom dit voor of faktor H 'n groter bydrae lewer tot die variansie in persoonlikheid (RGN 1989:19). Die kenmerkende manifestasie van soberheid (-F) is 'n ontnugterde erns en inhibisie wat die gevolg van ervarings van bestrawwing of mislukking kan wees (RGN 1989:21). In die literatuur word verwys na die manifestasie van beskeidenheid as onder andere die resultaat van oormatige kritiek deur die ouers. Die literatuur dui op 'n verband tussen beskeidenheid en faktor F alhoewel dit nie in die empiriese ondersoek aangetoon kon word nie.

Faktor G gee 'n aanduiding van superegosterkte. +G dui op 'n uitermate morele, konvensionele en rigiede persoonlikheid. Cattell <u>et al</u>. (1970:89) stel dat die +G-persoonlikheid homself tot sy "beste" dryf. Volgens bestaande navorsing (RGN 1989:23) toon faktor G beduidende negatiewe korrelasies met faktore B, C, D, J en N. Daar bestaan 'n negatiewe korrelasie tussen pligsgetrouheid (+G) en flegmatisme (-D). Uit die gegewens van die empiriese ondersoek blyk daar wel 'n beduidende negatiewe korrelasie tussen faktore D en G te wees. Hierdie bevinding kom dus met die bestaande literatuur ooreen, maar die korrelasie is nie hoog nie.

Die RGN (1989:27) vind geringe korrelasies van H met ander faktore. Dit wil ook voorkom of faktor H in 'n groot mate deur oorerwing bepaal word. Volgens Karson & O'Dell (1976:57) is die individu wat -H toon baie sensitief vir bedreigings. Cattell <u>et al</u>. (1970:91) sien die persoon wat -H toon as baie skaam en iemand wat gevoelens van minderwaardigheid en 'n lae waaghouding in kommunikasie beleef. Die persoon verkies verder verhoudings in klein sosiale groepe.

Volgens die RGN (1989:42) is daar 'n mate van ooreenkoms tussen +O en -F, -E, -C en in 'n mindere mate +I. Die eenvoudigste interpretasie is dat 'n hoë O op 'n buitengewoon skugtere temperament dui. Die O-patroon word beskou as die produk van 'n omgewingsituasie waarin die kind in 'n liefdevolle, streng morele ouerhuis opgroei en waar morele waardes en verpligtinge gevolglik baie sterk ingeskerp word. Die empiriese ondersoek bevestig 'n beduidende positiewe verband tussen

faktor H en O, alhoewel die korrelasies matig is.

As nulhipotese 2 is gestel dat daar nie hoë positiewe korrelasies tussen die onderlinge HSPV-faktore teruggetrokkenheid/hartlikheid (A), egoswakheid/egosterkte (C), flegmatisme/prikkelbaarheid (D), onderdanigheid/dominansie (E), soberheid/entoesiasme (F), opportunisme/pligsgetrouheid (G), skugterheid/waaghalsigheid (H), ontoegeeflikheid/teerhartigheid (I), lewenslustigheid/individualisme (J), selfversekerdheid/bevreesdheid (O), sosiaal-groepafhanklikheid/selfgenoegsaamheid (Q2) sowel as ontspannenheid/gespannenheid (Q4) bestaan nie.

Die gegewens vir die toetsing van nulhipotese 2 verskyn in TABEL 8 met 'n opsomming van die gegewens in TABEL 9. Die interkorrelasies tussen faktor A, D, E, F, G, H en O wat matig, laag en baie laag is, is reeds by nulhipotese 1 bespreek.

Uit die interkorrelasiematriks vir die faktore wat eksplisiet en implisiet op beskeidenheid dui, blyk 'n baie lae korrelasie aanwesig te wees tussen:

* faktor A en faktor C en Q4 (respektiewelik $r = 0{,}074$; $p > 0{,}05$ en $r = 0{,}104$; $p > 0{,}05$);
* faktor C en faktore E, F, I, J, en Q2 (respektiewelik $r = 0{,}107$; $p > 0{,}05$, $r = 0{,}067$; $p > 0{,}05$, $r = 0{,}017$; $p > 0{,}05$, $r = 0{,}059$; $p > 0{,}05$ en $r = 0{,}092$; $p > 0{,}05$);
* tussen faktor E en faktore I, J, Q2 en Q4 (respektiewelik $r = 0{,}022$; $p > 0{,}05$, $r = 0{,}195$; $p < 0{,}01$, $r = 0{,}188$; $p < 0{,}05$ en $r = 0{,}050$; $p > 0{,}05$);
* faktor F en faktore I en Q4 ($r = 0{,}021$; $p > 0{,}05$ en $r = 0{,}098$; $p > 0{,}05$);
* tussen faktor G en faktore I, J en Q2 ($r = 0{,}081$; $p > 0{,}05$, $r = 0{,}056$; $p > 0{,}05$ en $r = 0{,}024$; $p > 0{,}05$);
* faktor H en faktore I, J en Q2 ($r = 0{,}043$; $p > 0{,}05$, $r = 0{,}147$; $p > 0{,}05$ en $r = 0{,}186$; $p < 0{,}05$);
* faktor I en faktore J, O, Q2 en Q4 ($r = 0{,}049$; $p > 0{,}05$, $r = 0{,}004$; $p > 0{,}05$, $r = 0{,}074$; $p > 0{,}05$ en $r = 0{,}047$; $p > 0{,}05$);

**TABEL 8**

**INTERKORRELASIEMATRIKS VIR HSPV-FAKTORE WAT EKSPLISIET EN IMPLISIET OP BESKEIDENHEID AL DAN NIE KAN DUI**

| Faktor | A | C | D | E | F | G | H | I | J | O | Q2 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | | | | | | | | | | | |
| C | 0,074* | | | | | | | | | | |
| D | 0,096* | 0,230# | | | | | | | | | |
| E | 0,243# | 0,107* | 0,039* | | | | | | | | |
| F | 0,364# | 0,067* | 0,063* | 0,281# | | | | | | | |
| G | 0,106* | 0,263# | 0,325# | 0,125* | 0,158@ | | | | | | |
| H | 0,364# | 0,502# | 0,365# | 0,214# | 0,347# | 0,240# | | | | | |
| I | 0,206# | 0,017* | 0,047* | 0,022* | 0,021* | 0,081* | 0,043* | | | | |
| J | 0,360# | 0,059* | 0,181@ | 0,195# | 0,241# | 0,056* | 0,147* | 0,049* | | | |
| O | 0,084* | 0,481# | 0,420# | 0,008* | 0,033* | 0,358# | 0,527# | 0,004* | 0,030* | | |
| Q2 | 0,309# | 0,092* | 0,021* | 0,188@ | 0,332# | 0,024* | 0,186@ | 0,074* | 0,336# | 0,045* | |
| Q4 | 0,104* | 0,390# | 0,485# | 0,050* | 0,098* | 0,372# | 0,409# | 0,047* | 0,103* | 0,463# | 0,045* | 0,207# |

* $p > 0,05$

# $p < 0,01$

@ $p < 0,05$

$N = 174$

* faktor J en faktore O en Q4 ($r = 0,030$; $p > 0,05$ en $r = 0,103$; $p > 0,05$);
* faktor O en faktor Q2 ($r = 0,045$; $p > 0,05$) en
* faktor Q2 en faktor Q4 ($r = 0,045$; $p > 0,05$).

Uit die interkorrelasiematriks vir die faktore wat eksplisiet en implisiet op beskeidenheid dui, blyk 'n lae korrelasie aanwesig te wees tussen:

* faktor A en faktore I, J en Q2 ($r = 0,206$; $p < 0,01$, $r = 0,360$; $p < 0,01$ en $r = 0,309$; $p < 0,01$);
* faktor C en faktore D, G en Q4 ($r = 0,230$; $p < 0,01$, $r = 0,263$; $p < 0,01$, en $r = 0,390$; $p < 0,01$);
* faktor F en faktore J en Q2 ( $r = 0,241$; $p < 0,01$ en $r = 0,332$; $p < 0,01$);
* faktor G en faktor Q4 ($r = 0,372$; $p < 0,01$) en
* faktor J en faktor Q2 ($r = 0,336$; $p < 0,01$).

Uit die interkorrelasiematriks vir die faktore wat eksplisiet en implisiet op beskeidenheid dui, blyk 'n matige korrelasie aanwesig te wees tussen:

* faktor C en faktore H en O ($r = 0,502$; $p < 0,01$ en $r = 0,481$; $p < 0,01$);
* faktor D en faktor Q4 ($r = 0,485$; $p < 0,01$);
* faktor H en faktor Q4 ($r = 0,409$; $p < 0,01$) en
* faktor O en faktor Q4 ($r = 0,463$; $p < 0,01$).

Die korrelasies tussen die HSPV-faktore wat eksplisiet en implisiet op beskeidenheid al dan nie kan dui, naamlik faktore A, C, D, E, F, G, H, O, Q2 en Q4 varieer van matig tot laag en baie laag en die nulhipotese kan op grond van die gegewens nie verwerp word nie. Daar is wel onderlinge korrelasies tussen die HSPV-faktore teruggetrokkenheid/ hartlikheid (A), egoswakheid/egosterkte (C), flegmatisme/prikkelbaarheid (D), onderdanigheid/dominansie (E), soberheid/entoesiasme (F), opportunisme/pligsgetrouheid (G), skugterheid/waaghalsigheid (H), ontoegeeflikheid/teerhartigheid (I), lewenslustigheid/individualisme

**TABEL 9**

**OPSOMMING VAN INTERKORRELASIES TUSSEN HSPV-FAKTORE WAT EKSPLISIET SOWEL AS IMPLISIET OP BESKEIDENHEID AL DAN NIE KAN DUI**

| Faktore | Korrelasie | | Betroubaarheid | |
|---|---|---|---|---|
| A met C | baie laag | (r = 0,074) | onbeduidend | (p > 0,05) |
| A met I | laag | (r = 0,206) | beduidend | (p < 0,01) |
| A met J | laag | (r = 0,360) | beduidend | (p < 0,01) |
| A met Q2 | laag | (r = 0,309) | beduidend | (p < 0,01) |
| A met Q4 | baie laag | (r = 0,104) | onbeduidend | (p > 0,05) |
| C met D | laag | (r = 0,230) | beduidend | (p < 0,01) |
| C met E | baie laag | (r = 0,107) | onbeduidend | (p > 0,05) |
| C met F | baie laag | (r = 0,067) | onbeduidend | (p > 0,05) |
| C met G | laag | (r = 0,260) | beduidend | (p < 0,01) |
| C met H | matig | (r = 0,502) | beduidend | (p < 0,01) |
| C met I | baie laag | (r = 0,017) | onbeduidend | (p > 0,05) |
| C met J | baie laag | (r = 0,059) | onbeduidend | (p > 0,05) |
| C met O | matig | (r = 0,481) | beduidend | (p < 0,01) |
| C met Q2 | baie laag | (r = 0,092) | onbeduidend | (p > 0,05) |
| C met Q4 | laag | (r = 0,390) | beduidend | (p < 0,01) |
| D met E | baie laag | (r = 0,039) | onbeduidend | (p > 0,05) |
| D met F | baie laag | (r = 0,063) | onbeduidend | (p > 0,05) |
| D met G | laag | (r = 0,325) | beduidend | (p < 0,01) |
| D met H | laag | (r = 0,365) | beduidend | (p < 0,01) |
| D met I | baie laag | (r = 0,047) | onbeduidend | (p > 0,05) |
| D met J | baie laag | (r = 0,181) | onbeduidend | (p > 0,05) |
| D met O | matig | (r = 0,420) | beduidend | (p < 0,01) |
| D met Q2 | baie laag | (r = 0,021) | onbeduidend | (p > 0,05) |
| D met Q4 | matig | (r = 0,485) | beduidend | (p < 0,01) |
| E met F | laag | (r = 0,281) | beduidend | (p < 0,01) |
| D met G | baie laag | (r = 0,125) | onbeduidend | (p > 0,05) |
| D met H | laag | (r = 0,214) | beduidend | (p < 0,01) |
| D met I | baie laag | (r = 0,022) | onbeduidend | (p > 0,05) |
| D met J | baie laag | (r = 0,195) | beduidend | (p < 0,01) |

| Faktore | Korrelasie | Betroubaarheid |
|---|---|---|
| D met O | baie laag (r = 0,008) | onbeduidend (p > 0,05) |
| D met Q2 | baie laag (r = 0,188) | beduidend (p < 0,05) |
| D met Q4 | baie laag (r = 0,050) | onbeduidend (p > 0,05) |
| F met G | laag (r = 0,185) | beduidend (p < 0,05) |
| F met H | laag (r = 0,347) | beduidend (p < 0,01) |
| F met I | baie laag (r = 0,021) | onbeduidend (p > 0,05) |
| F met J | laag (r = 0,241) | beduidend (p < 0,01) |
| F met O | baie laag (r = 0,033) | onbeduidend (p > 0,05) |
| F met Q2 | laag (r = 0,332) | beduidend (p < 0,01) |
| F met Q4 | baie laag (r = 0,098) | onbeduidend (p > 0,05) |
| G met H | laag (r = 0,240) | beduidend (p < 0,01) |
| G met I | baie laag (r = 0,081) | onbeduidend (p > 0,05) |
| G met J | baie laag (r = 0,056) | onbeduidend (p > 0,05) |
| G met O | laag (r = 0,358) | beduidend (p < 0,01) |
| G met Q2 | baie laag (r = 0,024) | onbeduidend (p > 0,05) |
| G met Q4 | laag (r = 0,372) | beduidend (p < 0,01) |
| H met I | baie laag (r = 0,043) | onbeduidend (p > 0,05) |
| H met J | baie laag (r = 0,147) | onbeduidend (p > 0,05) |
| H met O | matig (r = 0,527) | beduidend (p < 0,01) |
| H met Q2 | baie laag (r = 0,186) | beduidend (p < 0,05) |
| H met Q4 | matig (r = 0,409) | beduidend (p < 0,01) |
| I met J | baie laag (r = 0,049) | beduidend (p < 0,05) |
| I met O | baie laag (r = 0,004) | beduidend (p < 0,05) |
| I met Q2 | baie laag (r = 0,074) | beduidend (p < 0,05) |
| I met Q4 | baie laag (r = 0,047) | beduidend (p < 0,05) |
| J met O | baie laag (r = 0,030) | beduidend (p < 0,05) |
| J met Q2 | laag (r = 0,336) | beduidend (p < 0,01) |
| J met Q4 | baie laag (r = 0,103) | beduidend (p < 0,05) |
| O met Q2 | baie laag (r = 0,045) | beduidend (p < 0,05) |
| O met Q4 | matig (r = 0,463) | beduidend (p < 0,01) |
| Q2 met Q4 | baie laag (r = 0,045) | beduidend (p < 0,05) |

(J), selfversekerdheid/bevreesdheid (O), sosiaal-groepafhanklikheid/ selfgenoegsaamheid (Q2) sowel as ontspannenheid/gespannenheid (Q4) aangetoon, alhoewel dit slegs matig is.

Daar kom wel 'n beduidende matige korrelasie voor tussen egoswakte/ egosterkte (C) en skugterheid/waaghalsigheid (H) sowel as egoswakte/ egosterkte (C) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O). Volgens Karson & O'Dell (1976:42) varieer faktor C met faktor H, O, Q3 en Q4 en kan dit verwag word die tellings in die faktore sal korreleer. Verder is daar ook 'n matige korrelasie tussen flegmatisme/prikkelbaarheid (D) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O) sowel as flegmatisme/prikkelbaarheid (D) en ontspannenheid/gespannenheid (Q4). Skugterheid/ waaghalsigheid (H) toon ook 'n matige korrelasie met selfversekerdheid/bevreesdheid (O) sowel as met ontspannenheid/gespannenheid (Q4). Laastens is daar ook 'n matige korrelasie tussen selfversekerdheid/bevreesdheid (O) en ontspannenheid/gespannenheid (Q4).

Na aanleiding van die literatuurstudie is 'n hoë korrelasie tussen faktore A, C, D, E, F, G, H, I, J, O, Q2 en Q4 verwag wat nie in die empiriese ondersoek aangetoon kon word nie. Faktore D, E, F, G, H en O is reeds bespreek (kyk 5.2.1).

Faktor A kom baie ooreen met faktore F en H wat ook die sosiale, joviale gedrag teenoor neiging tot terugtrekking stel. In terme van korrelasies tussen faktore het faktor A 'n negatiewe verband met faktor D (RGN 1989:6). Die korrelasie kon nie in die empiriese ondersoek aangetoon word nie.

Daar bestaan 'n merkbare ooreenkoms tussen faktor C en faktor G. Faktor C dui egter op emosionele stabiliteit. 'n Lae C-telling dui 'n onvermoë aan om emosionele impulse realisties te hanteer en 'n geneigdheid om daardeur oorweldig te word (RGN 1980:49; RGN 1989:23). Die aanwesigheid van faktor -C kan dus ook 'n aanduiding van dieperliggende emosionele probleme wees. Uit die literatuur blyk dat faktor C implisiet op beskeidenheid as gevolg van innerlike onsekerheid kan dui. Dit vind aansluiting by die matige korrelasie wat in die empiriese ondersoek tussen faktore C en H aangetoon is.

Daar is nie baie gegewens ten opsigte van faktor I beskikbaar nie. Faktor I het 'n positiewe verband met faktore A en J en die gesinsverband en kultuurpatroon speel 'n rol in die totstandkoming van die faktor (RGN 1989:32). In die geval van faktor J verwys die RGN (1989:33) na korrelasies met faktore H, I, B, D en A.

Sowel oorerwing as omgewing het 'n invloed op die totstandkoming van Q4 (RGN 1989:48). Q4 korreleer met ander faktore (O en C) wat op angs kan dui (Karson & O'Dell 1976:73). In die empiriese ondersoek is 'n matige korrelasie tussen faktore O en Q4 aangetoon wat deels by die siening aansluit.

## 5.3 TOETSING VAN HIPOTESES 3, 4 EN 5

Na aanleiding van hipoteses 3, 4 en 5 (kyk 4.4.3) is die volgende drie nulhipoteses gestel:

**Nulhipotese 3** Daar bestaan nie 'n beduidende verskil tussen die HSPV-tellings van leerlinge met 'n lae telling in faktor D (flegmatisme) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor D (prikkelbaarheid) nie.

**Nulhipotese 4** Daar bestaan nie 'n beduidende verskil tussen die HSPV-tellings van leerlinge met 'n lae telling in faktor E (onderdanigheid) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor E (dominansie) nie.

**Nulhipotese 5** Daar bestaan nie 'n beduidende verskil tussen die HSPV-tellings van leerlinge met 'n lae telling in faktor H (skugterheid) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor H (waaghalsigheid) nie.

Om telkens die beduidendheid van die verskille tussen die gemiddeldes van twee groepe te bepaal, is daar van t-toetse gebruik gemaak. In

die verband is aandag gegee aan faktore D, E en H as aanduiders van beskeidenheid al dan nie.

### 5.3.1 **Flegmatisme (-D) as aanduiding van beskeidenheid**

Flegmatisme (-D) word as een van die drie belangrike beskrywende HSPV-faktore vir beskeidenheid beskou (kyk 4.4.1). Om die gestelde nulhipotese te toets is twee teenoorstaande groepe proefpersone (beskeie teenoor nie-beskeie) saamgestel en wel ten opsigte van flegmatisme (-D) en prikkelbaarheid (+D). Op grond van die toetslinge se tellings vir faktor D is twee groepe saamgestel, naamlik die wat -D en die wat +D behaal het.

Van die 174 proefpersone, het 45 proefpersone 'n stanege van 3 en laer vir Faktor D behaal. Die telling word geïnterpreteer as -D wat op flegmatisme dui. Verder het 56 proefpersone 'n stanege van 7 en hoër vir Faktor D behaal. Die telling word geïnterpreteer as +D wat op prikkelbaarheid dui.

As nulhipotese is gestel dat daar nie 'n verskil tussen die gemiddelde HSPV-tellings van leerlinge met 'n lae telling in faktor D (flegmatisme) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor D (prikkelbaarheid) bestaan nie. Hierdie nulhipotese is vir elke faktor van die HSPV, behalwe faktor D, gestel.

Om telkens die nulhipotese te toets is met behulp van t-toetse bepaal of die gemiddelde van die verskillende HSPV-faktore beduidend verskil tussen die leerlinge met 'n lae telling in faktor D (flegmatisme) en die leerlinge met 'n hoë telling in faktor D (prikkelbaarheid). Die gegewens van die t-toetse verskyn in TABEL 10 met 'n opsomming van die gegewens in TABEL 11.

**TABEL 10**

**VERSKILLE TUSSEN LEERLINGE MET 'N LAE EN HOë TELLING IN FAKTOR D**

| Faktor D | | Aantal | Gemiddeld | Standaard afwyking | Vryheidsgrade | t-waarde | Beduidendheid |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | Laag | 45 | 5,56 | 2,10 | | | |
| | Hoog | 56 | 5,11 | 2,18 | 99 | 1,50 | p › 0,05 |
| B | Laag | 45 | 6,00 | 1,71 | | | |
| | Hoog | 56 | 5,80 | 1,89 | 99 | 0,54 | p › 0,05 |
| C | Laag | 45 | 5,80 | 1,85 | | | |
| | Hoog | 56 | 4,50 | 1,85 | 99 | 3,51 | p ‹ 0,01 |
| E | Laag | 45 | 6,98 | 1,82 | | | |
| | Hoog | 56 | 6,61 | 1,73 | 99 | 1,05 | p › 0,05 |
| F | Laag | 45 | 6,67 | 1,87 | | | |
| | Hoog | 56 | 6,27 | 2,06 | 99 | 1,01 | p › 0,05 |
| G | Laag | 45 | 5,56 | 1,84 | | | |
| | Hoog | 56 | 4,02 | 1,96 | 99 | 4,03 | p ‹ 0,01 |
| H | Laag | 45 | 6,29 | 2,07 | | | |
| | Hoog | 56 | 4,38 | 1,86 | 99 | 4,88 | p ‹ 0,01 |
| I | Laag | 45 | 5,64 | 2,21 | | | |
| | Hoog | 56 | 5,96 | 2,06 | 99 | -0,75 | p › 0,05 |
| J | Laag | 45 | 4,52 | 1,83 | | | |
| | Hoog | 56 | 5,33 | 1,94 | 99 | 2,15 | p ‹ 0,05 |
| O | Laag | 45 | 4,04 | 2,19 | | | |
| | Hoog | 56 | 5,89 | 1,78 | 99 | 4,70 | p ‹ 0,01 |
| Q2 | Laag | 45 | 4,49 | 1,96 | | | |
| | Hoog | 56 | 4,48 | 1,97 | 99 | 0,02 | p › 0,05 |
| Q3 | Laag | 45 | 4,56 | 1,60 | | | |
| | Hoog | 56 | 4,07 | 1,67 | 99 | 1,47 | p › 0,05 |
| Q4 | Laag | 45 | 3,73 | 1,67 | | | |
| | Hoog | 56 | 6,14 | 1,61 | 99 | -7,35 | p ‹ 0,01 |

Op grond van die gegewens in TABEL 10 kan die nulhipoteses in ses gevalle verwerp word, en wel ten opsigte van die volgende faktore:

| | | |
|---|---|---|
| C | (egosterkte/egswakheid) | met $t(99) = 3,51$ en $p < 0,01$ |
| G | (opportunisme/pligsgetrouheid) | met $t(99) = 4,03$ en $p < 0,01$ |
| H | (skugterheid/waaghalsigheid | met $t(99) = 4,88$ en $p < 0,01$ |
| J | (lewenslustigheid/individualisme) | met $t(99) = 2,50$ en $p < 0,05$ |
| O | (selfversekerdheid/bevreesdheid) | met $t(99) = 4,70$ en $p < 0,01$ |
| Q4 | (ontspannenheid/gespannenheid) | met $t(99) = -7,35$ en $p < 0,01$ |

Die ander nulhipoteses word aanvaar. Daar kon dus geen beduidende verskil tussen leerlinge met 'n lae telling in faktor D (flegmatisme) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor D (prikkelbaarheid) ten opsigte van HSPV-faktore A, B, E, F, I, Q2 en Q3 aangetoon word nie.

Verskille tussen leerlinge met 'n lae telling in faktor D (flegmatisme) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor D (prikkelbaarheid) is wel aangetoon ten opsigte van HSPV-faktore C, G, H, J, O en Q4. Die relevante gegewens word saamgevat en in TABEL 11 weergegee.

**TABEL 11**

**OPSOMMING VAN RELEVANTE DATA MET BETREKKING TOT DIE VERWERPING VAN DIE NULHIPOTESES**

| Nul-hipo-tese | Tegniese benaming | Simbool | X (-D) | X (+D) | (-D) |
|---|---|---|---|---|---|
| iii | egosterkte/egoswakheid | (C) | 5,80 | 4,50 | hoër |
| vi | opportunisme/pligsgetrouheid | (G) | 5,56 | 4,02 | hoër |
| vii | skugterheid/waaghalsigheid | (H) | 6,29 | 4,38 | hoër |
| ix | lewenslustigheid/individualisme | (J) | 4,52 | 5,33 | laer |
| x | selfversekerdheid/bevreesdheid | (O) | 4,04 | 5,89 | laer |
| xiii | ontspannenheid/gespannenheid | (Q4) | 3,73 | 6,14 | laer |

In die geval van HSPV-faktore C, G en H was die gemiddeld van leer-

linge met 'n lae telling in faktor D (flegmatisme) hoër as die gemiddeld van die leerlinge met 'n hoë telling in faktor D (prikkelbaarheid). Uit die gegewens kan die afleiding gemaak word dat leerlinge wat die eienskap flegmatisme (-D) as kenmerk van beskeidenheid toon, 'n hoër gemiddelde telling behaal ten opsigte van egoswakheid/egosterkte, opportunisme/pligsgetrouheid en skugterheid/waaghalsigheid.

In die geval van HSPV-faktore J, O en Q4 was die gemiddelde van die leerlinge met 'n lae telling in faktor D (flegmatisme) laer as die gemiddelde van die leerlinge met 'n hoë telling in faktor D (prikkelbaarheid). Uit die gegewens blyk dat leerlinge wat die eienskap flegmatisme (-D) as kenmerk van beskeidenheid toon 'n laer gemiddelde telling ten opsigte van lewenslustigheid/versigtig-individualisme, selfversekerdheid/bevreesdheid en ontspannenheid/gespannenheid manifesteer as die leerling wat prikkelbaarheid (+D) as kenmerk van niebeskeidenheid toon.

### 5.3.2 **Onderdanigheid (-E) as aanduiding van beskeidenheid**

Onderdanigheid (-E) word ook as 'n belangrike beskrywende HSPV-faktor vir beskeidenheid beskou (kyk 4.4.1). Om nulhipotese 4 (kyk 5.3) te toets is twee teenoorstaande groepe proefpersone (beskeie teenoor nie-beskeie) uit die gegewens saamgestel en wel ten opsigte van onderdanigheid (-E) en dominansie (+E).

Op grond van die toetslinge se tellings vir faktor E is twee groepe saamgestel, naamlik die wat -E en die wat +E behaal het. Van die 174 proefpersone, het 10 proefpersone 'n stanege van 3 en laer vir Faktor E behaal. Die telling word geïnterpreteer as -E wat op onderdanigheid dui. Verder het 101 proefpersone 'n stanege van 7 en hoër vir Faktor E behaal. Die telling word geïnterpreteer as +E wat op dominansie dui.

As nulhipotese 4 word gestel dat daar nie 'n verskil bestaan tussen die HSPV-tellings van leerlinge met 'n lae telling in faktor E (onderdanigheid) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor E (dominansie) nie. Hierdie nulhipotese word vir elke HSPV-faktor, behalwe faktor E

gestel.

Om telkens die nulhipotese te toets is met behulp van t-toetse bepaal of die gemiddelde van die verskillende HSPV-faktore beduidend verskil tussen die leerlinge met 'n lae telling in faktor E (onderdanigheid) en die leerlinge met 'n hoë telling in faktor E (dominansie). Die gegewens van die t-toetse verskyn in TABEL 12 met 'n opsomming van die gegewens in TABEL 13.

Op grond van die gegewens in TABEL 12 kan die nulhipoteses in vier gevalle verwerp word, naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| A | (teruggetrokkenheid/hartlikheid) | met $t(109) = 2,69$ en $p < 0,01$ |
| F | (soberheid/entoesiasme) | met $t(109) = -2,66$ en $p < 0,01$ |
| J | (lewenslustigheid/individualisme) | met $t(109) = -3,96$ en $p < 0,01$ |
| Q2 | (sosiaal-groepafhanklikheid/ selfgenoegsaamheid) | met $t(109) = 2,64$ en $p < 0,01$ |

Die ander nulhipoteses word aanvaar. Daar kon dus geen beduidende verskil tussen leerlinge met 'n lae telling in faktor E (onderdanigheid) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor E (dominansie) ten opsigte van HSPV-faktore B, C, D, G, H, I, O, Q3 en Q4 aangetoon word nie.

Verskille tussen leerlinge met 'n lae telling in faktor E (onderdanigheid) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor E (dominansie) is wel aangetoon ten opsigte van HSPV-faktore A, F, J, en Q2. Die relevante gegewens word saamgevat en in TABEL 13 weergegee.

In die geval van HSPV-faktore A en F was die gemiddelde telling van leerlinge met 'n lae telling in faktor E (onderdanigheid) laer as die gemiddelde telling van die leerlinge met 'n hoë telling in faktor E (dominansie). Uit die gegewens blyk dat leerlinge wat die eienskap onderdanigheid (-E) as kenmerk van beskeidenheid toon 'n laer gemiddelde telling in teruggetrokkenheid/hartlikheid en soberheid/entoesiasme manifesteer as die leerling wat dominansie (+E) as kenmerk van nie-beskeidenheid toon.

TABEL 12

VERSKILLE TUSSEN LEERLINGE MET 'N LAE EN 'N HOË TELLING IN FAKTOR E

| Faktor E | | Aantal | Gemiddeld | Standaard afwyking | Vryheidsgrade | t-waarde | Beduidendheid |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | Laag | 10 | 3,60 | 2,22 | | | |
| | Hoog | 101 | 5,51 | 2,14 | 109 | 2,69 | $p < 0,01$ |
| B | Laag | 10 | 6,30 | 2,11 | | | |
| | Hoog | 101 | 5,81 | 1,89 | 109 | 0,77 | $p > 0,05$ |
| C | Laag | 10 | 5,20 | 2,04 | | | |
| | Hoog | 101 | 5,11 | 1,84 | 109 | 0,15 | $p > 0,05$ |
| D | Laag | 10 | 5,00 | 1,63 | | | |
| | Hoog | 101 | 5,16 | 2,08 | 109 | -0,25 | $p > 0,05$ |
| F | Laag | 10 | 5,10 | 2,02 | | | |
| | Hoog | 101 | 6,71 | 1,81 | 109 | -2,66 | $p < 0,01$ |
| G | Laag | 10 | 5,20 | 2,39 | | | |
| | Hoog | 101 | 4,56 | 2,07 | 109 | 0,91 | $p > 0,05$ |
| H | Laag | 10 | 4,90 | 2,13 | | | |
| | Hoog | 101 | 5,48 | 1,99 | 109 | -0,87 | $p > 0,05$ |
| I | Laag | 10 | 5,80 | 3,01 | | | |
| | Hoog | 101 | 5,81 | 1,98 | 109 | -0,02 | $p > 0,05$ |
| J | Laag | 10 | 4,98 | 1,65 | | | |
| | Hoog | 101 | 2,60 | 1,83 | 109 | -3,96 | $p < 0,01$ |
| O | Laag | 10 | 4,75 | 2,32 | | | |
| | Hoog | 101 | 5,50 | 1,98 | 109 | 1,12 | $p > 0,05$ |
| Q2 | Laag | 10 | 5,90 | 2,13 | | | |
| | Hoog | 101 | 4,31 | 1,79 | 109 | 2,64 | $p < 0,01$ |
| Q3 | Laag | 10 | 4,40 | 2,17 | | | |
| | Hoog | 101 | 4,01 | 1,65 | 109 | 0,69 | $p > 0,05$ |
| Q4 | Laag | 10 | 5,20 | 1,69 | | | |
| | Hoog | 101 | 5,26 | 2,03 | 109 | -0,09 | $p > 0,05$ |

TABEL 13

**OPSOMMING VAN RELEVANTE DATA MET BETREKKING TOT DIE VERWERPING VAN DIE NULHIPOTESES**

| Nul-hipo-tese | Tegniese benaming | Simbool | X | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | (-E) | (+E) | (-E) |
| i | teruggetrokkenheid/hartlikheid | (A) | 3,60 | 5,51 | laer |
| v | soberheid/entoesiasme | (F) | 5,10 | 6,71 | laer |
| ix | lewenslustigheid/individualisme | (J) | 4,98 | 2,60 | hoër |
| xi | sosiaal-groepafhanklikheid/ selfgenoegsaamheid | (Q2) | 5,90 | 4,31 | hoër |

In die geval van HSPV-faktore J en Q2 was die gemiddelde tellings van leerlinge met 'n lae telling in faktor E (onderdanigheid) hoër as die gemiddelde telling van die leerlinge met 'n hoë telling in faktor E (dominansie). Uit die gegewens blyk dat leerlinge wat die eienskap onderdanigheid (-E) as kenmerk van beskeidenheid toon, 'n hoër gemiddelde telling in lewenslustigheid/individualisme en sosiaal-groepafhanklikheid/selfgenoegsaamheid manifesteer as die leerling wat dominansie (+E) as kenmerk van nie-beskeidenheid toon.

### 5.3.3 Skugterheid (-H) as aanduiding van beskeidenheid

Skugterheid (-H) word ook as een van die drie belangrike beskrywende HSPV-faktore vir beskeidenheid beskou (kyk 4.4.1). Om die gestelde hipoteses te toets is twee teenoorstaande groepe proefpersone (beskeie teenoor nie-beskeie) uit die gegewens saamgestel en wel ten opsigte van skugterheid (-H) en waaghalsigheid (+H).

Op grond van die toetslinge se tellings vir faktor H is twee groepe saamgestel, naamlik die wat -H en die wat +H behaal het. Van die 174 proefpersone, het 36 proefpersone 'n stanege van 3 en laer vir Faktor H behaal. Die telling word geïnterpreteer as -H wat op skugterheid

dui. Verder het 50 proefpersone 'n stanege van 7 en hoër vir Faktor H behaal. Die telling word geïnterpreteer as +H wat op waaghalsigheid dui.

As nulhipotese 5 is gestel dat daar nie 'n verskil bestaan tussen die HSPV-tellings van leerlinge met 'n lae telling in faktor H (skugterheid) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor H (waaghalsigheid) nie. Hierdie hipotese is vir elke faktor van die HSPV, behalwe faktor H, gestel.

Om telkens die nulhipotese te toets is met behulp van t-toetse bepaal of die gemiddelde van die verskillende HSPV-faktore beduidend verskil tussen die leerlinge met 'n lae telling in faktor H (skugterheid) en die leerlinge met 'n hoë telling in faktor H (waaghalsigheid). Die gegewens van die t-toetse verskyn in TABEL 14 met 'n opsomming van die gegewens in TABEL 15.

Op grond van die gegewens in TABEL 14 kan elf van die nulhipoteses verwerp word, naamlik

| | | |
|---|---|---|
| A | (teruggetrokkenheid/hartlikheid) | met $t(84) = -3,93$ en $p < 0,01$ |
| C | (egoswakheid/egosterkte) | met $t(84) = -7,63$ en $p < 0,01$ |
| D | (flegmatisme/prikkelbaarheid) | met $t(84) = 4,89$ en $p < 0,01$ |
| E | (onderdanigheid/dominansie) | met $t(84) = -3,38$ en $p < 0,01$ |
| F | (soberheid/entoesiasme) | met $t(84) = -3,68$ en $p < 0,01$ |
| G | (opportunisme/pligsgetrouheid) | met $t(84) = -2,44$ en $p < 0,05$ |
| J | (lewenslustigheid/individualisme) | met $t(84) = -2,05$ en $p < 0,05$ |
| O | (selfversekerdheid/bevreesdheid) | met $t(84) = -7,51$ en $p < 0,01$ |
| Q2 | (sosiaal-groepafhanklikheid/ selfgenoegsaamheid) | met $t(84) = 2,15$ en $p < 0,05$ |
| Q3 | (onbeheersdheid/beheersdheid) | met $t(84) = -2,74$ en $p < 0,01$ |
| Q4 | (gespannenheid/ontspannenheid) | met $t(84) = 4,79$ en $p < 0,01$ |

**TABEL 14**

**VERSKILLE TUSSEN LEERLINGE MET 'N LAE EN 'N HOë TELLING IN FAKTOR H**

| Faktor | | Aantal H | Gemiddeld | Standaard afwyking | Vryheidsgrade | t-waarde | Beduidendheid |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | Laag | 36 | 4,14 | 1,85 | | | |
| | Hoog | 50 | 5,92 | 2,22 | 84 | -3,93 | p < 0,01 |
| B | Laag | 36 | 5,78 | 1,35 | | | |
| | Hoog | 50 | 6,04 | 1,88 | 84 | -0,71 | p > 0,05 |
| C | Laag | 36 | 3,53 | 1,42 | | | |
| | Hoog | 50 | 6,08 | 1,60 | 84 | -7,63 | p < 0,01 |
| D | Laag | 36 | 5,86 | 1,73 | | | |
| | Hoog | 50 | 3,96 | 1,76 | 84 | 4,98 | p < 0,01 |
| E | Laag | 36 | 5,86 | 1,87 | | | |
| | Hoog | 50 | 7,20 | 1,77 | 84 | -3,38 | p < 0,01 |
| F | Laag | 36 | 5,33 | 1,96 | | | |
| | Hoog | 50 | 6,92 | 1,99 | 84 | -3,68 | p < 0,01 |
| G | Laag | 36 | 4,44 | 1,68 | | | |
| | Hoog | 50 | 5,46 | 2,05 | 84 | -2,44 | p < 0,05 |
| I | Laag | 36 | 5,39 | 2,26 | | | |
| | Hoog | 50 | 5,68 | 2,32 | 84 | -0,58 | p > 0,05 |
| J | Laag | 36 | 5,12 | 1,77 | | | |
| | Hoog | 50 | 4,31 | 1,85 | 84 | -2,05 | p < 0,05 |
| O | Laag | 36 | 6,22 | 1,61 | | | |
| | Hoog | 50 | 3,28 | 1,91 | 84 | -7,51 | p < 0,01 |
| Q2 | Laag | 36 | 5,14 | 2,11 | | | |
| | Hoog | 50 | 4,24 | 1,76 | 84 | 2,15 | p < 0,05 |
| Q3 | Laag | 36 | 3,86 | 1,64 | | | |
| | Hoog | 50 | 4,94 | 1,91 | 84 | -2,74 | p < 0,01 |
| Q4 | Laag | 36 | 5,94 | 1,37 | | | |
| | Hoog | 50 | 4,14 | 1,94 | 84 | 4,79 | p < 0,01 |

Die ander nulhipoteses word aanvaar. Daar kon dus geen beduidende verskil tussen leerlinge met 'n lae telling in faktor H (skugterheid) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor H (waaghalsigheid) ten opsigte van HSPV-faktore B en I aangetoon word nie.

Verskille tussen leerlinge met 'n lae telling in faktor H (skugterheid) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor H (waaghalsigheid) is wel aangetoon ten opsigte van HSPV-faktore A, C, D, E, F, O, Q3 en Q4 ($p < 0,01$) en HSPV-faktore G, J en Q2 ($p > 0,05$). Die relevante gegewens word saamgevat en in **TABEL** 15 weergegee.

**TABEL 15**

**OPSOMMING VAN RELEVANTE DATA MET BETREKKING TOT DIE VERWERPING VAN DIE NULHIPOTESES**

| Nul-hipo-tese | Tegniese benaming | Simbool | X (-H) | X (+H) | (-H) |
|---|---|---|---|---|---|
| i | teruggetrokkenheid/hartlikheid | (A) | 4,14 | 5,92 | laer |
| iii | egoswakheid/egosterkte | (C) | 3,53 | 6,08 | laer |
| iv | flegmatisme/prikkelbaarheid | (D) | 5,86 | 3,96 | hoër |
| v | onderdanigheid/dominansie | (E) | 5,86 | 7,20 | laer |
| vi | soberheid/entoesiasme | (F) | 5,33 | 6,92 | laer |
| vii | opportunisme/pligsgetrouheid | (G) | 4,44 | 5,46 | laer |
| ix | lewenslustigheid/versigtig-individualisme | (J) | 5,12 | 4,31 | hoër |
| x | selfversekerdheid/bevreesdheid | (O) | 6,22 | 3,28 | hoër |
| xi | sosiaal-groepafhanklikheid/selfgenoegsaamheid | (Q2) | 5,14 | 4,24 | hoër |
| xii | onbeheersdheid/beheersdheid | (Q3) | 3,86 | 4,94 | laer |
| xiii | ontspannenheid/gespannenheid | (Q4) | 5,94 | 4,14 | hoër |

In die geval van HSPV-faktore D, J, O, Q2 en Q4 is die gemiddelde telling van leerlinge met 'n lae telling in faktor H (skugterheid)

hoër as die gemiddelde telling van die leerlinge met 'n hoë telling in faktor H (waaghalsigheid). Uit die gegewens blyk dat leerlinge wat die eienskap skugterheid (-H) as kenmerk van beskeidenheid toon, 'n hoër gemiddelde telling behaal in flegmatisme/prikkelbaarheid (D), lewenslustigheid/versigtig-individualisties (J), selfversekerdheid/bevreesdheid (O), sosiaal-groepafhanklikheid/selfgenoegsaamheid (Q3) en ontspannenheid/gespannenheid (Q4) as die leerlinge wat waaghalsigheid (+H) as kenmerk van nie-beskeidenheid toon.

In die geval van HSPV-faktore C, E, F en G en Q3 was die gemiddelde telling van die leerlinge met 'n lae telling in faktor H (skugterheid) laer as die gemiddelde telling van die leerlinge met 'n hoë telling in faktor H (waaghalsigheid). Uit die gegewens blyk dat leerlinge wat die eienskap skugterheid (-H) as kenmerk van beskeidenheid toon 'n laer gemiddelde telling behaal op die kontinuum egosterke/egoswakheid, onderdanigheid/dominansie, soberheid/entoesiasme, opportunisme/pligsgetrouheid en onbeheerdheid/beheersdheid as die leerling wat waaghalsigheid (+H) as kenmerk van nie-beskeidenheid toon.

## 5.4 REGRESSIE-ANALISE

Regressie-analise stel die navorser in staat om die verband tussen 'n afhanklike veranderlike en een of meer onafhanklike veranderlikes te bepaal. Deur die toepassing van regressie-analise is dit dus moontlik om aan te dui watter proporsie van die variansie in beskeidenheid deur 'n kombinasie van ander persoonlikheidsveranderlikes verklaar kan word.

'n Regressie-analise is uitgevoer vir elk van die drie belangrikste beskrywende HSPV-faktore vir beskeidenheid al dan nie, naamlik D, E en H. Dit is gedoen om te bepaal watter HSPV-faktore die grootste proporsie van die variansie in D, E en H verklaar of anders gestel, watter HSPV-faktore die grootste proporsie van die variansie in beskeidenheid verklaar.

5.4.1 Regressie-analise ten opsigte van faktor D

Die belangrike faktore wat met D verband hou word bepaal deur die uitvoering van 'n regressie-analise met faktor D as kriterium terwyl die ander HSPV-faktore as voorspellers gebruik word. Daar is van stapsgewyse regressie gebruik gemaak.

Uit die resultate blyk dat ses van die veranderlikes 32,29% van die variansie in faktor D ($R^2$ = 0,32; F(167;6) = 13,27; p < 0,01) verklaar.

Uit 'n ontleding van die volgorde waarin die veranderlikes tydens die regressie-ontleding opgeneem is, asook die variansie in faktor D wat deur die veranderlikes verklaar word, blyk dat faktor Q4 (23,55%) die vernaamste is. Dit word gevolg deur faktor O (4,87%), faktor J (1,84%), faktor G (1,1%), faktor H (0,67%) en faktor I (0,27%). Die gegewens word in TABEL 16 weergegee.

**TABEL 16**
**REGRESSIE-ANALISE: FAKTOR D**

| HSPV-faktore | $R^2$ | F | p |
|---|---|---|---|
| Q4 (ontspannenheid/gespannenheid) | 0,2355 | F(172;1) = 52,98 | < 0,01 |
| O (selfversekerdheid/bevreesdheid) | 0,2842 | F(171;2) = 33,94 | < 0,01 |
| J (lewenslustigheid/versigtig-individualisme) | 0,3025 | F(170;3) = 24,58 | < 0,01 |
| G (opportunisme/pligsgetrouheid) | 0,3135 | F(169;4) = 19,30 | < 0,01 |
| H (skugterheid/waaghalsigheid) | 0,3202 | F(168;5) = 15,83 | < 0,01 |
| I (ontoegeeflikheid/teerhartigheid) | 0,3229 | F(167;6) = 13,27 | < 0,01 |

Ontspannenheid/gespannenheid, selfversekerdheid/bevreesdheid, lewenslustigheid/versigtig-individualisme, opportunisme/pligsgetrouheid, skugterheid/waaghalsigheid en ontoegeeflikheid/teerhartigheid lewer 'n beduidende bydra tot die variansie in flegmatisme/prikkelbaarheid.

### 5.4.2 Regressie-analise ten opsigte van faktor E

Die belangrike faktore wat met E verband hou word bepaal deur die uitvoering van 'n regressie-analise met faktor E as kriterium terwyl die ander HSPV-faktore as voorspellers gebruik word.

Uit die resultate blyk dat agt van die veranderlikes 15,66% van die variansie in faktor E ($R^2$ = 0,16; F(165;8) = 3,83; p < 0,01) verklaar.

Uit 'n ontleding van die volgorde waarin die veranderlikes tydens die regressie-ontleding opgeneem is, asook die variansie in faktor E wat deur die veranderlikes verklaar word, blyk dat faktor F (7,90%) die vernaamste is. Dit word gevolg deur faktor A (2,27%), faktor G (1,21%), faktor H (1,52%), faktor J (0,97%), faktor Q3 (0,91%), C (0,64%) en Q2 (0,24%). Die gegewens word in TABEL 17 weergegee.

**TABEL 17**
**REGRESSIE-ANALISE: FAKTOR E**

| HSPV-faktore | $R^2$ | F | p |
|---|---|---|---|
| F (soberheid/entoesiasme) | 0,0790 | F(172;1) = 14,75 | < 0,01 |
| A (teruggetrokkenheid/hartlikheid) | 0,1017 | F(171;2) = 9,68 | < 0,01 |
| G (opportunisme/pligsgetrouheid) | 0,1138 | F(170;3) = 7,28 | < 0,01 |
| H (skugterheid/waaghalsigheid) | 0,1290 | F(169;4) = 6,26 | < 0,01 |
| J (lewenslustigheid/ versigtig-individualisme) | 0,1387 | F(168;5) = 5,41 | < 0,01 |
| Q3 (onbeheersdheid/beheersdheid) | 0,1478 | F(167;6) = 4,83 | < 0,01 |
| C (egoswakte/egsterkte) | 0,1542 | F(166;7) = 4,32 | < 0,01 |
| Q2 (sosiaal-groepafhanklikheid/ selfgenoegsaamheid) | 0,1566 | F(165;8) = 3,83 | < 0,01 |

Die variansie in onderdanigheid/dominansie kan verklaar word deur 'n beduidende bydrae van soberheid/entoesiasme, teruggetrokkenheid/hart-

likheid, opportunisme/pligsgetrouheid, skugterheid/waaghalsigheid, lewenslustigheid/versigtig-individualisme, onbeheersdheid/beheersdheid, egoswakte/egsterkte en sosiaal-groepafhanklikheid/selfgenoegsaamheid.

### 5.4.3 Regressie-analise ten opsigte van faktor H

Die belangrike faktore wat met H verband hou word bepaal deur die uitvoering van 'n regressie-analise met faktor H as kriterium terwyl die ander HSPV-faktore as voorspellers gebruik word.

Uit die resultate blyk dat twaalf van die veranderlikes 55,14% van die variansie in faktor H ($R^2 = 0,55$; $F(161;12) = 16,49$; $p < 0,01$) verklaar.

Uit 'n ontleding van die volgorde waarin die veranderlikes tydens die regressie-ontleding opgeneem is, asook die variansie in faktor H wat deur die veranderlikes verklaar word, blyk dat faktor O (27,72%) die vernaamste is. Dit word gevolg deur faktore F (13,37%), C (6,24%), A (3,97%), D (0,91%), M/V (0,71), Q3 (0,72%), E (0,47%), B (0,33%), Q4 (0,25%) J (0,24%) en Q2 (0,21%) die variansie in faktor H verklaar. Die gegewens word in TABEL 18 weergegee.

Die variansie in skugterheid/waaghalsigheid kan verklaar word deur 'n beduidende bydrae van selfversekerdheid/bevreesdheid, soberheid/entoesiasme, egosterkte/egoswakheid, teruggetrokkenheid/hartlikheid, flegmatisme/prikkelbaarheid, geslagsverskille, onbeheersdheid/beheersdheid, onderdanigheid/dominansie, minder/meer intelligent, gespannenheid/ontspannenheid, lewenslustigheid/versigtig-individualisme en sosiaal-groepafhanklikheid/selfgenoegsaamheid.

**TABEL 18**

**REGRESSIE-ANALISE: FAKTOR H**

| Veranderlikes | $R^2$ | F | p |
|---|---|---|---|
| O (selfversekerdheid/bevreesdheid) | 0,2772 | F(172;1) = 65,97 | < 0,01 |
| F (soberheid/entoesiasme) | 0,4110 | F(171;2) = 59,65 | < 0,01 |
| C (egosterkte/egoswakheid) | 0,4733 | F(170;3) = 50,93 | < 0,01 |
| A (teruggetrokkenheid/hartlikheid) | 0,5131 | F(169;4) = 44,52 | < 0,01 |
| D (flegmatisme/prikkelbaarheid) | 0,5221 | F(168;5) = 36,71 | < 0,01 |
| M/V (geslagsverskille) | 0,5292 | F(167;6) = 31,29 | < 0,01 |
| Q3 (onbeheersdheid/beheersdheid) | 0,5364 | F(166;7) = 27,44 | < 0,01 |
| E (onderdanigheid/dominansie) | 0,5411 | F(165;8) = 24,32 | < 0,01 |
| B (minder/meer intelligent) | 0,5444 | F(164;9) = 21,77 | < 0,01 |
| Q4 (gespannenheid/ontspannenheid) | 0,5468 | F(163;10) = 19,67 | < 0,01 |
| J (lewenslustigheid/versigtig-individualisme) | 0,5492 | F(162;11) = 17,94 | < 0,01 |
| Q2 (sosiaal-groepafhanklikheid/selfgenoegsaamheid) | 0,5514 | F(161;11) = 16,49 | < 0,01 |

### 5.4.4 'n Vergelyking van die regressie-analises ten opsigte van faktore D, E en H

In die voorafgaande regressie-analises is gelet op die mate waarin die verskillende HSPV-faktore die variansie verklaar van respektiewelik flegmatisme/prikkelbaarheid, onderdanigheid/dominansie en skugterheid/waaghalsigheid wat volgens die literatuur aanduiders van beskeidenheid kan wees.

In TABEL 19 word 'n vergelyking van die regressie-analises vir faktor D, E en H gemaak. Die doel daarvan is om die belangrikste HSPV-faktore te identifiseer.

**TABEL 19**

**VERGELYKING VAN REGRESSIE-ANALISES VIR FAKTOR D, E EN H**

| HSPV-faktor | D | E | H |
|---|---|---|---|
| | Q4 | F | O |
| | O | A | F |
| | J | G | C |
| | G | H | A |
| | H | J | D |
| | I | Q3 | Q3 |
| | | C | E |
| | | Q2 | B |
| | | | Q4 |
| | | | J |
| | | | Q2 |

Deur 'n ontleding van die gegewens in TABEL 19 blyk dat faktore A, C, D, E, F, H en O as die belangrikste faktore vir die verklaring van die variansies in beskeidenheid (soos aangedui deur faktore D, E en H) beskou kan word. Hierdie faktore dui onderskeidelik op teruggetrokkenheid/hartlikheid, egoswakheid/egosterkte, flegmatisme/prikkelbaarheid, onderdanigheid/dominansie, soberheid/entoesiasme, skugterheid/waaghalsigheid en selfversekerdheid/bevreesdheid.

## 5.5 OPSOMMING VAN STATISTIESE VERWERKINGS

Die bevindings uit die statistiese verwerkings word duidelikheidshalwe onder die opskrifte korrelasies, t-toetse en regressie-analise opgesom.

### 5.5.1 Korrelasies

In die geval van HSPV-faktore wat eksplisiet op beskeidenheid dui, is 'n matige korrelasie tussen flegmatisme/prikkelbaarheid (D) en self-

versekerdheid/bevreesdheid (O) asook tussen skugterheid/waaghalsigheid (H) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O) aangetoon.

By die HSPV-faktore wat implisiet op beskeidenheid dui, kom 'n matige korrelasie voor tussen egoswakte/egosterkte (C) en skugterheid/waaghalsigheid (H) sowel as egoswakte/egosterkte (C) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O).

Verder is daar ook 'n matige korrelasie tussen flegmatisme/prikkelbaarheid (D) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O) sowel as flegmatisme/prikkelbaarheid (D) en ontspannenheid/gespannenheid (Q4). Skugterheid/waaghalsigheid (H) toon ook 'n matige korrelasie met selfversekerdheid/bevreesdheid (O) sowel as met ontspannenheid/gespannenheid (Q4). Laastens is daar ook 'n matige korrelasie tussen selfversekerdheid/bevreesdheid (O) en ontspannenheid/gespannenheid (Q4).

### 5.5.2 T-toetse

Faktore D, E en H is gebruik vir die identifisering van beskeie leerlinge. Verskille tussen leerlinge met 'n lae telling in faktor D (flegmatisme) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor D (prikkelbaarheid) is aangetoon ten opsigte van HSPV-faktore egoswakte/egosterkte (C), opportunisme/pligsgetrouheid (G), skugterheid/waaghalsigheid (H), lewenslustigheid/versigtig-individualisme (J), selfversekerdheid/bevreesdheid (O) en ontspannenheid/gespannenheid (Q4).

Verskille tussen leerlinge met 'n lae telling in faktor E (onderdanigheid) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor E (dominansie) is aangetoon ten opsigte van HSPV-faktore teruggetrokkenheid/hartlikheid (A), soberheid/entoesiasme (F), lewenslustigheid/versigtig-individualisme (J) en sosiaal-groepafhanklikheid/selfgenoegsaamheid (Q2).

Verskille tussen leerlinge met 'n lae telling in faktor H (skugterheid) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor H (waaghalsigheid) is aangetoon ten opsigte van HSPV-faktore teruggetrokkenheid/hartlikheid (A), egoswakheid/egosterkte (C), flegmatisme/prikkelbaarheid (D), onderdanigheid/dominansie (E), soberheid/entoesiasme (F), selfver-

sekerdheid/bevreesdheid (O), onbeheersdheid/beheersdheid (Q3), ontspannenheid/gespannenheid (Q4), opportunisme/pligsgetrouheid (G), lewenslustigheid/versigtig-individualisme (J) en sosiaal-groepafhanklikheid/selfgenoegsaamheid (Q2).

### 5.5.3 Regressie-analise

Die variansie in beskeidenheid (soos aangedui deur faktore D, E en H) kan verklaar word deur 'n beduidende bydrae van teruggetrokkenheid/hartlikheid (A), egoswakheid/egosterkte (C), flegmatisme/prikkelbaarheid (D), onderdanigheid/dominansie (E), soberheid/entoesiasme (F), skugterheid/waaghalsigheid (H) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O).

## 5.5 SAMEVATTING

In hoofstuk 5 is die resultate van die empiriese ondersoek verwerk en bespreek. Daar is aanduidings van die aanwesigheid van matige korrelasies tussen enkele toepaslike HSPV-faktore (hipotese 1 en 2). Verder is ook beduidende verskille tussen die gemiddelde HSPV-tellings van beskeie en nie-beskeie leerlinge aangetoon (hipotese 3, 4 en 5). Uit die regressie-analises blyk belangrike faktore wat die variansie in beskeidenheid verklaar.

Hoofstuk 6 word gewy aan die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die navorsing.

# HOOFSTUK 6 SAMEVATTING EN SLOT

## 6.1 INLEIDING

Die vraag of 'n beskeie leerling aan bepaalde persoonlikheidseienskappe kenbaar is en op grond van die eienskappe vir hulpverlening geïdentifiseer kan word, lê die navorsing ten grondslag. Met dié vraag in gedagte is 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek onderneem om beskeidenheid as fenomeen te ondersoek. In hoofstuk 6 word die bevindings uit die navorsing saamgevat.

## 6.2 BEVINDINGS UIT DIE LITERATUUR

Weinig navorsing oor beskeidenheid as fenomeen is in die literatuur beskryf. Volgens die HAT (1984:83) dui beskeidenheid op die afwesigheid van aanmatiging of veeleisendheid en dit word deur sinonieme soos terughoudendheid en beskroomdheid beskryf. Twee vorme van beskeidenheid word onderskei, naamlik beskeidenheid wat gegrond is op die siening dat dit 'n deug is om beskeie te wees en beskeidenheid wat die manifestasie van innerlike onsekerheid is.

Beskeidenheid is egter 'n persoonlikheidseienskap en die navorsing het ten doel om te bepaal watter ander eienskappe met beskeidenheid gepaardgaan. Weens die ontoereikende navorsing wat oor beskeidenheid gedoen is, is die navorser gedwing om op grond van bestaande navorsing afleidings oor beskeidenheid en die leefwêreld van die beskeie leerling te maak.

'n Grondige literatuurstudie is oor persoonlikheid as fenomeen gedoen en in hoofstuk 2 beskryf. Aandag is gegee aan die omskrywing, samestelling, ontwikkeling en bepalers van persoonlikheid. Verder is gelet op die goedaangepaste persoon en die persoonlikheidsamestelling van die beskeie persoon.

In die omskrywing van persoonlikheid kom twee aspekte sterk na vore, naamlik 'n bepaalde innerlikheid of individualiteit en 'n situasiegebondenheid wat met die omgewing verband hou. Uitkenning van 'n spesifieke persoon geskied aan die hand van sy besondere, unieke, innerlik-georiënteerde wyse van optrede (aanpassing) in 'n bepaalde omgewing. Die persoonlikheid word saamgestel uit 'n selfkonsep en gepaardgaande persoonlikheidseienskappe wat in wisselwerking met mekaar is. Die vorming van die selfkonsep is die resultaat van 'n verskeidenheid psigiese aktiwiteite met betrekking tot identiteitsvorming en -vestiging. 'n Gunstige evaluering van 'n identiteit dra by tot 'n hoë selfkonsep en andersom.

Daar is reeds verskeie persoonlikheidspatrone geïdentifiseer, soos byvoorbeeld die outoritêre en kreatiewe persoonlikheid. Dit blyk uit die literatuurstudie dat die samestelling van die persoonlikheid kan verander mits die selfkonsep verander. Dit vereis dat die omgewingsinvloede wat tot die totstandkoming van sekere eienskappe lei, sal verander.

Erikson (1963) onderskei agt stadia in die ontwikkeling van die persoonlikheid. In elkeen van die stadia kom 'n ontwikkelingskrisis as kern voor, en die wyse waarop die krisis deur die mens hanteer word, bepaal die aard van die ontwikkeling van die persoonlikheid. Persoonlikheidsontwikkeling is 'n lewenslange proses wat deurlopend is vanaf babatyd tot bejaardheid. Adolessensie is 'n baie belangrike tydperk in die ontwikkeling van die persoonlikheid, omdat die persoonsidentiteit tydens adolessensie ontwikkel en 'n groot mate van bestendigheid verkry.

Die persoonlikheidsamestelling is die resultaat van die rypwording van oorgeërfde eienskappe, maar dit hou ook verband met die omgewing. Die belangrikste omgewingsbepalers vir persoonlikheidsontwikkeling is die moeder, gesin, skool- en sosiale omgewing, geslagtelike ontwikkeling, portuurgroep, kognitiewe ontwikkeling en waardes en norme. Dit is veral die vroeëre lewenservarings wat die ontwikkeling van die persoonlikheidsamestelling beïnvloed.

Die individu met 'n goedaangepaste persoonlikheid is in staat tot selfaktualisering. Om tot selfaktualisering te kan kom, vereis toereikende relasievorming waardeur die persoon sy latente moontlikhede kan realiseer.

Uit die literatuur is 'n aantal persoonlikheidskenmerke geïdentifiseer wat eksplisiet of implisiet op beskeidenheid kan dui. Persoonlikheidseienskappe wat eksplisiet op beskeidenheid dui, is terughoudendheid, beskroomdheid, geïnhibeerdheid, ontoereikende assertiwiteit, vry van aanmatiging en roem nie op die self nie. Daarteenoor staan sake soos sosiale angstigheid, openbare selfbewustheid, vrees vir sukses en swak selfevaluering wat in terughoudendheid en inhibisie manifesteer en derhalwe implisiet op beskeidenheid kan dui.

Dit blyk dat die ontwikkeling van eienskappe soos terughoudendheid en teruggetrokkenheid die uitkoms van die hantering van 'n ontwikkelingskrisis (volgens Erikson) is en dat die eienskappe reeds in die kleuter-, klein kindertyd en laat kindertyd ontwikkel. Verder blyk dat beskeidenheid by die kind kan ontstaan as gevolg van 'n dominante moederfiguur, oormatige kritiek van die kant van die ouers en die aanvang van geslagtelike ontwikkeling. Opvoeding speel 'n belangrike rol in die ontstaan van beskeidenheid as gedragsmanifestasie.

In hoofstuk 3 is aandag gegee aan die rol van persoonlikheidsamestelling in die leefwêreld van die beskeie leerling. Daar is gelet op die invloed wat beskeidenheid op relasievorming en selfaktualisering het. Die beskeie leerling wat skaam, teruggetrokke, terughoudend en geïnhibeerd is, ontneem homself die geleentheid tot relasievorming. Daar is gevolglik sprake van ontoereikende relasievorming, veral op sosiale vlak wat uit die aard van die saak tot beperkte geleenthede vir identiteitsverkryging, as bousteen vir die persoonlikheidsamestelling, aanleiding gee.

Die beskeie leerling is nie spontaan in sy optrede nie en tree nie met oorgawe tot die omringende wêreld toe nie. Die beskeie kind beleef min selfvertroue en ervaar dikwels 'n gevoel van angstigheid wat kan

aanleiding gee tot 'n ongunstige idee van die self ten opsigte van bepaalde identiteite. Die ongunstige evaluering van die self kan tot 'n onrealistiese betekenisgewing lei met die gevolg dat die psigiese self nie na waarde geskat word nie. Die beskeie leerling staan in 'n ontoereikende verhouding teenoor die self en dit kan ook sy verhouding tot ander beïnvloed. Gesonde relasies met die self en ander dien as basis vir selfaktualisering. Indien die beskeie leerling se relasievorming mank gaan aan spontaneïteit, sal dit remmend op selfaktualisering inwerk.

Uit die bespreking van die selfkonsep blyk dat die beskeie leerling moontlik 'n lae selfkonsep het. Ten spyte van goeie prestasies en deugde ag die beskeie leerling homself nie na waarde nie en word sy selfkonsep ongunstig beïnvloed. Dit kan die gevolg wees van onrealistiese aspirasies, gebrekkige selfinsig, te hoë persoonlike eise en oormatige selfkritiek. Die beskeie leerling word gekenmerk deur beskroomdheid en terughoudendheid wat derhalwe moontlik verband kan hou met 'n diffuse selfidentiteit en gepaardgaande isolasie, min selfvertroue en 'n gevoel van minderwaardigheid. Dit dui daarop dat beskeidenheid met innerlike onsekerheid gepaard kan gaan.

## 6.3 BEVINDINGS UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die HSPV is geselekteer vir gebruik in die empiriese ondersoek, aangesien dit spesiaal ontwerp is vir die meting van persoonlikheid by hoërskoolleerlinge. Die eienskappe van die beskeie leerling wat uit die literatuur verkry is, is in hoofstuk 4 aan die hand van die omskrywings van die HSPV-faktore tot simbole omgeskakel.

Die persoonlikheidseienskappe wat met beskeidenheid gepaard kan gaan en op grond waarvan 'n tentatiewe beeld van beskeidenheid gevorm is, is teruggetrokkenheid/hartlikheid (A), egoswakheid/egosterkte (C), flegmatisme/prikkelbaarheid (D), onderdanigheid/dominansie (E), soberheid/entoesiasme (F), opportunisme/pligsgetrouheid (G), skugterheid/waaghalsigheid (H), ontoegeeflikheid/teerhartigheid (I), lewenslustigheid/versigtig-individualisme (J), selfversekerdheid/bevreesdheid (O),

groepafhanklikheid/selfgenoegsaamheid (Q2) sowel as gespannenheid/ontspannenheid (Q4).

Faktore D (flegmatisme/prikkelbaarheid), E (onderdanigheid/dominansie en H (skugterheid/waaghalsigheid) is as die belangrikste aanduiders van beskeidenheid geïdentifiseer. 'n Vyftal hipoteses is gestel met betrekking tot die verband tussen die HSPV-faktore. Die Pearson produkmomentkorrelasiekoëffisiënt van die verskillende HSPV-faktore is met behulp van die SAS-program bereken. T-toetse is gebruik om te bepaal of daar 'n beduidende verskil tussen die gemiddelde HSPV-tellings van beskeie leerlinge (soos aangedui deur faktore D, E en H) is. Verder is van regressie-analises gebruik gemaak om te bepaal watter HSPV-faktore die grootste proporsie van die variansie in faktore D, E en H verklaar.

Deur die berekening van die Pearson produkmomentkorrelasiekoëffisiënt is 'n matige korrelasie tussen flegmatisme/prikkelbaarheid (D) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O) asook tussen skugterheid/waaghalsigheid (H) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O) aangetoon. Verder is ook 'n matige korrelasie tussen egoswakte/egosterkte (C) en skugterheid/waaghalsigheid (H) sowel as egoswakte/egosterkte (C) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O) aangetoon (kyk 5.5.1).

Faktore D, E en H is gebruik vir die identifisering van beskeie leerlinge. Verskille tussen leerlinge met 'n lae telling in faktor D (flegmatisme) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor D (prikkelbaarheid) is wel aangetoon ten opsigte van HSPV-faktore egoswakte/egosterkte (C), opportunisme/pligsgetrouheid (G), skugterheid/waaghalsigheid (H), lewenslustigheid/versigtig-individualisme (J), selfversekerdheid/bevreesdheid (O) en ontspannenheid/gespannendheid (Q4) (kyk 5.5.2).

Verskille tussen leerlinge met 'n lae telling in faktor E (onderdanigheid) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor E (dominansie) is wel aangetoon ten opsigte van HSPV-faktore teruggetrokkenheid/hartlikheid (A), soberheid/entoesiasme (F), lewenslustigheid/individualisme (J) en sosiaal-groepafhanklikheid/selfgenoegsaamheid (Q2) (kyk 5.5.2).

Verskille tussen leerlinge met 'n lae telling in faktor H (skugterheid) en leerlinge met 'n hoë telling in faktor H (waaghalsigheid) is aangetoon ten opsigte van HSPV-faktore teruggetrokkenheid/hartlikheid (A), egoswakheid/egosterkte (C), flegmatisme/prikkelbaarheid (D), onderdanigheid/dominansie (E), soberheid/entoesiasme (F), selfversekerdheid/bevreesdheid (O), onbeheersdheid/beheersdheid (Q3), ontspannenheid/gespannenheid (Q4), opportunisme/pligsgetrouheid (G), lewenslustigheid/individualisme (J) en sosiaal-groepafhanklikheid/-selfgenoegsaamheid (Q2) (kyk 5.5.2)

Die variansie in beskeidenheid (soos aangedui deur faktor D, E en H) kan verklaar word deur 'n beduidende bydrae van teruggetrokkenheid/hartlikheid (A), egoswakheid/egosterkte (C), flegmatisme/prikkelbaarheid (D), onderdanigheid/dominansie (E), soberheid/entoesiasme (F), skugterheid/waaghalsigheid (H) en selfversekerdheid/bevreesdheid (O).

## 6.4 GEVOLGTREKKINGS VAN DIE STUDIE

Die eerste belangrike gevolgtrekking wat uit die navorsing gemaak word, is dat beskeidenheid nie bloot oppervlakkig beskou moet word nie. Uit die navorsing blyk dat beskeidenheid nie noodwendig met 'n gunstige selfkonsep gepaardgaan en as 'n deug beskou kan word nie. Beskeidenheid kan ook die manifestasie van dieperliggende probleme, soos innerlike onsekerheid en 'n lae selfkonsep wees.

Uit die literatuurstudie blyk dat die manifestasie van beskeidenheid op 'n onvermoë tot bevordering van die self, of ontoereikende assertiwiteit dui. Hierdie onvermoë en ander gepaardgaande persoonlikheidseienskappe kan 'n nadelige invloed op relasievorming en selfaktualisering van die kind hê. Daar is verskeie faktore wat die ontwikkeling van beskeidenheid in die hand werk, waar onder 'n dominante moederfiguur, sowel as die onvermoë om geslagtelike ontwikkeling te aanvaar.

Op grond van die literatuurstudie is 'n hoë korrelasie verwag tussen faktore wat eksplisiet op beskeidenheid dui, naamlik A, D, E, F, G, H

en O. Verder is ook 'n hoë korrelasie verwag tussen die faktore wat eksplisiet en implisiet op beskeidenheid dui, naamlik tussen faktore A, C, D, E, F, G, H, I, J, O, Q2 en Q4. Dit kon egter nie in die empiriese ondersoek aangetoon word nie.

'n Tipiese persoonlikheidsprofiel vir beskeie leerlinge kon nie op grond van die empiriese ondersoek saamgestel word nie, maar uit die berekening van die Pearson produkmomentkorrelasiekoëffisiënt, t-toetse en regressie-analises, blyk daar wel enkele faktore wat moontlik met beskeidenheid gepaardgaan.

## 6.5 DIE IMPLIKASIE VAN DIE STUDIE

As daar op die bevindings uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek na beskeidenheid gelet word, is dit duidelik dat die opvoeder 'n groot taak het om te verrig ten opsigte van die **stil en teruggetrokke** leerling wat in sy klas is. Die kind moet daadwerklik begelei word tot realistiese selfbevordering, waardeur relasievorming en selfaktualisering in die hand gewerk word.

Om hulp te kan verleen vereis doelgerigtheid, kennis en selfinsig van die opvoeder. Die kennis het nie slegs op die kind betrekking nie, maar die opvoeder moet ook hand in eie boesem steek, om sodoende vas te stel waardeur die terughoudendheid by die kind ontstaan.

## 6.6 ASPEKTE WAT VERDERE ONDERSOEK REGVERDIG

Alhoewel daar nie 'n persoonlikheidsprofiel vir die beskeie leerling in dié besondere ondersoek saamgestel kon word nie, het 'n aantal moontlike verbandhoudende persoonlikheidseienskappe duidelik na vore gekom. Dit word aanbeveel dat 'n vraelys met betrekking tot die persoonlikheidseienskappe saamgestel word, met die doel om die beskeie leerling te identifiseer.

Dit word verder aanbeveel dat die vraelys so saamgestel word dat dit

onderskei tussen beskeidenheid as deug en beskeidenheid as gevolg van innerlike onsekerheid. Sodanige vraelys kan gebruik word as diagnostiese middel om leerlinge met dieperliggende probleme te identifiseer en vir terapie te verwys.

## 6.7 DIE LEEMTES VAN DIE STUDIE

'n Leemte in die studie is dat daar beperkte literatuur oor beskeidenheid as fenomeen beskikbaar is. Die navorser moes onvermydelik aanverwante literatuur raadpleeg en afleidings ten opsigte van beskeidenheid maak.

Die HSPV wat in die empiriese ondersoek gebruik is, het tot bepaalde leemtes in die ondersoek gelei. Die vrae in die HSPV is situasiegebonde met die gevolg dat dit op wisselende wyses geïnterpreteer kan word. Verder varieer die betroubaarheidskoëffisiënte vir Vorm A (17 jarige seuns en dogters) tussen 0,55 en 0,87, terwyl 'n betroubaarheidskoëffisiënt van 0,9 normaalweg as vereiste vir 'n gestandaardiseerde vraelys gestel word.

## 6.8 TEN SLOTTE

In die hoofstuk is die belangrikste bevindings van die studie kortliks opgesom en is tot 'n gevolgtrekking oor die navorsing gekom. Verder is gelet op die implikasie en leemtes van die navorsing.

Hierdie navorsingsverslag is 'n poging om die aandag van opvoeders te verkry vir die terughoudende leerlinge in die klaskamer; om 'n geroepenheid te wek vir begeleiding van dié leerling tot toereikende relasievorming en selfaktualisering. Die hoop word gekoester dat die leser van hierdie studie 'n simpatie vir en begeesterdheid tot hulpverlening aan die beskeie leerling sal ontwikkel.

## BRONNELYS

### Aangehaalde werke


Adams, G.R. 1983. Social competence during adolescence: social sensitivity, locus of control, empathy, and peer popularity. Journal of Youth and Adolescence, vol. 12(3), 1983, p. 203-211.

Allport, G.W. 1961. Pattern and growth in personality. New York: Holt, Rinehart & Winston.

Andrews, J. 1973. Relationship of values to identity achievement. Journal of Youth and Adolescence, vol. 2, 1973, p. 133-138.

Augsburger, D. 1980. Caring enough to confront. Glendale: Regal Books.

Baron, R.A. & Byrne, D. 1987. Social Psychology. Understanding human interaction. Boston: Allyn Bacon.

Baruth, L.G. & Huber, C.H. 1985. Counseling and psychotherapy: theoretical analyses and skills applications. Columbus: Charles E. Merrill.

Bernard, H.S. 1981. Identity formation during late adolescence: a review of some empirical findings. Adolescence, vol. 16(62), Summer 1981, p. 349-358.

Bester. G. 1990. Die gebruik van Erikson se persoonlikheidsteorie vir die meting van identiteitsvorming by skoolgaande adolessente. Educare, vol. 19(1) & 19(2), 1990, p.90-96.

Bickford, F. 1972. The search for identity. School Counselor, 1972, vol. 19(3), p. 191-194.

Blair, G.M. 1975. Educational psychology. 4th ed. London: Collier-McMillan.

Bower, S.A. & Bower, G.H. 1976. Asserting yourself: a practical guide for positive change. Reading: Addisson-Wesley.

Briggs, S.R. 1988. Shyness: introversion or neuroticism? Journal of Research in Personality, vol. 22(3), 1988, p. 290-307.

Broughton, J.M. 1981. The divided self in adolescence. Human Development, vol. 21, 1981, p. 13-32.

Cate, R. & Sugawara, A.I. 1986. Sex role orientation and dimensions of self-esteem among middle adolescents. Sex roles, vol. 15(3/4), 1986, p. 145-158.

Cattell, R.B. 1968. Personality and social psychology. San Diego: Robert Knapp.

Cattell, R.B. 1977. The grammar of Science and the evolution of personality theory. In: Handbook of modern personality theory, edited by Cattell R.B. & Dreger, R.M., New York: Hemisphere, p. 3-42.

Cattell, R.B. 1977. A more sophisticated look at structure: perturbation, sampling, role, and observer trait-view theories. In: Handbook of modern personality theory, edited by Cattell R.B. & Dreger, R.M., New York: Hemisphere, p. 166-220.

Cattell, R.B., Eber, H.W. & Tatsuoka, M.M. 1970. Handbook for the Sixteen Personality Factor Questionnaire (16PF). Champaign: Institute for Personality and Ability Testing.

Cheek, J.M. & Busch, C.M. 1981. The influence of shyness and loneliness in a new situation. Personality and Social Psychology Bulletin, vol. 7(4), December 1981, p. 572-577.

Cheek, J.M. & Buss, A.H. 1981. Shyness and sociability. Journal of Personality and Social Psychology, vol. 41(2), 1981, p. 330-339.

Coates, C.R. 1981. Developing a commanding personality. Chicago: Nelson-Hall.

Cotler, S.B. & Guerra, J.J. 1980. Assertion training. A humanistic-behavioral guide to self-dignity. Champaign: Research Press.

Crable, R.E. 1979. Using communication. Boston: Allyn & Bacon.

Critelli, J.W. 1987. Personal growth and effective behavior: the challenge of everyday life. New York: Holt, Rinehart & Winston.

Crozier, W.R. 1981. Shyness and self-esteem. British Journal of Social Psychology, vol. 20, 1981, p. 220-222.

Dawley, H.H. & Wenrich, W.W. 1976. Achieving assertive behavior. A guide to assertive training. Monterey: Brooks/Cole.

Derlega, V.J. & Janda, L.H. 1981. Personal adjustment. The psychology of everyday life. 2nd ed. Dallas: Scott, Foresman.

Derlega, V.J., Winstead, B.A., Wong, P.T.P. & Greenspan, M. 1987. Self-disclosure and relationskip development: an attributional analysis. In: Interpersonal processes: new directions in communication research, edited by Roloff, M.E. & Miller, G.R., London: SAGE, p. 172-187.

De Witt, J. 1978. Psychologie van die adolessentie. Nijkerk: Callenbach.

DiCaprio, N.S. 1980. Adjustment: fulfilling human potentials. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Dunphy, D.C. 1971. The social structure of the urban adolescent peergroups. In: Readings in adolescent behavior; edited by Hill, J.P. & Shelton, J., New Jersey: Prentice Hall, p. (166-220).

Edelmann, R.J. & McCusker, G. 1986. Introversion, neuroticism, empathy and embarrassibility. Personality and Individual Differences, vol. 7(2), 1986, p. 133-140.

Eder, D. 1985. The cycle of popularity: interpersonal relation among female adolescents. Sociology of Education, vol. 58, 1985, p. 154-165.

Elkins, D.P. 1976. Nourish yourself. In: Glad to be me. Building self-esteem in yourself and others, edited by Elkins, D.P., Englewood Cliffs: Prentice Hall, p. 60.

Elliott, G.C. 1984. Dimensions of the self-concept: a source of further distinctions in the nature of self-consciousness. Journal of Youth and Adolescence, vol. 13(4), 1984, p. 285-307.

Engelbrecht, C.S., Kok, J.C. & Van Biljon, S.S. 1982. Volwassewording. Durban: Butterworth.

Engler, Barbara. 1979. Personality theories: an introduction. Boston: Houghton Mifflin.

Enright, R.D. & Deist, S.H. 1979. Social perspective taking as a component of identity formation. Adolescence, vol. 14(55), Fall 1979, p. 517-522.

Erikson, E.H. 1963. Childhood and society. 2nd. ed. New York: Norton.

Erikson, E.H. 1968. Identity and the life cycle. New York: International Press.

Erikson, E. 1975. Youth and life cycle. In: Adolescent behavior and society: a book of readings, 2nd ed., edited by Muuss, R.E. New York: Random House, p. 268-279.

Erikson, E.H. 1977. Childhood and society. St. Albans: Triad & Paladin.

Fehr, L.A. & Stamps, L.E. 1979. Guilt and shyness: a profile of social discomfort. Journal of Personality Assessment, 1979, vol. 43(5), p. 481-484.

Fensterheim, H. & Baer, J. 1975. Don't say yes when you want to say no. How assertiveness training can change your life. New York: David McKay.

Ferron, O.M. 1990. Guidance and counselling for tertiary students. Durban: Butterworths.

Fleming, C.M. 1967. Adolescence. London: Routledge & Kegan Paul.

Ford, D.H. & Urban, H.B. 1963. Systems of psychotherapy : a comparative study. New York: John Wiley.

Frankl, V.E. 1964. Man's search for meaning. London: Hoddler & Stroughton.

Frankl, V.E. 1980. Sê ja vir die lewe. Verwerk deur Deist, F. Kaapstad: Tafelberg.

Freud, S. 1976. Intoductory lectures on psychoanalysis. Edited by Strachey, J. London: Penguin.

Garbers, J.G., Wiid, A.J.B., Myburgh, C.P.H., Van Biljon, S.S. & Fourie, C.M. 1983. Adolessensie. Pretoria: Butterworths.

Gazda, G.M. 1984. Group counseling a developmental approach. 3rd. edition. Boston: Allyn & Bacon.

Gerdes, L. 1981. Rypheid. In: Die ontwikkelende volwassene, geredigeer deur Gerdes, L.C., Ochse, R., Stander, C. & Van Ede, D., Durban: Butterworth, p. 87-104.

Gibson, R.L. & Mitchell, M.H. 1986. Introduction to counseling and guidance. 2nd. ed. New York: Macmillan.

Giffin, K. & Patton, B.R. 1974. Personal communication in human relations. Columbus: Charles E. Merrill.

Goldsmith, H.H. 1983. Genetic influences on personality from infancy to adulthood. Child development, vol. 54(2), 1983, p. 331-355.

Good, T.L. & Brophy, J.E. 1986. Educational psychology: a realistic approach. 3rd. ed. New York: Longman.

Gorsuch, R.L. & Cattell, R.B. 1977. Personality and socio-ethical values: the structure of self and superego. In: Handbook of modern personality theory, edited by Cattell R.B. & Dreger, R.M., New York: Hemisphere, p. 675-708.

Grasha, A.F. & Kirschenbaum, D.S. 1980. Psychology of adjustment and competence. An applied approach. Cambridge: Winthrop.

Grotevant, H.D. & Cooper, C.R. 1985. Patterns of interaction in family relationships and the development of identity exploration in adolescence. Child Development, vol. 56, 1985, p. 415-428.

Grotevant, H.D. & Cooper, C.R. 1986. Individuation in family relationship. Human Development, vol. 29(2), Maart/April 1986, p. 82-100.

Gurney, P. 1987. Self-esteem enhancement in children: a review of research findings. Educational research, vol. 29(2), June 1987, p. 130-136.

Hall, C.S. & Lindzey, G. 1970. Theories of personality. 2nd. ed. New York: John Wiley.

Hamachek, D.E. 1975. Behavior dynamics in teaching, learning and growth. Boston: Allyn & Bacon.

Hamachek, D.E. 1976. Your self-image. In: Glad to be me. Building self-esteem in yourself and others, edited by Elkins, D.P., Englewood Cliffs: Prentice Hall, p. 92-94.

Hamachek, D.E. 1985. Psychology in teaching, learning and growth. Boston: Allyn & Bacon.

Hansen, J.C., Stevic, R.R. & Warner, R.W. 1982. Counseling: theory and process. 3rd. ed. Boston: Allyn & Bacon.

Harris, P.R. 1984. The hidden face of shyness: a message from the shy for researchers and practitioners. Human Relation, vol. 37(12), 1984, p. 1079-1093.

HAT. Sien Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal.

Hayes, R.L. 1982. A re-view of adolescent identity formation: implications for education. Adolescence, vol. 17(65), Spring 1982, p. 153-165.

Hendrick, J. 1988. The whole child. Developmental education for the early years. 4th ed. Columbus: Merrill.

Herman, T. & Stapf, A. 1977. Personality and culture: the family. In: Handbook of modern personality theory, edited by Cattell R.B. & Dreger, R.M., New York: Hemisphere, p. 477-495.

Heyns, J.A. 1974. Die mens. Bloemfontein: SACUM.

Hollinger C.L. & Fleming, E.S. 1984. Internal barriers to the realization of potential: correlates en interrelationships among gifted and talented female adolescents. Gifted Child Quarterly, Vol. 28(3), Summer 1984, p. 135-139.

Horn, J.L. 1977. Personality and ability theory. In: Handbook of modern personality theory, edited by Cattell R.B. & Dreger, R.M., New York: Hemisphere, p. 139-165

Horrocks, J.E. 1976. The psychology of adolescence. 4th. ed. Boston: Houghton Mifflin.

HSRC. Kyk Human Sciences Research Council.

Human Sciences Research Council. 1974. Manual for the JR.-SR. High School Personality Questionnaire (HSPQ). Pretoria: HSRC.

Hurlock, E.B. 1975. Developmental psychology. New York: McGraw-Hill.

Hurlock, E.B. 1978. Child development. New York: McGraw-Hill.

Jacobs, L.J. 1972. 'n Ondersoek na die persoonlikheids- en intelligensie-eienskappe van 'n groep adolessente leiers en leidsters. Pretoria: Unisa. (Ongepubliseerde MA-verhandeling.)

Jacobs, L.J. 1987. Relasie terapie: 'n opvoedkundige sielkundige benadering. Pretoria: Unisa.

Jacobs, L.J. & Vrey, J.D. 1982. Selfkonsep, diagnose en terapie: 'n opvoedkundig-sielkundige benadering. Pretoria: Academica.

James, M.A. 1980. Early adolescent ego development. High School Journal, vol. 63(6), March 1980, p. 244-249.

Jersild, A.T., Brook, J.S. & Brook, D.W. 1978. The psychology of adolescents. 3rd ed. London: Collier McMillan.

Jones, W.H., Freeman, J.E. & Goswick, R.A. 1981. The persistence of loneliness: self and other determinants. Journal of Personality, vol. 49(1), 1981, p. 26-32.

Josselyn, I.M. 1963. The adolescent and his world. New York: Family service association of America.

Karson, S & O'Dell, J.W. 1976. A guide to the clinical use of the 16PF Champaign: Institute for Personality and Ability Testing.

Kauschansky, A. & Tyano, S. 1985. Modern approaches to the treatment of adolescents. International journal of adolescent medicine and health, vol. 1(1 & 2), 1985, p. 182-189.

Kawash, G.F. 1982. A structural analysis of self-esteem from pre-adolescence through young adulthood: anxiety and extraversion as agents in the development of self-esteem. Journal of Clinical Psychology, vol. 38(2), 1982, p. 301-311.

Kroger, J. 1989. Identity in adolescence. The balance between self and other. London: Routledge.

Le Roux, J.G. 1976. 'n Ondersoek na die verband tussen selfkonsep en skolastiese prestasie by 'n groep standerd ses-leerlinge. Pretoria: Unisa. (Ongepubliseerde MEd.-verhandeling.)

Le Roux, M.D. 1989. Portuurgroepinvloede op die adolessent se identiteitsvorming. Pretoria: Unisa. (Ongepubliseerde DEd.-proefskrif.)

Lewinsky, H. 1941. The nature of shyness. British Journal of Psychology, vol. XXXII (2), October 1941, p. 105-113.

Liebert, R.M. & Spiegler, M.D. 1990. Personality: strategies and issues. 6th ed. Pacific Grove: Brooks/cole.

Lindgren, H.C. & Byrne, D. 1975. Psychology: an introduction to a behavioral science. Fourth ed. New York: John Wiley.

Lloyd, M.A. 1985. Adolescence. New York: Harper & Row.

Madge, R. 1990. Cattell se faktoranalitiese model van persoonlikheid. In: Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl, geredigeer deur Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., Johannesburg: Lexicon, 1990, p. 306-332.

Maier, H.W. 1969. Three theories of child development. Revised ed. New York: Harper & Row.

Maier, H.W. 1985. Eriksonian theory of human development. International Encyclopedia of Education, vol. 3, 1985, p. 1703-1705.

Mandel, N.M. & Shrauger, J.S. 1980. The effects of self-evaluative statements on heterosocial approach in shy and nonshy males. Cognitive Therapy and Research, vol. 4(4), 1980, p. 369-381.

Maslow, A.H. 1970. Motivation and personality. 2nd. ed. New York: Harper.

Maslow, A.H. 1972. The farther reaches of human nature. New York: Viking Press.

Maslow, A.H. 1987. Motivation and personality. 3rd. ed. Geredigeer deur McReynolds, C. New York: Harper & Row.

Massey, R.F. 1981. Personality theories. Comparisons and syntheses. New York: D. Van Nostrand.

McCall, G.J. 1987. Self-concept and interpersonal communication. In: Interpersonal processes: new directions in communication research, edited by Roloff, M.E. & Miller, G.R., London: SAGE, p. 63-73.

McFarland, R. 1988. Coping through self-esteem. New York: The Rosen.

McKinney, F. 1960. Psychology of personal adjustment. 3rd ed. New York: John Wiley.

Meyer, W.F. 1990. Persoonlikheid. In: Inleiding tot die psigologie, geredigeer deur Louw, D.A., Johannesburg: Lexicon, 1990, p. 97-135.

Meyer, W.F. 1990a. Personologie. In: Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl, geredigeer deur Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., Johannesburg: Lexicon, 1990, p. 1-17.

Meyer, W.F. 1990b. Die holistiese teorie van Gordon Allport. In: Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl, geredigeer deur Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., Johannesburg: Lexicon, 1990, p. 342-371.

Meyer, W.F. 1990c. Die egosielkundige teorie van Erikson. In: Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl, geredigeer deur Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., Johannesburg: Lexicon, 1990, p. 153-175.

Miller, N.B. & Silverman, L. K. 1987. News in Educational Psychology. Roeper Review, vol. 9(4), May 1987, p. 221-225.

Mills, C.J. 1981. Sex roles, personality, and intellectual abilities in adolescents. Journal of Youth and Adolescence, vol. 10(2), 1981, p. 85-112.

Mitchell, C.E. 1986. Facilitating the not-so-trivial pursuit of identity in adolescence. The School Counselor, vol. 33(4), 1986, p. 259-264.

Monteith, J.L. de K., Postma, F. & Scott, M. 1988. Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent. Pretoria: Academia.

Moore, C. 1990a. Die humanistiese benadering. In: Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl, geredigeer deur Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., Johannesburg: Lexicon, 1990, p. 335-340.

Moore, C. 1990b. Die selfaktualiseringsteorie van Abraham Maslow. In: Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl, geredigeer deur Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., Johannesburg: Lexicon, 1990, p. 374-392.

Moore, C. 1990c. Die selfkonsepteorie van Carl Rogers. In: Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl, geredigeer deur Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., Johannesburg: Lexicon, 1990, p. 394-418.

Morgan, C.T. 1961. Introduction to psychology. New York: McGraw-Hill.

Mulder, J.C. 1989. Statistiese tegnieke in opvoedkunde. Pretoria: HAUM.

Mussen, P.H., Conger, J.J., Kagan, J. & Huston, A.C. 1984. Child development and personality. 6 th ed. New York: Harper & Row.

Newman, J. 1985. Adolescents: why they can be so obnoxious. Adolescence, vol. 20(79), Fall 1985, p. 635-646.

Oosthuizen, J.D. 1985. Oriënterende oorsig van die doelstellings en aard van skoolvoorligting. In: Skoolvoorligting (B.Ed.) Studiegids 1 vir OSV401-P (Spesialisering in skoolvoorligting), geredigeer deur Oosthuizen, J.D., Wiechers, E. & Petrick, H.C., Pretoria: Unisa, 1985, p. 1-18.

Petrick, H.C. 1985. Die toerusting van die voorligtingonderwyser as opvoeder. Pretoria: Unisa.

Pilkonis, P.A. 1977. The behavioral consequences of shyness. Journal of Personality, vol. 45(4), 1977, p. 596-611.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. 1986. Psigologiewoordeboek. Johannesburg: McGraw-Hill.

Pretorius, J.W.M. 1992. Opvoeding en persoonlikheidsontwikkeling. In: Temas in die Sosio-pedagogiek, geredigeer deur Le Roux, J., Pretoria: Van Schaik, 1992, p. 21-48.

Protinsky, H. 1988. Identity formation: a comparison of problem and nonproblem adolescents. Adolescence, vol. 23(89), Spring 1988, p. 67-72.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 1980. Die persoonlikheidsteorie van Cattell. Pretoria: RGN.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 1981. Handleiding vir die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV). Pretoria: RGN.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 1989. 'n Samevatting van die bestaande kennis in verband met die primêre persoonlikheidsfaktore wat deur die Persoonlikheidsvraelys vir Kinders (PVK), die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV) en die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys (16-PF) gemeet word. Pretoria: RGN.

RGN. Kyk Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Rasmussen, J.E. 1964. Relationship of ego identity to psychosocial effectiveness. Psychological Reports, vol. 15, 1964, p. 815-825.

Rice, F.P. 1984. The adolescent. Development, relationships and culture. 4th ed. Boston: Allyn & Bacon.

Rogers, C. 1961. On becoming a person: a therapist's view of psychoterapy. London: Constable.

Rogers, C. 1965. Client-centered therapy: its current practice, implications and theory. Boston: Houghton Mifflin.

Rogers, C. 1989. Carl Rogers on personal power. London: Constable.

Rosenfeld, A., Siegel-Gorelick, B., Haavik, D., Duryea, M., Wenegrat, A., Martin, J. & Bailey, R. 1984. Parental perceptions of children's modesty: a cross-sectional survey of ages two to ten years. Psychiatry, vol. 47(4), November 1984, p. 351-365.

Sarafino, E.P. & Armstrong, J.W. 1980. Child and adolescent development. Glenview: Scott Foresman.

Schave, D. & Schave, Barbara. 1989. Early adolescence an the search for self: a developmental perspective. New York: Praeger.

Shantall, H.M. 1990. Die eksistensiële teorie van Victor Frankl. In: Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl, geredigeer deur Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., Johannesburg: Lexicon, 1990, p. 445-462.

Stander, C. 1981. Teorieë oor persoonlikheidsontwikkeling. In: Die ontwikkelende volwassene, deur Gerdes, L.C., Ochse, R., Stander, C. & Van Ede, D., Durban: Butterworth, p. 49-68.

Stander, C. & Ochse, R. 1981. Die selfkonsep en identiteit. In: Die ontwikkelende volwassene, deur Gerdes, L.C., Ochse, R., Stander, C. & Van Ede, D., Durban: Butterworth, p. 69-86.

Stires, L.K. & Jones, E.E. 1969. Modesty versus selfenhancement as alternative forms of ingratiation. Journal of Experimental, Social Psychology, vol. 5(2), 1969, p. 172-188.

Stone, D.L. 1986. Relation between introversion/extraversion, values regarding control over information, and perceptions of invasion of privacy. Perceptual and Motor Skills, vol. 62(2), 1986, p. 371-376.

Swanepoel, C.H. 1990. Belangstelling: 'n voorwaarde vir identiteitsvorming. Educare, vol. 19(1) & 19(2), 1990, p.97-102.

Van den Aardweg, E. M. & Van den Aardweg, E.D. 1988. Dictionary of empirical education/educational psychology. Pretoria: E & E Enterprises.

Vander Kolk, C.J. 1985. Introduction to group counseling and psychotherapy. Columbus: Charles E. Merrill.

Van der Westhuÿsen, T.W.B. & Schoeman, W.J. 1990. Ontwikkelingpsigologie. In: Inleiding tot die psigologie; geredigeer deur Louw, D.A., Johannesburg: Lexicon, 1990, p. 191-240.

Van Dyk, E. 1990. Motivering en opvoeding: 'n sin van eiewaarde en die gevolge van mislukking. Onderwysbulletin, 2(2), Desember 1990, p. 20-30.

Verklarende Afrikaanse Woordeboek. 1977. Pretoria: Van Schaik.

Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 1984. Johannesburg: Perskor.

Viljoen, H.G. 1990a. Die analitiese teorie van Carl Jung. In: Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl, geredigeer deur Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., Johannesburg: Lexicon, 1990, p. 79-101.

Viljoen, H.G. 1990b. Die sosiaal-georiënteerde psigoanalitiese teorieë. In: Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl, geredigeer deur Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G., Johannesburg: Lexicon, 1990, p. 122-152.

Vrey, J.D. 1979. Die opvoedeling in sy selfaktualisering. Pretoria: Unisa.

Waksman, S.A. 1984. Assertion training with adolescents. Adolescence, vol. 19(73), Spring 1984, p. 123-130.

Weizmann, F. 1977. Learning theory, personality, and the S-R paradigm. In: Handbook of modern personality theory, edited by Cattell R.B. & Dreger, R.M., New York: Hemisphere, p. 377-388.

Wilde, G.J.S. 1977. Trait description and measurement by personality questionnaires. In: Handbook of modern personality theory, edited by Cattell R.B. & Dreger, R.M., New York: Hemisphere, p. 69-103.

Wilkerson, J., Protinsky, H.O., Maxwell, J.W. & Lentner, M. 1982. Alienation and ego identity in adolescents. Adolescence, vol. 17(65), Spring 1982, p. 133-139.

Youniss, J. & Smollar, J. 1985. Adolescent relations with mothers, fathers and friends. Chicago: University of Chicago.

**BYLAE A**

| PRIMêRE HSPV-FAKTORE | |
|---|---|
| Faktor A | |
| Lae telling (-A)<br>(Staneges 1; 2; 3) | Hoë telling (+A)<br>(Staneges 7; 8; 9) |
| TERUGGETROKKENHEID<br><br>Krities<br>Staan by sy eie idees<br>Koel, afsydig<br>Presies, objektief<br>Wantrouig, skepties<br>Stram, rigied<br><br>Koud<br>Geneig om nukkerig te wees | HARTLIKHEID<br><br>Goedgeaard, sorgeloos<br>Bereid tot samewerking<br>Gee aandag aan mense<br>Saghartig<br>Vertrouend<br>Aanpasbaar, sorgeloos, werk saam<br>Warmhartig<br>Lag geredelik |
| Faktor B | |
| Lae telling (-B)<br>(Staneges 1; 2; 3) | Hoë telling (+B)<br>(Staneges 7; 8; 9) |
| MINDER INTELLIGENT<br>(Dom)<br><br>Lae verstandsvermoë<br>Nie in staat om abstrakte probleme te hanteer nie | MEER INTELLIGENT<br>(Slim)<br><br>Hoë verstandsvermoë<br>Vertoon insig, leer vinnig<br>intellektueel aanpasbaar |

| Faktor C<br><br>Lae telling (-C)<br>(Staneges 1; 2; 3) | Hoë telling (+C)<br>(Staneges 7; 8; 9) |
|---|---|
| DEUR GEVOELENS BEÏNVLOED<br>(Egoswakheid)<br><br>Emosioneel minder stabiel<br>Raak maklik ontstel, veranderlik<br>Raak emosioneel by frustrasie<br>Veranderlik in houdings en belangstellings<br>Maklik verward<br>Ontwyk verantwoordelikhede<br>Kommervol<br>Raak betrokke in rusies en probleemsituasies | EMOSIONEEL STABIEL<br>(Egosterkte)<br><br>Emosioneel stabiel, volwasse<br>Realisties, kalm<br>Emosioneel volwasse<br>Stabiel, bestendig in belangstellings<br>Standvastig<br>Verantwoordelik<br>Bedaard, onverstoord<br>Vertoon selfbeheersing en vermy moeilikheid |
| Faktor D<br><br>Lae telling (-D)<br>(Staneges 1; 2; 3) | Hoë telling (+D)<br>(Staneges 7; 8; 9) |
| FLEGMATISME<br><br>Terughoudend, oorwoë, onaktief, swaarwigtig<br>Onverstoorbaar, gelate<br>Oorbeskeie<br>Besadig<br>Nie maklik jaloers nie<br>Op die agtergrond<br>Egalig<br>Rustig | PRIKKELBAARHEID<br><br>Veeleisend, ooraktief, onbeheersd<br>Ongeduldig<br>Aandagtrekkerig, pronkerig<br>Prikkelbaar<br>Geneig tot jaloesie<br>Selfgeldend, selfingenome<br>Maklik verward<br>Tekens van senuagtigheid |

| Faktor E<br><br>Lae telling (-E)<br>(Staneges 1; 2; 3) | Hoë telling (+E)<br>(Staneges 7; 8; 9) |
|---|---|
| ONDERDANIGHEID<br><br>Gehoorsaam, saggeaard, maklik gelei<br>Volgsaam, inskiklik<br>Onderdanig<br>Afhanklik<br>Bedagsaam, diplomaties<br>Uitdrukkingsvol<br>Konvensioneel, konformerend<br>Maklik deur gesag ontstel<br>Nederig | DOMINANSIE<br><br>Selfgeldend, aggressief<br><br>Mededingend, koppig<br>Aanmatigend, selfversekerd<br>Onafhanklik<br>Streng, vyandig<br>Ernstig<br>Onkonvensioneel, opstandig<br>Eiewys<br>Wil bewonder word |
| Faktor F<br><br>Lae telling (-F)<br>(Staneges 1; 2; 3) | Hoë telling (+F)<br>(Staneges 7; 8; 9) |
| SOBERHEID<br><br>Sober, swygsaam<br>Ernstig, besorgd, nadenkend<br>Stil, introspektief<br>Kommervol<br>Terughoudend, verkleef aan innerlike waardes<br>Stadig, versigtig | ENTOESIASME<br><br>Entoesiasties, sorgeloos<br>Onbesorgd<br>Spraaksaam<br>Opgewek<br>Openhartig, ekspressief, weerkaats die groep<br>Vinnig, wakker |

| Faktor G | |
|---|---|
| Lae telling (-G)<br>(Staneges 1; 2; 3) | Hoë telling (+G)<br>(Staneges 7; 8; 9) |
| OPPORTUNISME<br>(Lae superegosterkte)<br><br>Aanvaar nie morele standaarde nie, verontagsaam reëls, opportuun<br>Wispelturig, onbestendig<br>Ligsinnig<br>Gemaksugtig<br>Traag, lui<br>Onbetroubaar<br>Verontagsaam verpligtinge teenoor mense | PLIGSGETROUHEID<br>(Hoë superegosterkte)<br><br>Pligsgetrou, volhardend, moralisties, stemmig<br><br>Volhardend, vasberade<br>Verantwoordelik<br>Emosioneel gedissiplineerd<br>Deurgaans ordelik<br>Konsensieus, pligsgetrou<br>Neem morele standaarde en reëls in ag |
| Faktor H | |
| Lae telling (-H)<br>(Staneges 1; 2; 3) | Hoë telling (+H)<br>(Staneges 7; 8; 9) |
| SKAAM-/SKUGTERHEID<br><br>Bedees, terughoudend, voel maklik bedreig<br>Teruggetrokke<br>Ingetoë in teenwoordigheid van teenoorgestelde geslag<br><br>Emosioneel versigtig<br>Word maklik verbitterd<br>Beheersd, reëlgebonde<br>Beperkte belangstellings<br><br>Versigtig, bedagsaam, sien gou gevaar | WAAGHALSIGHEID<br><br>Sosiaal vrypostig, dikvellig<br><br>Ontmoet graag mense<br>Aktief, openlike belangstelling in teenoorgestelde geslag<br>Deelnemend, hartlik<br>Vriendelik<br>Impulsief<br>Emosionele en kunssinnige belangstellings<br>Onbekommerd, sien nie gevaartekens nie |

| Faktor I<br><br>Lae telling (-I)<br>(Staneges 1; 2; 3) | Hoë telling (+I)<br>(Staneges 7; 8; 9) |
|---|---|
| ONTOEGEEFLIKHEID | TEERHARTIGHEID |
| Verwerp illusies | Fyngevoelig, afhanklik, oorbeskerm |
| Onsentimenteel, verwag min | Rusteloos, verwag liefde en aandag |
| Selfstandig, neem verantwoordelikheid | Aanhanklik, onveilig, soek hulp |
| Hard (selfs sinies) | Saggeaard, toegeeflik teenoor self en andere |
| Min kunssinnige responsies | Kunsinnig, kieskeurig, geaffekteerd, teatraal |
| Onaangetas deur verbeeldingsvlugte | Verbeeldingryk in innerlike lewe en gesprekke |
| Handel op praktiese, logiese grond | Handel op sensitiewe intuïsie |
| Hou by die punt | Aandagsoekend, wegdwalend |
| Bekommer nie oor fisieke gebreke nie | Hipochondries, bekommerd oor self |
| Faktor J<br><br>Lae telling (-J)<br>(Staneges 1; 2; 3) | Hoë telling (+J)<br>(Staneges 7; 8; 9) |
| LEWENSLUSTIGHEID | VERSIGTIG-INDIVIDUALISME |
| Hou van groepaktiwiteite | Nadenkend, innerlik beheersd |
| Hou van aandag | Behoedsaam, in homself gekeer |
| Versink persoonlikheid in groepsonderneming | Nousiende en bemoeisiek |
| Lewenskragtig | Neurasthenies vermoeid |
| Aanvaar algemene standaarde | Evalueer ongevoelig |

| Faktor O | |
|---|---|
| Lae telling (-O)<br>(Staneges 1; 2; 3) | Hoë telling (+O)<br>(Staneges 7; 8; 9) |
| SELFVERSEKERDHEID | BEVREESDHEID |
| Kalme toereikendheid<br>Rustig, geborge<br>Selfvoldaan, bedaard<br>Vol selfvertroue<br>Opgeruimd, lewenskragtig<br>Sonder berou<br>Opportuun<br>Ongevoelig vir mense se goed- of afkeuring<br>Gee nie om nie<br>Grof, lewenskragtig<br>Geen vrese<br>Geneig tot eenvoudige handeling | Geneigdheid tot skuldgevoelens<br>Selfverwytend, onveilig<br>Kommervol, besorgd<br>Angstig<br>Neerslagtig, huil maklik<br>Liggeraak, buierig<br>Sterk pligsgevoel<br>Gevoelig vir mense se goed- of afkeuring<br>Nougeset, puntenerig<br>Hipochondries, ontoereikend<br>Fobiese simptome<br>Eensaam, peinsend |
| Faktor Q2 | |
| Lae telling (-Q2)<br>(Staneges 1; 2; 3) | Hoë telling (+Q2)<br>(Staneges 7; 8; 9) |
| SOSIAAL GROEPAFHANKLIKHEID<br><br>Groepafhanklik<br>Aanhanger en goeie volgeling | SELFGENOEGSAAMHEID<br><br>Vindingryk<br>Verkies eie besluite |
| Faktor Q3 | |
| Lae telling (-Q3)<br>(Staneges 1; 2; 3) | Hoë telling (+Q3)<br>(Staneges 7; 8; 9) |
| ONBEHEERSDHEID<br>(Lae selfsentimentintegrasie)<br><br>Laks<br>Volg eie aandrange<br>Verontagsaam sosiale reëls | BEHEERSDHEID<br>(Sterk selfsentiment)<br><br>Sterk wilskrag, sosiaal korrek<br>Kompulsief<br>Gedissiplineerd |

| Faktor Q4<br><br>Lae telling (-Q4)<br>(Staneges 1; 2; 3) | Hoë telling (+Q4)<br>(Staneges 7; 8; 9) |
|---|---|
| ONTSPANNENHEID<br>(Lae ergiese spanning)<br><br>Rustig ongefrustreerd<br>Traag, kalm | GESPANNENHEID<br>(Hoë ergiese spanning)<br><br>Aangedrewe, gefrustreerd<br>Oorspanne, prikkelbaar |